**’n Onderwysregtelike perspektief op regsaanspreeklikheid van onderwyser-afrigters in skolerugby**

Roché Marx

12866075

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis in Onderwysreg aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit.

Studieleier: Prof. JP Rossouw
Medestudieleier: Mnr. A Karstens

April 2013

**DANKBETUIGINGS**

Hiermee betuig ek my opregte dank teenoor die volgende persone:

- My studieleiers, prof. JP Rossouw en mnr. Kassie Karstens. U ondersteuning en leiding gedurende hierdie studie was van groot waarde. Ek bedank elkeen van u vir u opoffering en tyd wat aan die studie afgestaan is.
- My vrou, Nicolene, vir al haar ondersteuning en aanmoediging gedurende die studie.
- My ouers vir al julle ondersteuning en woorde van aanmoediging.
- Spesiale dank aan my moeder, Christel, en my suster, Wilmari, wat teen die einde gehelp het met die taalversorging en formulering, asook Geraldine met die vertaling van die opsomming uit Afrikaans in Engels.
- Dr. Ia Esterhuizen vir haar taalversorging van die verhandeling. U beskikbaarheid word opreg waardeer.
- Prof Casper Lessing vir die bekwame nagaan van die bibliografie.
- Al my kollegas en vriende wat my ondersteun het en begrip getoon het vir die tyd wat aan die studie afgestaan is.

Die volgende instansies wil ek graag bedank:

- Die NWU-PUK Rugby-instituut, in besonder vir mnre. Mervyn Taylor en Kassie Karstens, vir die geleentheid wat my gebied is om my nagraadse studie te kon aanpak.
- Die Nasionale Navorsingstigting (NNS/NRF) vir die beurs wat bygedra het tot die befondsing van die studie, as deel van die navorsingsprojek *Educator security and educator rights in a changing education environment* (Projekleier: prof. JP Rossouw.)

As die belangrikste van alles en almal, bedank ek my Hemelse Vader wat my in 2001 ’n tweede geleentheid gegun het. Sonder sy Liefde en Genade sou dit nie moontlik gewees het om die studie te kon voltooi nie. Alle eer aan God.

**OPSOMMING**

**’n Onderwysregtelike perspektief op regsaanspreeklikheid van onderwyser-afrigters in skolerugby**

Skolerugby is een van die belangrikste sportsoorte in talle Suid-Afrikaanse openbare skole. Die kompetisie tussen skole word jaarliks al hoe strawwer weens die groot aantal toernooie wat gedurende vakansietye plaasvind en die landswye bevordering van interskoolreekse. Onderwysers as afrigters vir die skolespanne het nie net ’n groot verantwoordelikheid om kompeterend te wees nie, maar ook om na die veiligheid van die skolerugbyspelers om te sien.

Volgens data van die Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds is 13 van die 36 spelers wat tussen 2001 en 2010 spinaalverwante beserings opgedoen het, tans kwadrupleë. Statistiek toon dat ernstige rugbybeserings onder skolespelers begin toeneem het – die veiligheid van skolerugbyspelers kom dus hierdeur in die gedrang. Dit sluit aan by die sentrale tema van hierdie studie, naamlik opvoedersekuriteit. Die onderwyser-afrigter se sekuriteit word grootliks beïnvloed deur die veiligheid van die skolerugbyspeler, aangesien opvoeders ‘n regsplig het ten opsigte van leerderveiligheid.

Die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) het die voorbeeld begin volg van ander rugbyspelende lande deur ’n veiligheidsprogram vir rugby bekend te stel. BokSmart is in 2009 deur SARU geloods in samewerking met die Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds. Dié veiligheidsprogram is daargestel om afrigters op te lei in die nuutste metodes rakende vaardighede en tegnieke om veiligheid in rugby te bevorder. In hierdie studie word soortgelyke rugbykursusse ontleed en bespreek om te bepaal watter effek die programme het met betrekking tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit as opvoeder. Om die effek beter te verstaan, word deliktuele aanspreeklikheid bespreek, asook ’n inleiding verskaf tot die Suid-Afrikaanse regstelsel.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, onderwyswetgewing en ander wetgewing met verwysing na die regsaanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter

asook die veiligheid van die skolerugbyspeler word bespreek. Voorts word die toepassing van die deliktereg ook bespreek.

Die empiriese ondersoek behels ’n kwalitatiewe studie om die persepsies van die onderwyser-afrigters rakende hulle sekuriteit te bepaal en te interpreteer. Indien ’n onderwyser-afrigter regsaksies in die gesig staar, kan dit ’n negatiewe invloed op sy werkslewe en loopbaan hê. Daar is gefokus op die onderwyser-afrigters van hoërskoolspanne, terwyl skoolhoofde en sportorganiseerders ook hul insette gelewer het. Bevindings is aangebied op grond van ‘n analise van die ingesamelde data. Twee prominente bevindings is dat onderwyser-afrigters nie almal goed bekend is met die regsaspekte betreffende hul eie sekuriteit en spelers se veiligheid nie, en dat daar veral ’n behoefte bestaan om meer kennis op te doen rakende deliktuele aanspreeklikheid soos toegepas op rugbyafrigting.

Sleutelbegrippe:

sekuriteit, veiligheid, onderwysreg, onderwyser-afrigter, skolerugbyspeler, skolerugby, wetgewing, onderwyswetgewing, regsaanspreeklikheid, deliktuele aanspreeklikheid, handeling, onregmatigheid, skuld, skade, rugbybesering, rugby-veiligheidsprogramme.

**SUMMARY**

**An Education Law perspective on the legal liability of educator-coaches in school rugby**

School rugby is one of the most popular sports within numerous South-African public schools. Each year competition gets tougher as a result of the increase in tournaments during school holidays and the nationwide promotion of interschool tournaments. Educators as coaches of school teams carry the responsibility to not only pursue competitiveness, but also care for the safety of the school rugby players.

Between 2001 and 2010, 13 of 36 players that obtained spinal related injuries ended up as quadriplegic, according to data from the Chris Burger/Petro Jackson Players' Fund. Statistics show that serious rugby related injuries amongst school rugby players have increased, thus compromising the safety of the rugby player. These statistics add to the central theme of this study, namely educator security. Educator-coaches' security is greatly influenced by the safety of the school rugby player.

The South African Rugby Union (SARU) proceeded to follow the example of other rugby playing countries by implementing a rugby safety program. BOKSMART was launched in 2009 in conjunction with the Chris Burger/Petro Jackson Players Fund. The rugby safety program is implemented for coaches to guide them with the latest methods regarding skills and techniques for the enhancement of safer rugby. During this study similar rugby programs will be analysed and discussed to determine the effect these programs has on educator-coach safety. To understand the effect more clearly, delictual liability is discussed which is connected to an introduction of the South African legal system.

The Constitution of the Republic of South Africa, education legislation and other legislation with regards to the security of the educator-coaches' and the safety of the school rugby player is discussed. A discussion regarding the application of the law of delict is also included.

During the empirical research a qualitative research method is used to determine and interpret the perceptions of educator-coaches regarding their security. If an educator-

coach is confronted with legal actions, it can have a negative effect on his worklife and career. Focus is placed on educator-coaches of high school teams, while principals and sport organisers also gave their input on the subject. Findings are presented based on an analysis of the data gathered. Two important findings stood out, namely that all educator-coaches are not well acquainted with the legal aspects regarding player safety and educator-coach's security and secondly, that there is a need to gain more knowledge regarding delictual liability, as applied to rugby coaching.

Key concepts:
Security, safety, education law, educator-coach, school rugby player, schools rugby, legislation, education legislation, legal liability, delictual liability, act, wrongfulness, damage, fault, rugby injury, rugby safety programmes.

## VERKLARING: TAALVERSORGER

Hiermee verklaar ek, Maria Esterhuizen, dat die Afrikaanse gedeelte (teksverwysings en bibliografie uitgesluit) van hierdie studie deur my taalkundig versorg is. Ek is ’n geakkrediteerde Afrikaans teksredigeerder.

SAVI-nommer: 1001372

# ETIEKKLARING

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-4900
Faks: (018) 299-4910
Web: http://www.nwu.ac.za

**Ethics Committee**
Tel +27 18 299 4850
Fax +27 18 293 5329
Email Ethics@nwu.ac.za
2012/10/22

**ETHICS APPROVAL OF PROJECT**

This is to certify that the next project was approved by the NWU Ethics Committee:

**Project title :** 'An education law perspective on educator rights and educator security within a changing education environment

**Project leader:** Prof JP Rossouw
**Student on project:** NM Bartlette & R Marx

**Ethics number:** **NWU-00018-11-A2**

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

**Expiry date:** 2016/03/17

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance.

The formal Ethics approval certificate will be sent to you as soon as possible.

Yours sincerely

Me.Marietjie Halgryn
*NWU Ethics Secretariate*

**’n Onderwysregtelike perspektief op regsaanspreeklikheid van onderwyser-afrigters in skolerugby**


**DANKBETUIGINGS ........ ii**

**OPSOMMING ........ iii**

**SUMMARY ........ v**

**VERKLARING: TAALVERSORGER ........ vii**

**ETIEKKLARING ........ viii**

**LYS VAN FIGURE ........ xiii**

**1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSONTWERP ........ 1**

1.1 Inleiding en probleemstelling ........ 1
1.2 Teoretiese raamwerk ........ 3
1.2.1 Wetgewing ........ 3
1.2.2 Regspraak ........ 4
1.2.3 Die gemene reg ........ 5
1.3 Navorsingsvrae ........ 7
1.4 Navorsingsdoelstellings en -doelwitte ........ 8
1.5 Navorsingsontwerp en –metodologie ........ 8
1.5.1 Literatuurstudie ........ 9
1.5.2 Empiriese ondersoek ........ 9
1.5.3 Geldigheid en betroubaarheid ........ 15
1.5.4 Etiese aspekte ........ 15
1.5.5 Toestemming ........ 16
1.6 Hoofstukindeling ........ 16
1.7 Bydrae tot die navorsingsveld en die praktyk ........ 17

**2 HOOFSTUK 2: REGSDETERMINANTE VIR DIE REGSAANSPREEKLIKHEID VAN DIE ONDERWYSER-AFRIGTER IN SKOLERUGBY ..................................... 19**

2.1 Inleiding ........................................................................................19
2.2 Die Suid-Afrikaanse reg....................................................................19
2.2.1 Bronne van die Suid-Afrikaanse reg ..............................................20
2.3 Statutêre determinante vir die Suid-Afrikaanse reg ............................22
2.3.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika ...............................23
2.3.2 Onderwysspesifieke wetgewing ........................................................25
2.3.3 Kinderwet ....................................................................................29
2.3.4 Ondergeskikte wetgewing ..............................................................30
2.4 Gemeenregtelike elemente vir deliktuele aanspreeklikheid ...................31
2.4.1 Inleiding .....................................................................................31
2.5 Elemente van deliktuele aanspreeklikheid ..........................................34
2.6 Handeling ........................................................................................35
2.6.1 Aard en kenmerke van ’n handeling ..................................................35
2.7 Onregmatigheid ................................................................................36
2.8 Skuld ..............................................................................................38
2.8.1 Inleiding .....................................................................................38
2.8.2 Opset ..........................................................................................38
2.8.3 Nalatigheid ..................................................................................39
2.9 Kousaliteit ......................................................................................42
2.9.1 Vorme van kousaliteit ...................................................................43
2.10 Skade ............................................................................................45
2.10.1 Vermoënskade ...........................................................................45
2.10.2 Persoonlikheidsnadeel .................................................................47
2.11 Samevatting ...................................................................................49

**3 HOOFSTUK 3: TEORETIESE UITEENSETTING VAN REGSAANSPREEKLIKHEID IN SKOLERUGBY .................................................. 50**

3.1 INLEIDING ......................................................................................50
3.2 Afrigtingskursusse ...........................................................................53
3.2.1 IRB-Vlak 1-afrigtingskursus ............................................................54
3.2.2 Kursusse en die sekuriteit van die onderwyser-afrigter..........................55

3.2.3 Implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter ........................ 61
3.3 Rugbyveiligheidsprogramme ........................ 62
3.3.1 Rugby Ready-program ........................ 63
3.3.2 BokSmart ........................ 67
3.3.3 Implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter ........................ 71
3.4 Rugbyreëls ........................ 71
3.4.1 IRB-rugbyreëls ........................ 73
3.4.2 Implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter ........................ 80
3.5 Samevatting ........................ 81

**4 HOOFSTUK 4: NAVORSINGSONTWERP EN DATA-ANALISE ........................ 83**

4.1 Inleiding ........................ 83
4.2 Navorsingsontwerp ........................ 83
4.2.1 Inleiding ........................ 84
4.2.2 Kwalitatiewe navorsingsmetodologie ........................ 84
4.3 Navorsingsprosedure ........................ 85
4.3.1 Meetinstrument ........................ 85
4.3.2 Steekproef ........................ 86
4.4 Etiese oorwegings ........................ 89
4.5 Metodes van empiriese ondersoek ........................ 91
4.5.1 Die individuele onderhoud ........................ 91
4.5.2 Datagenerering en -analise ........................ 93
4.6 Geldigheid en betroubaarheid ........................ 94
4.6.1 Geldigheid ........................ 94
4.6.2 Betroubaarheid ........................ 94
4.7 Data-analise ........................ 96
4.7.1 Wetgewing ........................ 99
4.7.2 Regsaanspreeklikheid ........................ 106
4.7.3 Skolerugby ........................ 110
4.7.4 Sekuriteit as deurlopende tema ........................ 116
4.8 Samevatting ........................ 117

**5 HOOFSTUK 5: BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS 118**

5.1 Inleiding ....118
5.2 Bevindings en gevolgtrekkings ....119
5.2.1 Wetgewing ....120
5.2.2 Regsaanspreeklikheid....124
5.2.3 Skolerugby ....127
5.3 Aanbevelings....130
5.3.1 Wetgewing ....130
5.3.2 Regsaanspreeklikheid....131
5.3.3 Skolerugby ....132
5.4 Aanbevelings vir verdere navorsing....133
5.5 Beperkings van hierdie navorsing....133
5.6 Samevatting ....134

**Addendum A .... 136**

**Addendum B .... 137**

**Addendum C .... 139**

**Addendum D .... 140**

**Addendum E .... 145**

**Bibliografie.... 148**

**Lys van hofsake.... 155**

LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1: Die vyf elemente van 'n delik ... 6

Tabel 2.1: Bronne van die Suid-Afrikaanse reg ... 20

Tabel 2.2: Oorspronklike en ondergeskikte wetgewing ... 22

Tabel 2.3: Vermoënskade en nie-vermoënskade ... 48

Tabel 4.1: Vorme van kwalitatiewe data-insameling ... 85

Tabel 4.2: Seleksie van deelnemers ... 88

Tabel 4.3: Stappe tydens onderhoudvoering ... 92

Tabel 4.4: Groepe, kategorieë en temas ... 97

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Onregmatigheid en nie-nakoming van 'n plig ... 37

Figuur 2.2: Opset ... 39

Figuur 2.3: Skade ... 46

Figuur 3.1: Spelbeginsels ... 66

Figuur 4.1: Data-analiseproses ... 98

# HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSONTWERP

## 1.1 Inleiding en probleemstelling

Vanaf 1986 tot 1995 het rugbybeserings in skole met 60,8% afgeneem (Lourens, 1995:15). Lourens (1995:15) wys op die navorsing van dr. Jan Nel, ’n vakspesialis in Bewegingsontwikkeling, wat toon dat die afname onder meer te danke is aan beter afrigting en groter fiksheid. In teenstelling hiermee is dit kommerwekkend dat negentien professionele en skolerugbyspelers ongeveer tien jaar later, gedurende Januarie tot Augustus 2006, ernstige beserings opgedoen het: drie van die betrokkenes is oorlede en vyf ander is permanent verlam. Elf van dié negentien beserings is in skolewedstryde opgedoen (Jordaan & Steenkamp, 2006:2).

Volgens Van Zyl (2008:9) het 15 spelers in 2005 en 17 in 2006 beserings opgedoen wat gewissel het van permanente verlamming tot nekbeserings. Laasgenoemde kon met operasies herstel word. Volgens verwerkte data van die Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds is 13 van die 66 skolerugbyseuns wat tussen 2001 en 2010 spinaalverwante beserings opgedoen het, tans kwadrupleë (BokSmart, 2010:2). Beyers (2003:3) berig dat prof. Tim Noakes, hoof van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad se ”*Exercise Science and Sports Medicine Research Unit”*, reeds vroeër beklemtoon het dat beroepsrugby al hoe gevaarliker raak, aangesien spelers al hoe harder met mekaar kontak maak. Kinders volg dié voorbeeld na, hoewel hulle nie altyd groot, sterk of fiks genoeg daarvoor is nie (Beyers, 2003:3). Byna 20 skolerugbyspelers doen elke jaar op Suid-Afrikaanse velde ernstige nekbeserings op, en as gevolg hiervan is daar al hoe meer organisasies wat hulle daarvoor beywer om voorkomend op te tree (Van Zyl, 2008). Reeds in 1989 berig Terblanche (1989:7) van ’n nasionale plan wat benodig word vir die voorkoming en vermindering van ernstige rugbybeserings. Die besluit is in 1989 deur die rugby-owerhede geneem dat alle betrokke partye – afrigters, onderwysdepartemente, skoolhoofde en onderwysers, skeidsregters, medici en noodhulpdienste, en ook die skoolseuns self – by die plan betrek moet word, alhoewel die maatreëls nie afdwingbaar was nie (Terblanche, 1989:7).

Hierdie inisiatief het eers veel later vrugte afgewerp. SABC-Nuus (2009) het berig dat die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) in 2009 in samewerking met die Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds ’n nasionale rugbyveiligheidsprogram, BokSmart, geloods het. Met die program word daarna gestreef om die rugbygemeenskap toe te rus met vaardighede om katastrofiese beserings te voorkom en omsigtiger met beserings te werk te gaan wanneer dit plaasvind (SABC-Nuus, 2009). Australië en Nieu-Seeland het ’n soortgelyke program wat as RugbySmart bekend staan, en as gevolg van die program het daar gedurende 2005 en 2006 geen beserings in Australië voorgekom waar ’n speler verlam of dood is nie (Van Zyl, 2008:9). In Nieu-Seeland het die RugbySmart-program in net een jaar nekbeserings tot met 40% verminder (SABC-Nuus, 2009). Vanaf Januarie 2011 mag geen wedstryd in Suid-Afrika georganiseer word as die afrigter en wedstrydbeampte nie BokSmart-gesertifiseer is nie (Sportredaksie, 2010). Dié reëling is ook van toepassing op skole – alle afrigters en beamptes op skoolvlak moet daarvolgens as BokSmart-gesertifiseer wees en die maatreëls, in teenstelling met die situasie van 1989 (Terblanche, 1989:7), is hierdie keer wel afdwingbaar.

Die huidige studie vind vanuit ’n onderwysregtelike perspektief plaas. Na die implementering van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996), is daar ’n groeiende bewustheid van hoe belangrik landswette is. Dit is hoofsaaklik as gevolg daarvan dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap vir die eerste keer onder ’n grondwet funksioneer wat die hoogste reg in die land is. Die “oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg” word in art. 1 van die Grondwet verklaar. Die implikasie hiervan is dat elke landsburger, buitelander, staatsdepartement, skool, sportvereniging en ook die parlement deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika gebind word (Rossouw, 2005). Hieruit kan afgelei word dat die skole en afrigters insgelyks onderhewig is aan die Grondwet en ander landswette. Daarom is dit nodig om ’n regsraamwerk te skets, bestaande uit wetgewing en regspraak wat die probleem van katastrofiese beserings in skolerugby ter sprake bring en behoort te voorkom, vóórdat die probleem sy verloop tot in ’n hof neem.

## 1.2 Teoretiese raamwerk

In die volgende gedeelte word die wetgewing, regspraak en die gemene reg bespreek.

### 1.2.1 Wetgewing

Die Staat het nie net ’n plig, soos genoem in artikel 29(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996), om aan elkeen basiese onderwys te voorsien nie. Die Staat het ook ’n sorgsaamheidsplig om die kind te beskerm teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering in enige faset van die skoolprogram, insluitende sportafrigting, soos bepaal word in artikel 28(1)(d). Indien die onderwyser-afrigter wat in diens is van ’n skool of die Staat ’n speler op ’n skadelike wyse van sy reg op beskerming ontneem as gevolg van onoordeelkundige persoonlike kontak of ’n nalatige benadering tot afrigting, bestaan die moontlikheid dat die onderwyser-afrigter regsaanspreeklik gehou kan word. In so ’n geval bepaal artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet dat die Staat die aanspreeklikheid dra, op voorwaarde dat die skade tydens ’n skoolaktiwiteit berokken is.

Die indiensneming van ekstra opvoeders en nie-opvoeders word bepaal deur artikel 20(4) en (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996). Hiervolgens kan ’n openbare skool poste vir opvoeders en nie-opvoeders instel en hulle in diens neem, bykomstig tot die diensstaat deur die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal, ingevolge artikel 3(1) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (76/1998). Dit gee aan skoolbeheerliggame die mag om afrigters aan te stel, mits die afrigter wat in diens geneem word, voldoen aan die vereistes wat gestel word vir indiensneming by openbare skole, soos artikel 20(6) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) stipuleer.

Artikel 3(3)(a) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (76/1998) bepaal dat die Minister die werkgewer is van alle opvoeders in diens van die Departement van Onderwys. ”Die aanstelling en vergoeding van opvoeders deur ’n beheerliggaam dra die goedkeuring van die Staat weg, soos in Artikel 20(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) bepaal word en dit is tot voordeel en hulp van die Staat in sy opvoedingsfunksie.” (Pretorius, 2009) Die opvoeders en nie-opvoeders kan as

afrigters in diens wees van ’n openbare skool. Wanneer ’n persoon in hierdie hoedanigheid deur die skool aangestel word teen vergoeding om vir ’n seisoen lank hulp te verleen by ’n skoolaktiwiteit, word hy of sy as ’n werknemer van die skool geag, maar streng gesproke nie as ’n opvoeder nie.

### 1.2.2 Regspraak

In *Louw en ’n Ander v LUR vir Onderwys en Kultuur, Vrystaat, en ’n Ander* (2006 4 All SA 282 O) (hierna: *Louw v LUR, Vrystaat*) het ’n personeellid in diens van die openbare skool verpligte swemaktiwiteite aangebied. Gedurende ’n sekere swemaktiwiteit het ’n leerder byna verdrink en in die proses ernstige breinskade opgedoen. Die opvoeder wat toesig gehou het, was nie ’n werknemer van die Staat nie en is dus ook nie deur die Staat vergoed nie, maar wel deur die betrokke openbare skool. Die hof het bevind dat opvoeding in ’n openbare skool ’n staatsverantwoordelikheid is met die implikasie dat die Wetgewer die Staat verantwoordelik hou, ingevolge artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, vir skade of verlies wat veroorsaak is as gevolg van ’n daad of versuim wat voortspruit uit ’n skoolaktiwiteit by ’n openbare skool (Pretorius, 2009). Dit dui aan dat die Staat nog steeds verantwoordelik gehou kan word al is ’n persoon nie ’n werknemer van die Staat (departementele aanstelling) nie. Dit beteken dat, indien ’n beheerliggaam-aanstelling of onderwyser-afrigter wat deur die skool vergoed word skade of verlies veroorsaak, die Staat nog steeds verantwoordelik gehou kan word op grond van die feit dat dit tydens ‘n skoolaktiwiteit gebeur het.

Die Appèlhof het in *Hawekwa Youth Camp v Byrne* (615/2008) [2009] ZASCA 156 (27 November 2010) ’n skadevergoedingseis aan ’n leerder toegestaan teen die Minister van Onderwys vir ’n besering wat die leerder opgedoen het tydens ’n skooluitstappie. Die persoon wat na die seuns moes omsien, was ’n ”volunteer bungalow parent”, mnr. Moosa Raise, wie se dogter die groep vergesel het. Die Staat is egter aanspreeklik gehou as gevolg van die nalatigheid van die opvoeders in beheer (SAOU, 2010). ”Skole, sportafrigters en onderwyspersoneel moet opnuut weer kennis neem van hoe streng die toets vir nalatigheid deur die howe toegepas word” (SAOU, 2010).

Na die uitspraak in die saak *Hawekwa Youth Camp v Byrne* is die volgende opmerking in die SAOU-Nuusflits gemaak (SAOU, 2010): "Dit is daarom noodsaaklik dat skole weer eens moet seker maak dat persone wat aangewys word as sportafrigters op hoogte moet wees van die korrekte afrigtingsmetodes om ernstige beserings te voorkom." Die voorgaande is 'n aanduiding daarvan dat skole en sportafrigters moontlik nie op hoogte is van die belangrikheid van proaktiewe optrede nie en dat 'n geval soortgelyk aan *Hawekwa Youth Camp v Byrne* dus weer kan opduik.

### 1.2.3 Die gemene reg

Om regsaanspreeklikheid te vermy, moet skole stappe doen om beserings te probeer voorkom. Opvoeders sowel as nie-opvoeders wat as rugbyafrigters aangewys word, moet aan vereistes voldoen, soos gestel word in artikel 20(6) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996). BokSmart-opleiding is een van die vereistes wat SARU aan alle provinsiale rugbyunies gestuur het om op hul beurt na die skole te stuur. Die skool neem dus die verantwoordelikheid om te voldoen aan die vereistes wat daargestel is om veiligheid in skolerugby te bevorder. Indien die skool nie aan die vereistes gehoor gee nie kan die Staat in terme van artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) in die plek van 'n openbare skool aanspreeklik gehou word.

Voordat iemand regsaanspreeklik gehou kan word, moet daar eers aan sekere vereistes voldoen word. Die deliktereg in sport word soos volg omskryf: "Under the law of delict an injured player or spectator can claim compensation for physical, psychological and financial damage caused by an injury attributable to the intentional or negligent conduct of a player or official*."* (Basson & Loubser, soos aangehaal deur Rossouw, 2005:31.)

'n Delik bestaan uit vyf elemente, naamlik handeling, onregmatigheid, skuld, kousaliteit en skade (Neethling & Potgieter, 2010:4). "Al vyf vereistes of elemente moet aanwesig wees alvorens die gewraakte daad as 'n delik aangemerk kan word. Ontbreek enige een (of meerdere) van hierdie elemente, is daar van 'n onregmatige

daad, en bygevolg van aanspreeklikheid, nie sprake nie." (Neethling & Potgieter, 2010:4.)

Tabel 1.1: Die vyf elemente van 'n delik

| Element | Beskrywing |
| --- | --- |
| 1. Handeling | "…dat een persoon (die dader) skade of nadeel aan 'n ander persoon (die benadeelde) veroorsaak het deur middel van 'n daad of handeling. Onder handeling as delikselement word verstaan 'n willekeurige menslike doen of late." (Neethling & Potgieter, 2010:27). Burchell (2007:23) voeg by dat, om deliktuele aanspreeklikheid te vestig, die handeling van 'n persoon vrywillig moet wees. |
| 2. Onregmatigheid | Kleyn en Viljoen (2010:139) noem dat, om as onregmatig gereken te word, 'n "handeling verrig (moet) word in stryd met 'n verbod van die reg." Indien 'n speler 'n ander met opset beseer deur duidelike reëls te breek, sal die aksie as onregmatig beskou kan word. "Benadeling moet ten minste ook op 'n onregmatige, dit wil sê op 'n regtens ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak word… Die handeling moet met ander woorde sodanige nadelige gevolg veroorsaak het. 'n Handeling kan deliktueel onregmatig wees slegs as dit 'n feitelike, individuele belange-aantasting tot gevolg het." (Neethling & Potgieter, 2010:35-36). |
| 3. Skuld | In die praktyk omvat skuld twee vorme, naamlik "opset (*dolus*) en nalatigheid (*culpa* in die enge sin)". Toets vir skuld is "in die vorm van nalatigheid objektief van aard" (Neethling & Potgieter, 2010:133). Burchell (2007:30) sluit hierby aan en bevestig dat skuld opsetlik of as gevolg van nalatigheid is. |
| 4. Kousaliteit | Neethling en Potgieter (2010:185) wys daarop dat "die veroorsaking van skade deur 'n handeling, oftewel 'n kousale verband tussen handeling en skade", 'n element van 'n delik |

| | |
|---|---|
| | is. "'n Persoon kan dus nie aanspreeklik wees as sy of haar optrede nie die skade veroorsaak het nie. 'n Kousale verband is iets wat eenvoudig (feitelik) bestaan of nie bestaan nie." (Neethling & Potgieter, 2010:185). " 'n Kousale verband word vereis tussen die beskudigde se optrede (byvoorbeeld die speler se opsetlike oortreding van die reëls) en die opponent se besering (Kleyn & Viljoen, 2010:143). |
| 5. Skade | "Skade is die nadelige inwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die reg as beskermingswaardig ag. Net nadele in verband met "beskermde vermoëns- of persoonlikheidsbelange" word gereken as skade (Neethling & Potgieter, 2010:224). Hieruit kan afgelei word dat wat gebeur het, 'n skade of 'n verlies vir persoon moes veroorsaak het. |

Dit is belangrik dat al vyf die bostaande elemente teenwoordig moet wees vir 'n deliksaksie om te slaag. Indien die eiser nie daarin slaag om al vyf elemente te bewys nie, kan die verweerder nie aanspreeklik gehou word nie.

Met hierdie probleemstelling en konseptuele raamwerk as agtergrond, het 'n aantal navorsingsvrae na vore gekom.

## 1.3 Navorsingsvrae

Die oorkoepelende vraag van hierdie navorsing is wat die aard van regsaanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in skolerugby is.

Die volgende sub-vrae kan dus gestel word:

- Watter onderwysregtelike bepalings en beginsels ten opsigte van die veiligheid in skolerugby geld vir die onderwyser-afrigter, die skool en die Staat?
- Op watter wyse word die gemeenregtelike beginsels rakende deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter toegepas in gevalle waar leerders beseer word?
- Op watter wyse dra die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls by tot die onderwyser-afrigter se wetlike sekuriteit?

- Op watter wyse dra die skoolhoof, beheerliggaam en sportorganiseerder by tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter?
- Hoe kan die onderwyser-afrigters en skole proaktief optree om regsaanspreeklikheid sowel as beserings in skolerugby te verminder?

## 1.4 Navorsingsdoelstellings en -doelwitte

Die oorkoepelende doel van hierdie navorsing is 'n ondersoek na die aard van die regsaanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in skolerugby.

Ter bereiking van die oorkoepelende doel, word die volgende doelwitte vir die studie gestel:

- Om vas te stel watter onderwysregtelike bepalings vir die onderwyser-afrigter, die skool en die Staat ten opsigte van die veiligheid in skolerugby moet geld.
- Om vas te stel op watter wyse die gemeenregtelike beginsels rakende deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in gevalle van beserings aan leerders toegepas word.
- Om te bepaal op watter wyse die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls bydra tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit.
- Om te bepaal op watter wyse die skoolhoof, beheerliggaam en sportorganiseerder bydra tot die bevordering van die onderwyser-afrigter se sekuriteit.
- Om te bepaal watter optrede van die onderwyser-afrigter en skole regsaanspreeklikheid in skolerugby sowel as beserings in skolerugby kan verminder.

## 1.5 Navorsingsontwerp en –metodologie

Die bespreking wat volg, sluit 'n uiteensetting in rakende die literatuurstudie, empiriese ondersoek, geldigheid en betroubaarheid van die navorsing, etiese aspekte en die toestemming wat gepaardgaan met die navorsing.

### 1.5.1 Literatuurstudie

’n Literatuurstudie sal uitgevoer word om ondersoek in te stel na faktore wat lei tot die nalatigheid van die rolspelers in skolerugby wat ernstige beserings tot gevolg kan hê, asook na moontlike proaktiewe optredes om nalatigheid te beperk. Die rolspelers in skolerugby sluit die onderwyser-afrigter, skoolhoof, organiseerder en beheerliggaam in.

Die volgende bronne is gebruik vir die literatuurstudie:

- Wetgewing: Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, onderwysspesifieke en algemene wetgewing, asook regulerende rugbyafrigtingsdokumentasie.
- Gemene reg: Die deliktereg.
- Hofsake: My LexisNexis en JUTA-soekenjins.
- Artikels: Google-soekenjin, EBSCOhost WEB en ISI *Web of knowledge*.
- Rugbyreëls.
- Bestaande rugbyafrigtingsmateriaal van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie.
- Groenboek van Luiperds Hoërskole Rugbyvereniging.
- *Power of Prevention*-programme se dokumentasie wat deur die Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds beheer word.

Sommige trefwoorde en konsepte wat gebruik is, sluit beserings in skolerugby, skrums, rugbyreëls, nekbeserings, nalatigheid, regsaanspreeklikheid in sport, rugbyveiligheid, junior sport, en al hierdie terme se Engelse ekwivalente in.

### 1.5.2 Empiriese ondersoek

#### 1.5.2.1 Navorsingsparadigma

Dit is die navorser se taak om die geskikste navorsingsparadigma te bepaal waarbinne dan ’n gepaste navorsingsmetodologie gevind kan word ten einde aan die gestelde navorsingsvraagstuk te kan voldoen (Mouton & Marais, 1988:147). Daarom is die verkenning van die filosofie van navorsing belangrik voordat op ’n navorsingsmetodologie besluit kan word. Easterby-Smith *et al.* (1997:48) identifiseer

drie redes hoekom hierdie verkenning van belang is met verwysing na navorsingsmetodologie:

- Eerstens kan dit die navorser help om te spesifiseer watter navorsingsmetode in ’n betrokke studie gebruik gaan word. Dit sluit die volgende in: die tipe inligting wat verkry gaan word, die oorsprong van die inligting, die manier waarop dit geïnterpreteer gaan word en hoe dit help om die navorsingsvrae te beantwoord.
- Tweedens sal kennis van die navorsingsfilosofie die navorser in staat stel en help om die verskillende metodologieë en metodes te evalueer sodat inligting wat onvanpas en onnodig is, geïdentifiseer kan word.
- Derdens kan dit die navorser moontlik help om kreatief en innoverend te wees in die keuse van ’n metode wat voorheen onbekend aan die navorser was.

Die empiriese ondersoek behels ’n kwalitatiewe studie om die persepsies van die onderwyser-afrigters se sekuriteit te bepaal. ”Groups of researchers working within a current system of beliefs, i.e. a paradigm, do not often cross the borders of that system” (Boeije, 2010:6). Met ander woorde, navorsers werk binne die sisteem waaraan hulle glo, naamlik een van die paradigmas. Voorbeelde van die paradigmas word deur Hogarty *et al.* (1999:3), Henning *et al.* (2004:16), asook Babbie en Mouton (2006:20) weergegee as die positivistiese/post-positivistiese, die interpretatiewe (of fenomenologiese) en die kritiese (of neo-Marxistiese) paradigma waarvan elkeen ’n spesifieke metodologiese raamwerk onderskryf.

In hierdie navorsing gaan die metodologie gebaseer word op ’n fenomenologies-interpretivistiese uitgangspunt. ’n Fenomeen is ’n verskynsel of ’n gebeurtenis en interpretivisties dui op ’n afleiding wat gemaak word deur iets te interpreteer (HAT, 2005:232;479). Dit beteken dat afleidings gemaak gaan word vanuit die data oor die verskynsel wat bestudeer word. In hierdie betrokke navorsing is die sekuriteit van rugbyafrigting in skolerugby die verskynsel en die afleidings word gemaak op grond van dokumente en onderhoude met die rolspelers, naamlik die skoolhoof, sportorganiseerder en onderwyser-afrigter.

#### 1.5.2.2 Navorsingsmetodologie

Mouton (2002:38-39) is van mening dat onderwysnavorsing van die kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsingsmetodologie, of ’n kombinasie van albei gebruik kan maak. In hierdie studie gaan gebruik gemaak word van kwalitatiewe navorsing.

Seidman (soos aangehaal deur Botha, 2001:14), beskryf kwalitatiewe navorsing deur daarop te wys dat onderhoude waardeur die ervarings van ander en die betekenis wat hulle daaraan heg, begryp kan word, die grondslag van kwalitatiewe navorsing is. Merriam (2009:38) identifiseer ses soorte kwalitatiewe navorsing:

- Kwalitatiewe gevallestudie (indiepte-analise van ’n begrensde stelsel).
- Fenomenologie (essensie van ’n ervaring).
- Etnologie (kultuur van ’n groep/veldwerk).
- Gegronde teorie (substantiewe teorie).
- Narratiewe analise (persone se stories).
- Kritiese kwalitatiewe navorsing (kritiek, uitdagend, transformeer, bemagtig).

Hierdie studie is vanuit ’n fenomenologiese oogpunt gedoen deur dat daar op onderwyser-afrigters se ervaring van gebeure gefokus word. Hierdie navorsingsontwerp is die mees geskikte omdat die studie daarop gemik is om die onderwyser-afrigters se essensie van ervaring te bepaal en te verstaan met betrekking tot sekere gebeure wat die sekuriteit van die onderwyser-afrigter mag beïnvloed. Die gebeure waarna verwys word, is onder meer rugbykursusse, beserings van skolerugbyspelers en die onderwyser-afrigters se kennis van regsbeginsels wat verband hou met hierdie ervaring van die onderwyser-afrigter.

Steekproefneming is een van die belangrike elemente van kwalitatiewe navorsing. Triangulasie word gebruik om die data wat ingesamel is, te toets vir betroubaarheid. Liversage (2003:56) wys daarop dat daar volgens Miles en Huberman (1994)

verskeie wyses van triangulasie is, naamlik verskillende databronne en verskillende data-insamelingsmetodes.

In hierdie studie waarin die kwalitatiewe navorsingsmetodologie gebruik sal word, het die navorser bepaal dat die geskikste navorsingsmetodes om data mee in te samel, onderhoude en dokumentontleding is omdat die navorser deur onderhoude die essensie van ervaring van die onderwyser-afrigter kon bepaal. Die dokumentontleding kon ‘n bydrae lewer rakende beleide, opleiding en ondersteuning wat die opvoeder se sekuriteit beïnvloed.

1.5.2.3 Studiepopulasie

”Sample selection in qualitative research is usually nonrandom, purposeful, and small, as opposed to larger, more random sampling in quantitative research” (Merriam, 2009:17).

In hierdie navorsing bestaan die steekproef uit afrigters vanuit ses skole wat as klein skole bestempel kan word, maar hulle word doelgerig gekies omdat rugby volgens die navorser se kennis in hierdie skole op alle ouderdomsvlakke gespeel word. Verder is die navorser goed bekend met die afrigters en rugby word as een van die hoofsportsoorte by die skole geklassifiseer. Die ses skole kom almal in die Noordwes-provinsie voor. Die persone met wie gepraat word, is vier persone per skool wat direk of indirek by die skool se rugbyafrigting betrokke is. Al die skole wat betrek word, neem gereeld aan rugby deel, hetsy liga- of vriendskaplike derbywedstryde, en is geaffilieer by die Luiperds-rugbyunie.

Persone met verskillende belange word betrek om sodoende meer as een belangegroep se siening te verkry. Die belangegroepe bestaan onder andere uit die hoof, die sportorganiseerder, die rugbyorganiseerder en ’n verskeidenheid onderwyser-afrigters. Dit beteken dat daar in die ses skole wat aan die navorsing deelgeneem het, met drie of vier persone onderhoude gevoer word: 23 onderhoude in totaal.

#### 1.5.2.4 Datagenerering en -analise

Die data word gegrond op ’n aantal opinies van die geïdentifiseerde persone waaruit afleidings gemaak is om bevindings te formuleer. Bevindings in die kwalitatiewe navorsingsmetode is ryklik beskrywend en kan aangebied word onder temas of binne kategorieë (Merriam, 2009:37). In hierdie studie het data-insameling deur middel van onderhoude en dokument-analise geskied. ’n Navorser is die primêre instrument vir die data-insameling en analisering (Merriam, 2009:15), en in die huidige studie het die navorser onderhoude gevoer en dokumente ontleed.

Onderhoude bied die geleentheid aan die navorser om die areas wat nie bloot geobserveer kan word nie, soos die onderhoudsgroep se gedagtes, waardes, vooroordele, persepsies, opinies, gevoelens en perspektiewe, te kan ondersoek (Wellington, 2000:72).

Die volgende aspekte rondom die sterk en swak punte van onderhoude as ’n kwalitatiewe data-insamelingsmetode word deur Botha (2001:14) weergegee:

1. Kwalitatiewe onderhoude is geskik om inligting oor menslike ervarings en gedrag te bekom.
2. Dit is grotendeels ongestruktureerd, om die deelnemers in perspektief te beskou.
3. Kwalitatiewe onderhoude kan ’n sensitiwiteit vir deelnemers en hul leefwêreld openbaar.
4. Dit kan met vrug saam met ander data-insamelingstegnieke gebruik word om vir die swak punte van ’n bepaalde tegniek of metode te kompenseer.
5. Data-insameling by wyse van kwalitatiewe onderhoude en die daaropvolgende data-analise is dikwels tydrowend, moeilik en duur.
6. Die aanname dat taal ’n goeie indikator van ’n mens se denke en gedrag is, is nie in alle gevalle korrek nie.

7. Kwalitatiewe onderhoude kan op wetenskaplikheid aanspraak maak aangesien dit vakmanskap vereis.

Onderhoude kan semi-gestruktureerd of gestruktureerd wees. Denscombe (2003:167) beskryf semi-gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude as punte op ’n kontinuum wat natuurlik heen en weer beweeg. Elke persoon is die kans gegun om sy of haar eie opinies te lug. Die onderhoude is aan die einde van die rugbyseisoen gevoer terwyl enkele spanne nog uitspeelrondtes betrokke was, en skole hulle hoofsaaklik in die aanvang van die krieketseisoen bevind het. Alle onderhoude is opgeneem sodat dit teruggespeel kan word en transkripsies verfyn kan word.

Triangulasie is gebruik word om die data wat in die onderhoude verkry is, te verifieer. Hierdie verifikasieproses vind plaas wanneer data vergelyk word met bestaande materiaal rondom ondersteuning en opleidingkursusse, veiligheidsmaatreëls asook die bepaling van deliktuele aanspreeklikheid. Hierdie aspek kan as ’n belangrike manier beskou word om die geloofwaardigheid van ’n studie te verhoog (Hall & Hall, 1996:210). Triangulasie is gepas binne kwalitatiewe navorsing aangesien dit die navorser help om komplekse ondersoeke beter uit te voer (Engelbrecht, 2009:117).

Die navorser het die analise van die data van ’n individu getoets met die opinies van ’n ander individu wat aan die data blootgestel was. Die individue wat betrek is, beskik oor kennis en vaardighede van die studieveld en bestaan uit persone wat praktykkennis en -ervaring het.

Verskeie dokumente wat waardevol kan wees in hierdie studieveld sal ook ontleed word as deel van die kwalitatiewe studie. Dokumente kan bestaan uit beleidsdokumente van die verskeie belangegroepe. Analisering van die data wat ingesamel word, behels die verdeling, selektering, filtrering, klassifikasie en kategorisering van die data (Wellington, 2000:136). Dit is gedoen om patrone en kategorieë te ontdek sodat die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings so akkuraat as moontlik kan wees.

### 1.5.3 Geldigheid en betroubaarheid

Babbie en Mouton (2006:119;123) definieer geldigheid en betroubaarheid soos volg: ”Reliability is a matter of whether a particular technique, applied repeatedly to the same object, would yield the same result each time. Validity refers to the extent to which an empirical measure adequately reflects the real meaning of the concept under consideration.” Hieruit word verstaan dat indien dieselfde tegniek meer as een keer toegepas word, die resultate van die ondersoek dieselfde sal wees, met ander woorde, betroubaar.

’n Navorser moet dieselfde tegniek herhaaldelik toepas wanneer onderhoude gevoer word en wedersydse vertroue is baie belangrik. Volgens Denscombe (2003:273;274) kan die betroubaarheid van ’n kwalitatiewe ondersoek verhoog word indien ’n duidelike opname van die volgende inligting beskikbaar is:

- Die doel van die navorsing en die basiese uitgangspunte.
- Die wyse waarop die navorsing onderneem is.
- Die rasionaal van die belangrikste besluite, byvoorbeeld die identifisering van die individue en samestelling van die onderhoudsgroepe wat in die huidige studie uit rolspelers in skolerugby, naamlik die onderwyser-afrigters, skoolhoofde en rugbyorganiseerders bestaan.

### 1.5.4 Etiese aspekte

Eties korrekte beoefening van wetenskaplike navorsing, in besonder navorsing wat menslike individue betrek, word beheer deur vier hoofbeginsels, naamlik outonomie, voordeligheid, nie-nadeligheid en geregtigheid. Hierdie beginsels vorm die basis van alle nasionale en internasionale etiese riglyne en beleide (NWU, 2010:31).

’n Navorser moet die deelnemers se keuse ten opsigte van anonimiteit en vertroulikheid respekteer (NWU, 2010:32). Toestemming is by die deelnemers verkry vir die onderhoude. Hulle is ook in kennis gestel dat die onderhoude opgeneem sou word vir transkripsie-doeleindes en ter wille van akkurate analises. Die bronne van

inligtingstukke word aangedui en inligting wat nie as eg beskou kan word nie, is nie gebruik nie.

Om die legitimiteit van eties korrekte optrede deur die navorser te verseker, is die etiese klaring van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe se etiekkomitee verkry voordat die empiriese studie ’n aanvang geneem het.

### 1.5.5 Toestemming

Die onderhoude wat gevoer is, was afhanklik van vereistes waaraan die navorser moet voldoen. Daarom moet die navorser die toestemming van die Noordwes-provinsie se Departement van Onderwys verkry. In die toestemmingsbrief is ’n kort beskrywing van die aard en doel van die navorsing, asook die skole wat betrek is, ter motivering voorsien.

## 1.6 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Probleemstelling, navorsingsdoelstellings en navorsingsontwerp

Hierdie hoofstuk sluit besprekings in van die elemente van die probleemstelling, die navorsingsdoelstellings en -ontwerp. Die keuse van die studiepopulasie, metodes van datagenerering en -analise, geldigheid en betroubaarheid, etiese aspekte en toestemming word bespreek.

Hoofstuk 2: Regsdeterminante vir sportreg in skole

In hierdie hoofstuk word die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, onderwysspesifieke en algemene wetgewing bespreek en aangedui hoe dit op die studietema van toepassing is. Die gemeenregtelike beginsels (veral ten opsigte van deliktuele aanspreeklikheid) en toepaslike hofsake word ook hier bespreek. Hoofstuk 2 bevat dus ’n regsraamwerk wat die teorie van die onderwerp behels.

Hoofstuk 3: ’n Teoretiese uiteensetting van regsaanspreeklikheid by skolerugby

Bestaande rugbyafrigtingsmateriaal is in hierdie hoofstuk bespreek, asook beleide en maatreëls ten opsigte van skolerugby en die veiligheid daarvan.

Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp en data-analise

Hierdie hoofstuk behels eerstens ’n teoretiese uiteensetting van die paradigma en navorsingsmetodologie wat gebruik is. Die analise van verskynsels wat in die skole waargeneem is tydens die studie, en die rapportering van die data wat tydens die onderhoude versamel is, word ook in hierdie hoofstuk weergegee.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

In hierdie hoofstuk word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak. Aanbevelings vir veiligheid in skolerugby wat kan dien as toekomstige riglyne word hier uiteengesit.

## 1.7 Bydrae tot die navorsingsveld en die praktyk

Hierdie navorsing vul ’n leemte in bestaande navorsing betreffende die raakpunte tussen sportafrigting in die onderwyskonteks, en die reg. Deur hierdie leemte te vul, kan die studie ’n bydrae lewer tot die korpus van kennis in die veld van die Onderwysreg, soos toegepas in die konteks van sportafrigting.

’n Bydrae tot die praktyk van rugbyafrigting word gemaak, veral betreffende opvoedersekuriteit. Die vasstelling van watter onderwysregtelike verpligtinge die onderwyser-afrigter en skool moet nakom, kan lei tot die bepaling van die kenmerke van ’n goeie ondersteuningsbasis vir die onderwyser-afrigter en leerder. Hieruit kan ons vasstel watter optrede regsaanspreeklikheid en beserings in skolerugby kan verminder.

Na die studie verwag die navorser dat seuns in die praktyk korrekte, veilige afrigting sal ontvang, op grond van werkswinkels vir afrigters en ander disseminasiemetodes waarmee die bevindings van die studie oorgedra sal word. Onderwyser-afrigters kan dan rugby en ander sporstsoorte afrig met die agtergrondkennis van die toets vir nalatigheid wat deur die howe toegepas word, en vir hulleself sowel as die deelnemers ’n groter mate van sekuriteit verseker. Sodanige opleiding kan moontlik tot minder katastrofiese beserings in skolerugby lei en individue kan ontwikkel word om hul volle potensiaal te bereik. Skole kan rugbyoefeninge en wedstryde veiliger aanbied deur gebruik te maak van die aanbevelings waarmee hierdie studie afsluit.

Uit hierdie studie sou dit moontlik wees om ’n regsraamwerk op te stel vir onderwysers wat met sportafrigting in die algemeen, en spesifiek met rugby, gemoeid is.

## HOOFSTUK 2: REGSDETERMINANTE VIR DIE REGSAANSPREEKLIKHEID VAN DIE ONDERWYSER-AFRIGTER IN SKOLERUGBY

### 2.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is aandag gegee aan die probleemstelling en hoe hierdie probleem ondersoek gaan word. In hierdie hoofstuk word gefokus op die determinante van regsaanspreeklikheid wat van toepassing is op die onderwyser-afrigter. Regsaanspreeklikheid behels dat 'n persoon aanspreeklik gehou word vir iemand wat skade gely het, as gevolg van eersgenoemde se nalatigheid.

Die doel van hierdie studie is om ingevolge die Suid-Afrikaanse reg vas te stel op watter wyse die gemeenregtelike beginsels rakende deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in gevalle van beserings aan leerders toegepas word, asook watter bepalings geld vir die onderwyser-afrigter, skool en die Staat ten opsigte van die veiligheid van die spelers.

Hierdie hoofstuk poog om antwoorde op die volgende vrae te verskaf:

- Wat is die reg waarna verwys word en hoe het die Suid-Afrikaanse reg ontstaan?
- Watter bronne bestaan daar binne die Suid-Afrikaanse reg?
- Hoe word deliktuele aanspreeklikheid toegepas?

### 2.2 Die Suid-Afrikaanse reg

Volgens Kleyn en Viljoen (2010:1) is daar al baie geskryf oor presies wat die reg is, maar geen enkele korrekte antwoord is nog gevind nie. Wat duidelik is, is dat die reg 'n samelewing voorveronderstel. Du Bois (2007:3) stel dit soos volg:. "The law provides reasons for acting in prescribed ways and holds people responsible to each other as well as to society at large, when they fail to comply with such reasons". Die beginsel dat 'n samelewing deur regsreëls beheers word, het later begin bekend staan as die "regstaat"-beginsel (Eng.: *rule of law*) (Kleyn & Viljoen, 2010:1). Die oppergesag van die Suid-Afrikaanse grondwet en die heerskappy van die reg in Suid-Afrika is reeds aangetoon. (par. 1.1).

Die reg is ’n normatiewe sisteem wat goed en sleg van mekaar onderskei. Verskeie norme beïnvloed ons lewens en bepaal ons gedrag, naamlik “godsdiens, individuele moraal en gemeenskapsedes” (Kleyn & Viljoen, 2010:3).

Thomas (2012:1) noem dat Suid-Afrika ’n gemengde regstelsel het. Die Suid-Afrikaanse reg het sy oorsprong hoofsaaklik vanuit die Romeins-Hollandse en die Engelse regstelsels. Volgens Kleyn en Viljoen (2010:38) is die suiwer Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika verder ontwikkel en aangepas, en het die Engelse reg in hierdie verband ’n groot rol gespeel. Daarom is dit meer gepas om na ons regstelsel as die ”Suid-Afrikaanse reg” te verwys.

### 2.2.1 Bronne van die Suid-Afrikaanse reg

Bronne verwys na plekke waar ons die reg kan vind. Oosthuizen *et al*. (2003:23) noem drie basiese bronne van die onderwysreg, naamlik: wetgewing, gemene reg en regspraak. Kleyn en Viljoen (2010:40) toon dat die Suid-Afrikaanse reg in die breë beskou ’n verskeidenheid bronne het, naamlik:

- Grondwet
- Wetgewing
- Regspraak
- Gemene reg
- Gewoontereg
- Inheemse reg
- Werke van moderne regskrywers.

Omskrywings van die bronne van die Suid-Afrikaanse reg word in die onderstaande tabel voorgestel, soos gemeld deur Kleyn en Viljoen (2010:41-95), en Oosthuizen *et al*. (2003:24-76).

Tabel 2.1: Bronne van die Suid-Afrikaanse reg

| **Bron** | **Omskrywing** |
|---|---|
| **Grondwet** | Die Grondwet is die hoogste gesag in Suid-Afrika. ”Dit impliseer gevolglik onder andere dat die Konstitusionele Hof aan die hand |

| | |
|---|---|
| | van die Grondwet die geldigheid van enige bepaling van enige ander Suid-Afrikaanse wet kan toets." (Oosthuizen *et al*., 2003:24-25.) |
| **Wetgewing** | "Wetgewing is regsreëls wat neergelê word deur 'n orgaan van die staat wat die bevoegdheid het om dit te doen. Hierdie reëls word skriftelik neergelê in wat bekend staan as 'wette'." (Kleyn & Viljoen, 2010:42.) |
| **Regspraak** | "Die regsprekende gesag vind neerslag in hofverslae." (Oosthuizen *et al*., 2003:69.) Kleyn en Viljoen (2010:60) voeg by dat howe instansies is "wat die reg daagliks moet toepas" en 'n uitspraak lewer. |
| **Gemene reg** | Gemene reg kan omskryf word "as die ongekodifiseerde regserfenis soos dit oorgeneem is uit die Romeins-Hollandse en Engelse reg en aangepas en ontwikkel is in die eiesoortigheid van die Suid-Afrikaanse regsmilieu en kultuur" (Oosthuizen *et al*., 2003:53). |
| **Gewoontereg** | "Gewoontereg is gewoonlik ongeskrewe reg. Dit is ingeburgerde gebruike waarvolgens mense lewe omdat hulle dit as die reg beskou."<br>Die volgende word as vereistes vir die vorming van gewoontereg gesien:<br>• "Die gewoonte moet reeds vir 'n lang tyd bestaan.<br>• Dit moet algemeen nageleef word deur die gemeenskap waarbinne dit geld.<br>• Dit moet redelik wees.<br>• Die inhoud en betekenis daarvan moet duidelik en seker wees." (Kleyn & Viljoen, 2010:89.) |
| **Inheemse reg** | "Die inheemse reg waarvolgens talle swart bevolkingsgroepe leef neem ook die vorm van ongeskrewe gewoontereg aan." (Kleyn & Viljoen, 2010:91.) |

| | |
|---|---|
| **Werke van moderne skrywers** | ”Talle akademici en ander regsgeleerdes skryf boeke en tydskrifartikels oor die reg. Dit is nuttige bronne om die reg in te vind. Hoewel hierdie menings nie bindende gesag het nie, kan dit soms oorredende krag hê.” (Kleyn & Viljoen, 2010:93.) |

## 2.3 Statutêre determinante vir die Suid-Afrikaanse reg

Wette of statute is regsreëls wat neergelê is deur die parlement, provinsiale wetgewers of munisipaliteite en dit reël en orden die samelewing. Artikel 43 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) bepaal dat in die Republiek berus die wetgewende gesag van die nasionale regeringsfeer by die Parlement, soos in artikel 44 uiteengesit. Artikel 43(b) bepaal dat die provinsiale regeringsfeer by die provinsiale wetgewers berus, en artikel 43(c) dui aan dat die plaaslike regeringsfeer by die Munisipale Rade berus. Openbare onderwys word in die praktyk ook op al drie vlakke aan hierdie wetgewing gebind.

Smit (2009:5) wys op drie kategorieë vir wetgewing, naamlik die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, oorspronklike wetgewing en ondergeskikte wetgewing. Voorbeelde van oorspronklike en ondergeskikte wetgewing word in Tabel 2.2 weergegee.

Tabel 2.2: Oorspronklike en ondergeskikte wetgewing

| **Oorspronklike wetgewing** | **Ondergeskikte wetgewing** |
|---|---|
| Wette van die Nasionale Parlement | Regulasies kragtens die nasionale wetgewing |
| Wette van die Provinsiale Parlement | Proklamasie en regulasies kragtens die provinsiale wetgewing |
| Munisipale Ordonnansies | Munisipale regulasies |

(Smit, 2009:5)

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verleen aan die parlement die bevoegdheid om wette te maak. Kleyn en Viljoen (2010:42) beklemtoon dat 'n parlement moet bestaan uit verteenwoordigers van die gemeenskap wat deur die gemeenskap gekies is, en dat daar ook laer instansies is wat ondergeskikte wetgewing kan uitvaardig, byvoorbeeld die verordeninge deur munisipaliteite. Oosthuizen *et al*. (2003:31) definieer oorspronklike wetgewing as oorspronklik in dié sin dat dit deur die oorspronklike gesag van 'n wetgewende liggaam (soos die parlement of provinsiale wetgewer) uitgevaardig word. Ondergeskikte wetgewing is, soos die naam impliseer, ondergeskik aan die parlementêre wet wat die magtiging verleen vir die uitvaardiging daarvan (Oosthuizen *et al*., 2003:35).

### 2.3.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Die grondwet van 'n land bevat daardie land se belangrikste reëls en wette, en bepaal ook die magte en funksies van die regering van 'n staat. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996), is op 4 Februarie 1997 amptelik in werking gestel (Oosthuizen *et al*., 2003:24). Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het 'n direkte invloed op wetgewing, in die sin dat wetgewing wat daarmee bots deur die howe ongeldig verklaar kan word (Kleyn & Viljoen, 2010:41).

#### 2.3.1.1 Oppergesag van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Artikel 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) bepaal dat die Grondwet die hoogste reg in Suid-Afrika is. Enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word."

#### 2.3.1.2 Regte

Artikel 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) bied beskerming vir alle mense in ons land se regte, en dit beteken dat die landsburgers deur hul regte beskerm word. Die waardes wat in artikel 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) beklemtoon word, is menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Elke onderwyser-afrigter en skolerugbyspeler kan aanspraak maak op hierdie waardes.

2.3.1.3 Toepassing van die reg

Artikel 8(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) bepaal dat die Handves van Regte van toepassing is op die totale reg. Howe moet ook die gemene reg toepas, ingevolge artikel 8(3)(a). In terme van artikel 8(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) is ’n regspersoon ook geregtig op die regte in die Handves van Regte. Die skool is een voorbeeld van ‘n regspersoon, en is wettiglik gemagtig om in regsake op te tree, kan ander resgpersone of natuurlike persone dagvaar, en kan gedagvaar word.

2.3.1.4 Omgewing

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) gee aan elkeen die reg om in ’n omgewing te wees “wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie”. Die omgewing waar die onderwyser-afrigter en skolerugbyspeler hulle sal bevind, is op daardie deel van die skoolterrein waar die rugbyvelde geleë is. Joubert en Prinsloo (2001:60) meen dat die opvoeders moet verwag dat daar moontlike gevaarsituasies vir die leerders is en die nodige stappe doen om te verhoed dat leerders seerkry, asook toesien dat veiligheid reg toegepas word. Na aanleiding van hierdie sienswyse behoort die onderwyser-afrigter op enige gegewe tyd op die skool se rugbyveld ’n gevaarsituasie te verwag. Die skool moet seker maak dat die rugbyveld self ’n veilige omgewing is om gevaarsituasies te minimaliseer vir die spelers se onderwyser-afrigter.

2.3.1.5 Kinders

Artikel 28 (1)(d) bepaal dat elke kind die reg het om teen “mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering” beskerm te word. Verder, volgens artikel 28(2) is ‘n kind se beste belang “van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak”.

Volgens Herselman (2006:15) is een van die doelwitte van artikel 28 (108/1996), om kinders te beskerm in situasies waar hulle kwesbaar is. Vanuit ’n rugbyafrigtingsoogpunt kan dus gevra word wanneer ’n deelnemer as kwesbaar beskou sou kon word. Kan dit wees wanneer die onderwyser-afrigter die kind nie

korrek afrig nie, veral vir posisies wat spesiale kundigheid van die afrigter en vaardigheid van die speler vereis? Die kind mag dalk kwesbaar wees wanneer hy teen ’n groter en sterker, korrek afgerigte teenstander moet skrum, terwyl hyself nie voldoende voorbereid of fisiek gekondisioneer is nie. Artikel 28 (2) bepaal dat die kind se beste belang te alle tye voorop gestel moet word. Die onderwyser-afrigter moet dus weet dat optrede in die beste belang van die kind nie net in wedstryde nie, maar ook tydens oefensessies ter sprake is. Wedstryde en oefensessies bestaan uit verskeie kontaksituasies waarin ’n kind ’n besering, soos harsingskudding, kan opdoen. Dit is nie in die kind se beste belang om aan te hou speel nie, ongeag die belangrikheid van die wedstryd. Die kind se besering kan vererger gedurende die wedstryd of oefensessie en daarom moet die onderwyser die kind nie verder op die veld toelaat nie.

Die HAT (2005:1067) omskryf ”sorg” as ”toesig, bewaking, oppassing”. ’n Kind het die reg op ouerlike toesig of bewaking, of gepaste alternatiewe toesig of bewaking, ook wanneer hy nie in die gesinsomgewing is nie. Almal wat by die skool betrokke is, moet as die kind in hul sorg gelaat word die gepaste alternatiewe toesig of bewaking bied. Wanneer die kind in ’n rugbyspan speel, is die onderwyser-afrigter van die betrokke span die aangewese persoon wat oor die kind moet toesig hou. Voorgaande is ’n voorbeeld van *in loco parentis* waar die onderwyser-afrigter in die plek van die kind se ouers optree. Artikel 28(3) verwys na die ouderdom van iemand wat as ’n kind geklassifiseer word. Dié ouderdom is volgens artikel 28(3) 18 jaar. Weens die reëls en regulasies op skoolvlak gebeur dit selde dat ’n skolerugbyspeler ouer as 18 jaar is. Hieruit kan ons aflei dat verreweg die meerderheid onderwyser-afrigters, spelers van 18 jaar en jonger afrig, wat volgens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika as kinders geklassifiseer word. Artikel 28 is dus op hulle van toepassing, en die skolerugbyspelers het gevolglik tydens hul deelname aan rugby onder die toesig van die onderwyser-afrigter, ’n reg op elkeen van die aspekte wat in die betrokke artikel vervat is.

### 2.3.2 Onderwysspesifieke wetgewing

Artikel 43 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) gee aan die parlement, provinsiale wetgewers of munisipaliteite wetgewende gesag. In hierdie

gedeelte word slegs verwys na wetgewing wat met die oog op onderwys deur die parlement uitgevaardig is.

2.3.2.1 Suid-Afrikaanse Skolewet

Die aanhef van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) bepaal die doelwitte van hierdie wet. Voordat die tersaaklike bepalings van die wet bespreek word, is dit belangrik dat die doelwitte genoem word omdat die wette daarvolgens opgestel is. Die belangrikste doelwitte lui soos volg:

I. Om onderwyswette van die vorige Suid-Afrikaanse bedeling te herroep;

II. Om ’n nuwe en ’n nasionale, eenvormige onderwysstelsel vir die organisasie, bestuur en finansiering van skole daar te stel;

III. Om eenvormige norme en standaarde vir die opvoeding van leerders in Suid-Afrikaanse skole daar te stel;

IV. Om sodanige onderwysstelsel op ’n nie-diskriminerende grondslag te plaas;

V. Om die verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse tale en kulture te beskerm en te bevorder.

Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) bepaal dat elke openbare skool ’n regspersoon is, wat beteken dat ’n openbare skool aanspreeklik gehou kan word vir skade wat op onregmatige wyse veroorsaak is. Artikel 60 (1)(a) bepaal egter:

> Behoudens paragraaf (b) is die Staat aanspreeklik vir enige deliktuele of kontraktuele skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skool-aktiwiteit wat deur ’n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel.

Die bepaling maak daarvoor voorsiening dat indien ’n opvoeder, byvoorbeeld ’n rugbyafrigter, by ’n openbare skool aanspreeklik bevind word, die Staat die aanspreeklikheid sal dra. In *Louw v LUR, Vrystaat* was ’n personeellid wat toesig gehou het by ’n swemaktiwiteit waar ’n leerder byna verdink het, nie in diens van die Staat nie, maar wel van die openbare skool. Die Staat is nogtans aanspreeklik gehou. Die onderwyser-afrigter wat nalatig bevind word, hetsy in ’n departementele of beheerliggaam-aanstelling, word dus ingesluit by die bogenoemde bepaling.

Artikel 20(4) (84/1996) wys daarop dat ’n openbare skool poste vir opvoeders kan instel en opvoeders in diens neem, terwyl artikel 20(5) (84/1996) bepaal dat ’n openbare skool poste vir nie-opvoeders kan instel en hulle in diens kan neem. Hierdie opvoeders, wat uiteraard die afrigters insluit, kan daarna staatmaak op die ondersteuning van die beheerliggaam. Artikel 20 (1)(a) bepaal dat die beheerliggaam die beste belange van die skool moet bevorder en poog om die ontwikkeling daarvan te verseker deur die voorsiening van gehalte-onderwys. Subartikel (1)(e) bepaal op sy beurt dat die beheerliggaam die prinsipaal, opvoeders en ander personeel van die skool moet ondersteun in die verrigting van hul professionele werksaamhede. Hieruit kan afgelei word dat die onderwyser-afrigters deur die beheerliggaam van die skool ondersteun behoort te word om hul taak as afrigters te verrig.

#### 2.3.2.2 Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO)

Hierdie wet bevat spesifieke bepalings wat kan dien om die verhouding tussen afrigters en deelnemers te reguleer. Rossouw en Keet (2011:22) konstateer dat die SARO se Professionele Etiese Kode, wat as ’n bylae dien tot die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, bepalings bevat wat van toepassing is op deliktuele aanspreeklikheid van die afrigter in skolesport, wat ’n sekuriteitsaangeleentheid is. Item 3.2 van die Kode bepaal dat ’n onderwyser ”die uniekheid, individualiteit en spesifieke behoeftes van elke leerder moet erken en daarvolgens leiding aan die leerder moet gee en hom/haar moet aanmoedig om sy of haar potensiaal te verwesenlik”. Verder wys Rossouw en Keet (2011:22) ook daarop dat Item 3.5 bepaal dat die onderwyser ”’n leerder nie fisies of psigologies moet mishandel nie”. Dit impliseer dat die onderwyser-afrigter nie ’n skolerugbyspeler liggaamlik of psigologies mag mishandel gedurende ’n oefening nie. Die onderwyser-afrigter kan

dit onregmatig doen wanneer hy byvoorbeeld ’n speler in ’n posisie laat speel waarvoor die speler nie fisiek gereed is nie, of ’n oefening laat doen wat die speler fisiek nie kan bemeester nie.

#### 2.3.2.3 Wet op die Indiensneming van Opvoeders

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (76/1998) se vernaamste doelstellings is om:

I. Voorsiening te maak vir diensvoorwaardes van opvoeders in diens van die staat;

II. Voorsiening te maak vir die regulering van aspekte soos aanstellings, bevorderings en sekondering van opvoeders;

III. Aspekte soos diensbeëindiging, onbekwaamheid en wangedrag by opvoeders te reguleer;

IV. Voorsiening te maak vir die statutêre fundering van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO).

Vanuit die doelstellings is dit duidelik dat die onderwyser-afrigter in die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (76/1998) meer inligting oor sy diensvoorwaardes met betrekking tot afrigting en aspekte rondom diensbeëindiging kan bekom. Die onderwyser-afrigter mag onseker wees of afrigting ’n verpligting is en wat die gevolge is indien hy onbekwaam is om af te rig.

Hoewel afrigting en ander ko-kurrikulêre aktiwiteite nie sentraal staan tot die aanstelling van opvoeders nie, kan daar wel redelikerwys van opvoeders verwag word om sodanige diens te lewer. In artikel 11(1)(d) word daarop gewys dat ’n werknemer ontslaan kan word ”weens ongeskiktheid vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of onvermoë om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer”. Die onderwyser-afrigter moet sy pligte op ’n bekwame wyse uitvoer. Indien die onderwyser-afrigter se pligte afrigting insluit, moet die onderwyser-afrigter die taak sodanig uitvoer dat dit nie bots met artikel 18(1)(e) wat bepaal dat ’n opvoeder wangedrag pleeg indien hy of sy ”in die uitvoering van sy of haar plig, sy of haar eie

lewe of die lewens van ander in gevaar stel deur gestelde veiligheidsreëls of regulasies te verontagsaam”.

### 2.3.3 Kinderwet

In Suid-Afrika bestaan daar ook wetgewing wat nie spesifiek onderwyswetgewing is nie, maar waarvan die opvoeder wel moet kennis neem. Sommige wette bevat bepalings wat indirek van toepassing is, en die Kinderwet (38/2005) is een voorbeeld hiervan.

Die Kinderwet (38/2005) word direk op die opvoeder van toepassing gemaak deur artikel 8(2) wat bepaal dat ”alle staatsorgane en hul amptenare, werknemers en verteenwoordigers die regte van die kind, soos bepaal in hierdie wet, moet beskerm en bevorder”.

Vir die opvoeder-afrigter is dit belangrik om te weet wat die regte is van die skolerugbyspeler tydens alle kontak met hom as persoon, asook in situasies waar die speler in sy sorg beseer word en mediese behandeling benodig. Volgens Joubert en Prinsloo (2001:112) moet ’n kind wat beseer word ”onmiddellike mediese aandag geniet”. Dieselfde skrywers is van mening dat die (destydse) Wet op Kindersorg (herroep deur die Kinderwet 38/2005), duidelike riglyne vir die opvoeder verskaf met betrekking tot die veiligheid van die leerders. Dit beteken dat indien ’n skolespeler tydens ’n oefening of wedstryd beseer is, die skolespeler dadelik mediese aandag moet geniet. Die onderwyser-afrigter kan byvoorbeeld nie die kind langs die veld laat sit totdat die ouers opdaag nie. Verder beteken dit dat duidelike riglyne aan die onderwyser-afrigters gegee moet word. Hierdie kwessie word in die empiriese komponent van die studie verder bespreek.

Dit kan dus as van groot belang beskou word dat elke onderwyser-afrigter bewus moet wees van riglyne met betrekking tot die veiligheid van die leerders wanneer dit verskaf word. Die riglyne kan ook deur middel van rugbykursusse aan die onderwyser-afrigters deurgegee word.

### 2.3.4 Ondergeskikte wetgewing

Ondergeskikte wetgewing is wetgewing wat op laer vlakke soos die provinsiale strukture geformuleer word, en ondergeskik is aan daardie parlementêre wette wat die nodige magtiging verleen vir die uitvaardiging van ondergeskikte wetgewing. Die vernaamste vorme van ondergeskikte wetgewing waarop afrigters ag moet slaan, is regulasies, proklamasies en skoolreëls.

#### 2.3.4.1 Regulasies

Regulasies is reëls wat op ’n behoorlike wyse deur ’n senior funksionaris uitgevaardig word om administratiewe aangeleenthede binne sy gesagsveld te reguleer (Oosthuizen *et al*., 2003:36).

Die volgende sake is voorbeelde van regulasies wat verband hou met skolerugby en is hoofsaaklik deur SARU saamgestel en versprei:

- Regulasies vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole.
- SARU-regulasies vir BokSmart se veiligheidswerkwinkels vir rugby.
- SARU-regulasies vir BokSmart se addendum tot veiligheidswerkwinkels vir rugby.
- SARU se dissiplinêre en geregtelike regulasies.
- SARU se anti-dwelmregulasies.
- SARU-regulasies vir onder-ouderdom-rugby.
- BokSmart-veiligheid in die speelomgewing.
- IRB-regulasies van die spel.

Hierdie regulasies waarna verwys word, is hoofsaaklik daargestel deur BokSmart om veiligheid in rugby te bevorder. Dit is daarom belangrik dat die onderwyser-afrigter ag slaan op die inhoud van hierdie dokumentasie omdat dit ’n invloed op sy sekuriteit

mag hê. Hierdie dokumentasie word in Hoofstuk 3 in besonderhede bespreek om die invloed daarvan op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter uiteen te sit.

#### 2.3.4.2 Skoolreëls

Volgens artikel 8(1-5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) moet die beheerliggaam van 'n skool, na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool, 'n gedragskode aanvaar. Die opvoeder moet homself vergewis van die beleide en skoolreëls van die betrokke skool waar hy onderrig, om hom sodoende in staat te stel om sy sorgsaamheidsplig uit te voer soos wetlik vereis word (Schouwstra, 2009:40). Elke skool het sy eie gedragskode, beleide en sportkodes waaraan die leerders asook opvoeders hulle onderwerp. Dit is belangrik dat die onderwyser-afrigter asook die leerders die sportkodes van die skool sal gehoorsaam. Dit kan bydra tot goeie dissipline wat deurgevoer kan word tot op die rugbyveld, deur die reëls te gehoorsaam en sodoende rugby veilig te hou.

## 2.4 Gemeenregtelike elemente vir deliktuele aanspreeklikheid

Die vyf elemente vir 'n delik word uiteengesit en van toepassing gemaak op die onderwyser-afrigter in die praktyk.

### 2.4.1 Inleiding

Oosthuizen *et al.* (2003:99) is van mening dat iemand wat op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel aan 'n ander veroorsaak, aanspreeklikheid vir skadevergoeding van die nadeel teenoor die benadeelde oploop. Die HAT (2005:149) omskryf "delik" as "'n strafbare misdaad en 'n onregmatige daad". McKerron (1971:1) wys reeds gedurende 1971 in vroeë Suid-Afrikaanse navorsing rakende aanspreeklikheid, daarop dat die term "delik" volgens die Romeins-Hollandse reg algemeen gebruik word om siviele sowel as kriminele onregmatige optrede in te sluit. Die deliktereg word beskou as 'n stelsel om diegene te vergoed wat deur die handeling van 'n ander benadeel is.

Loubser *et al.* (2010:4) verduidelik dat die deliktereg hoofsaaklik handel oor die omstandighede waarin een persoon vergoeding van 'n ander kan eis vir skade wat gely is. Regsaanspreeklikheid behels dat 'n persoon aanspreeklik gehou word vir

iemand wat skade gely het as gevolg van eersgenoemde se nalatigheid. Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) bepaal dat elke openbare skool ’n regspersoon is, met die wetlike bevoegdheid om sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet te verrig. Hieruit kan ons aflei dat die openbare skool as ’n regspersoon aanspreeklik gehou word, maar dit is ’n aanspreeklikheid wat in sekere gevalle deur die Staat oorgeneem word, ingevolge artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet. Rossouw en Keet (2011:23) wys daarop dat hierdie bepaling toegepas is in die saak van *MEC for Education and Culture, Free State v Louw* 2006 1 SA 192 HHA (sien par. 1.2.2).

Wanneer ’n skool of afrigter nalatig optree, kan die Staat regsaanspreeklik gehou word, net soos die skeidsregter aanspreeklik gehou is in *Smoldon v Whitworth and Nolan* (1997 PIQR P133) (hierna: *Smoldon v Whitworth*). In die voorgaande saak is bepaal dat ’n skeidsregter regsaanspreeklik gehou kan word weens sy nalatigheid om rugbyreëls toe te pas en omdat ’n speler gevolglik skade gely het. Die funksies van die deliktereg het sy rol vervul in hierdie saak deur ’n sterk boodskap uit te stuur na skeidsregters wat nalatig is.

#### 2.4.1.1 Funksies van die deliktereg

Loubser *et al.* (2010:8) beskou die funksies van die deliktereg soos volg:

- Vergoed vir skade wat gely is of ’n belang wat aangetas is;
- Beskerm sekere belange;
- Bevorder sosiale orde en kohesie;
- Handhaaf en versterk waardes;
- Verskaf sosiaal aanvaarbare kompromieë tussen botsende morele sienings;
- Ontmoedig die delikpleger om in die toekoms weer so op te tree en waarsku en ontmoedig ander om so op te tree.;
- Hertoewysing en verspreiding van skade.

Wat in hierdie verband veral op die onderwyser-afrigter en skolerugbyspeler van toepassing kan wees, is die aantasting van beskermde belange, byvoorbeeld die benadeling van geestesgesondheid in die vorm van pyn en lyding wat met liggaamlike besering verband hou. Wanneer ’n skolerugbyspeler ’n besering opdoen, is dit dus nie bloot benadeling van die liggaam nie. Die ontmoediging van die delikpleger om in die toekoms weer so op te tree, en waarskuwing en ontmoediging van ander om so op tree, is na die uitspraak in die Suid-Afrikaanse hofsaak, *Hattingh v Roux NO and Others (18650/07) [2011]* (hierna: *Hattingh v Roux*), van spesifieke belang. ’n Speler wat onwettige taktiek gebruik om ’n voordeel bo sy teenstander te bekom, maar sodoende die teenstander ernstig beseer, kry hieruit ’n ondubbelsinnige waarskuwing. Regter P.B. Fourie het bevind dat Hattingh op ’n oorwig van waarskynlikheid bewys het dat Roux ’n beweging met die kodewoord ”jack-knife” uitgevoer het, deur sy kop in die verkeerde kanaal van die skrum te plaas, en sodoende kontak gemaak het met Hattingh se kop en nek. Die betrokke beweging het die katastrofiese besering aan Hattingh se nek veroorsaak.

Die volgende opmerking is deur regter P.B. Fourie in die genoemde hofsaak gemaak, wat duidelik aandui dat die afrigter, skoolhoof en selfs die LUR geraak kan word deur so ’n besering in skolerugby:

> I should mention that the coach of the Stellenbosch team, as well as the principal of the Stellenbosch High School and the MEC: Education of the Western Cape Education Department, were initially joined as co-defendants in the action. At the commencement of the trail, I was informed that a settlement had been reached resulting in the withdrawal of the claim against these co-defendants.

Hieruit blyk duidelik dat die afrigter, skoolhoof en MEC aanvanklik mede-verweerders was, wat aandui dat hulle deur die eiser as aanspreeklik gehou is vir die insident.

#### 2.4.1.2 Remedies

Volgens Loubser *et al.* (2010:13) is vergoeding die gewone regsmiddel wanneer ’n delik gepleeg is. Dit wil sê, om vergoeding te eis vir die skade wat veroorsaak is, is

een remedie. ’n Ander voorbeeld van ’n remedie is ’n interdik waar ’n mens ’n bevel aanvra wat verhoed dat skade voortduur of dat dreigende skade plaasvind. Streng gesproke is ’n interdik nie ’n regsmiddel ingevolge enige van die aksies nie, omdat jy nie vergoeding wil hê nie, maar eerder skade wil verhoed (Loubser *et al.,* 2010:13-14). In die meeste van die gevalle, byvoorbeeld in *Hattingh v Roux* en *Smoldon v Whitworth*, word vergoeding (in geldwaarde) deur die eisers gevra. Voordat ’n remedie soos vergoeding verkry kan word, moet daar eers aan die vyf elemente van deliktuele aanspreeklikheid voldoen word (sien ook par. 1.2.3).

## 2.5 Elemente van deliktuele aanspreeklikheid

Die sistematiese benadering tot die oplossing van delikverwante probleme word deur Loubser *et al.* (2010:24) in die volgende vyf stappe saamgevat:

- Stap 1: Identifiseer die partye
- Stap 2: Hoofsaaklik feitgebaseerde beslissings
- Stap 3: Hoofsaaklik normatiewe beslissings
- Stap 4: Vasstelling van die remedie
- Stap 5: Verdeling van skadevergoeding

Die partye behoort te bestaan uit die Staat wat in die plek van die openbare skool en onderwyser-afrigter optree, die skoolhoof, die afrigter en die betrokke skolerugbyspeler. Die skeidsregter en noodhulpbeamptes wat op die dag aan diens was, mag moontlik ook betrokke wees.

Neethling en Potgieter (2010:8), asook Loubser *et al.* (2010:28) toon dat die Suid-Afrikaanse deliktereg op drie grondpilare berus, naamlik *Actio legis Aquiliae* (eis vir finansiële skade of skade wat kan lei tot finansiële verlies), *Actio iniuriarum* (optrede van beserings) en Germaanse remedie vir pyn en lyding.

Soos in par. 1.2.3 aangedui is, is die vyf fundamentele elemente van ’n delik handeling, onregmatigheid, kousaliteit, skuld en skade. Al vyf elemente moet bewys

word om ‘n beweerde onregmatige daad as ’n delik te kan beskou (Neethling & Potgieter, 2010:4). Hierdie elemente word vervolgens om die beurt bespreek.

## 2.6 Handeling

Gedrag wat die handelingselement kan uitmaak, sluit in: ’n positiewe fisieke daad, ’n positiewe verklaring of kommentaar, en ’n versuim om iets te sê of te doen (Loubser *et al.,* 2010:63).

### 2.6.1 Aard en kenmerke van ’n handeling

In die konteks van die studie kan ‘n handeling plaasvind wanneer die onderwyser-afrigter, skoolhoof of skolerugbyspeler nie binne die reëls en regulasies optree nie. ’n Handeling is dus byvoorbeeld wanneer ’n persoon soos die onderwyser-afrigter, skeidsregter of skolerugbyspeler skade of nadeel aan ’n skolerugbyspeler veroorsaak (direk of indirek) deur middel van ’n daad of handeling wat heel waarskynlik teen die reëls is, soos in *Hattingh v Roux* (sien par. 2.4.1.1).

Hieruit kan ons aflei dat ’n handeling ’n algemene vereiste is vir deliktuele aanspreeklikheid omdat dit die gebeurtenis is wat lei tot moontlike skade. Dit is ’n menslike handeling of late, en dit moet willekeurig geskied (Neethling & Potgieter, 2010:27). Sonder ’n handeling kan daar nie iets gebeur wat tot skade aanleiding gee nie. Die willekeurige handeling wat geskied, word deur Loubser *et al.* (2010:64) geïmpliseer as die vermoë om spierbeweging te rig of so ’n aktiwiteit te verhoed.

’n Daad (*commissio*) en ’n late (*omissio*) word albei as ’n handeling beskou. Loubser *et al.* (2010:67) verduidelik dat ’n positiewe daad ’n ”doen” genoem word, terwyl ’n versuim om op te tree, ’n late heet. In hierdie studie word in die eerste geval na ’n ”doen”, as ’n handeling of daad verwys, en in die tweede geval waar versuim ter sprake is, na ’n late. Hier moet spesifiek op daardie gevalle gelet word waar die versuim om voorsorgmaatreëls teen die intree van skade te tref, nie ’n integrerende deel van ’n positiewe handeling is nie (Neethling & Potgieter, 2010:33). ’n Voorbeeld hiervan is waar ’n kampioenswemmer ’n kind in die moeilikheid in ’n swembad sien en nie intree nie, met die gevolg dat die kind verdrink. ’n Skeidsregter wat dus sien dat die een span se stut baie swaarkry teen die groter en sterker stut van ’n ander

span, moet besef dat hy as ’n gekwalifiseerde moet intree om die swakker, onervare stut te beskerm teen potensiële beserings.

## 2.7 Onregmatigheid

Benadeling moet ten minste ook op ‘n onregmatige wyse veroorsaak word, dit wil sê ’n manier wat nie reg of op ’n aanvaarbare wyse is nie. Met betrekking tot rugby word onregmatigheid normaalweg gevestig deur na die spel se reëls te verwys.

Rugbyspelers speel die spel met die aanname dat alle spelers binne redelike perke by die reëls van die spel sal hou. Sodra ’n opponent nie meer by die reëls van die spel hou nie en ’n aksie (handeling) uitvoer wat buite die spel se reëls is, en wat ’n ernstige besering veroorsaak, kan dit as onregmatig beskou word. ’n Handeling kan slegs onregmatig wees as dit nadelig was vir die benadeelde persoon se belange (Neethling & Potgieter, 2010:35). Die handeling van die onderwyser-afrigter of skolerugbyspeler moet dus ‘n besering of die een af ander psigiese skade tydens afrigting veroorsaak om as onregmatig beskou te kan word.

Alle skadelike handelinge nie is nie noodwendig onregmatig nie. Daarom kan die opvoeder in sy of haar optrede ’n leerder benadeel sonder dat hierdie benadeling as onregmatig beskou word. Die rede hiervoor is dat ’n opvoeder verskeie verwere kan opper om aan te toon dat sy of haar optrede nie onregmatig was nie. Voorbeelde van verwere is noodweer en handelinge in ’n noodtoestand, of op grond van statutêre magtiging, of toestemming tot die risiko van benadeling (Herselman, 2006:36). Wanneer die onderwyser-afrigter in die afwesigheid van nooddienste nalatig optree, of versuim om op te tree om ’n speler te help wat tydens ’n oefensessie baie ernstig beseer is, kan dit as ‘n verweer geopper word. Die hulp was onvoldoende en die speler het verdere skade opgedoen. Die feit dat die onderwyser-afrigter in so ‘n noodsituasie uit onkunde onoordeelkundig opgetree het in ‘n poging om groter skade soos die dood te probeer verhoed, kan as verweer aangebied word.

Loubser *et al.* (2010:142) is van mening dat die algemene maatstawwe vir die bepaling van onregmatigheid soos volg is:

- redelikheid (soms word dit algemene redelikheid genoem);

- die regsopvattings of *boni mores* wat in die gemeenskap heers – daardie morele standaarde, gevestigde sienings, beskouings of menings van die gemeenskap ten opsigte van wat as reg beskou word; en

- die nie-nakoming van ’n regsplig.

Die ondersoek na onregmatigheid fokus dikwels daarop of daar ’n regsplig bestaan (Loubser *et al.*, 2010:147). In hierdie studie is dit van groot belang omdat die Staat, skool en onderwyser-afrigter ’n plig het teenoor die skolerugbyspeler betreffende laasgenoemde se veiligheid. Die veiligheid van die skolerugbyspeler het op sy beurt betrekking op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter.

Die volgende figuur deur Loubser *et al.* (2010:148) sit bogenoemde uiteen.

| |
|---|
| Onregmatigheid<br>=<br>Onredelikheid<br>=<br>Nie-nakoming van ’n plig<br>=<br>Feitelike versteuring van belang (skade) + Gevolgtrekking dat veroorsaking of versuim om sodanige skade te verhoed strydig is met plig wat by wet opgelê word; afkeurenswaardig of *contra bonos mores*. |

Figuur 2.1 Onregmatigheid en nie-nakoming van ’n plig

Figuur 2.1 illustreer hoe die onregmatige handeling van ’n onderwyser-afrigter as gevolg van sy optrede of die gebrek aan optrede vir die skolerugbyspeler skade veroorsaak het. Indien die onderwyser-afrigter nie sy plig nakom nie, kan die las wat

die afrigter vir die speler se skade moet dra, na die Staat verskuif word, ingevolge artikel 60 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (96/1996).

## 2.8 Skuld

Volgens Boberg (1991:258) behels skuld daardie element van ’n delik wat die reg oorhaal om die onregmatige daad van die delikpleger aan hom toe te reken deur hom juridies daarvoor aanspreeklik te hou.


### 2.8.1 Inleiding

In die praktyk word skuld in twee vorme omvat, naamlik opset en nalatigheid (Loubser *et al*., 2010:101). Hierdie begrippe dui in die algemeen op die verwytbare gesindheid of gedrag van iemand wat onregmatig gehandel het (Neethling & Potgieter, 2010:133). Indien ’n onregmatige daad plaasgevind het, is iemand verantwoordelik vir daardie handeling. Voordat opset en nalatigheid bepaal kan word, moet daar eers vasgestel word of die persoon oor regsbevoegdheid beskik wat gepaardgaan met toerekeningsvatbaarheid – om verantwoordelik gehou te kan word vir ’n onregmatige daad (Loubser *et al*., 2010:101). Dit hou met die ouderdom of geestestoestand van die persoon verband.

### 2.8.2 Opset

Opset is ’n gemoedstoestand waar die persoon steeds ’n sekere daad pleeg, al weet hy dit is verkeerd, en wat die gevolg daarvan sal wees (Boberg, 1991:268). In die skool-praktyk is die meerderheid deliktuele eise op nalatigheid gebaseer, en nie op grond van opset nie (Botha & Oosthuizen, 2005:92). Lyfstraf wat tot beserings lei, kan wel as ‘n opsetlike en onregmatige handeling wat skade veroorsaak, beskou word.

Loubser *et al.* (2010:108) het die volgende figuur (Figuur 2.2) opgestel wat opset in sy geheel illustreer:




Figuur 2.2: Opset

Opset het twee elemente, naamlik wilsgerigtheid en onregmatigheidsbewussyn. Wilsgerigtheid verwys na die wyse waarop die wil van die oortreder gerig is, byvoorbeeld wanneer die haker sy direkte opponent wil uitskakel omdat hy die skrum wil domineer en in die proses 'n beweging doen wat teen die reëls, dus onregmatig, is. Onregmatigheidsbewussyn kom voor wanneer die oortreder, in dié voorbeeld die haker, weet dat die beweging wat hy op sy opponent wil uitvoer deur die spel se reëls verbied word, en skade kan veroorsaak. Sou 'n geregtelike ondersoek gedoen word, rus die las op die beseerde opponent om die haker se opset te bewys. Indien enige een van die twee aspekte nie deur die opponent bewys kan word nie, word geen opset aan die kant van die haker gevestig nie.

### 2.8.3 Nalatigheid

In die geval van nalatigheid word 'n persoon geblameer vir nalatige, onbedagsame gedrag omdat sodanige onvoldoende aandag aan sy aksies gegee het en daardeur nie opgetree het volgens die standaard wat van hom verwag word nie (Squelch, 2001:145). Loubser *et al.* (2010:115) beskryf nalatigheid as die beoordeling van 'n verweerder se handeling ooreenkomstig 'n standaard wat vir die samelewing aanvaarbaar is. Wong (2010:75) wys daarop dat nalatigheid in wese "*holds plaintiffs to the standard of reasonableness required of all people*". Hierdie standaard hou dus verband met 'n verwysing na 'n fiktiewe "redelike persoon" wat die samelewing se verwagtings van toereikende en redelike handeling verteenwoordig.

Kleyn en Viljoen (2010:142) beskryf die standaard ten opsigte van nalatigheid as dit wat "die redelike sorgsame persoon in die beskuldigde se posisie sou doen." Indien hierdie persoon, byvoorbeeld die onderwyser-afrigter, minder sorgsaam is as die

redelike persoon, dan sal die onderwyser-afrigter as nalatig beskou word. Om vas te stel wat deur die reg van ’n persoon vereis word, word gebruik gemaak van die ”redelike persoon”-toets, met die howe wat telkens die vraag stel na hoe ’n redelike persoon in dieselfde omstandighede sou opgetree het (Oosthuizen *et al*., 2003:104). Hierdie toets word gebruik om te bepaal of ’n persoon nalatig was of nie.

Die toets vir nalatigheid berus op twee pilare, naamlik voorsienbaarheid van skade en die voorkombaarheid van skade. Voorsienbaarheid verwys daarna of ’n redelike persoon die skade kon voorsien het, en voorkombaarheid, of ’n redelike persoon die skade kon voorkom het. Neethling en Potgieter (2010:153) is van mening dat ”as algemene en breë riglyn kan nietemin gestel word dat die voorsienbaarheid van nadeel sal afhang van die graad van waarskynlikheid van die intrede daarvan”. Met ander woorde, die vraag kan gestel word as hoe groot die kans was dat dit sou gebeur. Hoe groter die kans was, hoe makliker kan bevind word dat die nadeel voorsienbaar was.

Voorkombaarheid het volgens Neethling en Potgieter (2010:155) vier oorwegings wat in ag geneem moet word, naamlik die aard en omvang van die risiko wat die persoon se optrede inhou, die ernstigheidsgraad van die nadeel indien dit sou intree, die relatiewe belangrikheid van die doel van die persoon se optrede, en die koste en moeite ter voorkoming van die nadeel. Deur voorgenoemde riglyne te gebruik, kan vasgestel word of die onderwyser-afrigter die nadeel in sekere gevalle sou kon voorsien, of moontlik voorkom het.

Oosthuizen *et al*. (2003:107) verwys na die opvoeder wat as ’n professionele persoon beskou word, en dus word daar van sodanige verwag om aan meer as net die ”redelike persoon”-standaard te voldoen – ’n hoër standaard as dié van die ”normale man” in ons samelewing. Die onderwyser-afrigter word daarom aan ’n ”redelike opvoeder”-standaard gemeet, iemand wat meer bedag as ’n nie-opvoeder sal wees op die veiligheid van skolerugbyspelers. ’n Voorbeeld hiervan is die onderwyser-afrigter wat die voorspelers by die skrummasjien laat oefen. Die onderwyser-afrigter moet kan voorsien dat, indien die kussings stukkend is, die seuns reg deur die kussings van die skrummasjien kan inslaan. Die staalraam van

die skrummasjien kan ernstige beserings veroorsaak. Die skool moet die skade voorkom deur die stukkende kussings van die skrummasjien te vervang of die afrigter moet dit voorkom deur nie gebruik te maak van die beskadigde skrummasjien nie.

Sekere omstandighede en faktore dui op die vereiste standaard van sorg. Loubser *et al.* (2010:129-131) noem die volgende vereistes en faktore waarop gelet moet word:

- Algemene gebruike

  Algemene gebruike sit gewoonlik die standaard van die redelike gedrag uiteen, veral die voorsorgmaatreëls wat in bepaalde situasies toegepas moet word, soos wat in BokSmart aan onderwyser-afrigters voorgeskryf word.

- Billike veronderstelling van redelike handeling van ander

  Persone tree redelik op met die verwagting dat die ander ook so optree en as redelike persone beskou word. Hiervolgens kan ’n mens byvoorbeeld veronderstel dat ander skolerugbyspelers en onderwyser-afrigters ook binne die reëls van die spel sal rugby speel en afrig.

- Skielike gevaar en oordeelsfout

  In ’n situasie van skielike gevaar het ’n mens nie altyd die geleentheid om helder te dink oor jou optrede wat gaan volg nie. Daar is wel vereistes wat sal wys dat ’n persoon nogtans aan die ”redelike persoon”-standaard voldoen het, naamlik dat die situasie een van onmiddellik dreigende gevaar moes wees, dat die situasie van dreigende gevaar nie as gevolg van sy eie nalatigheid veroorsaak moes wees nie, en dat hy onder die omstandighede nie onredelik opgetree het nie.

- Nie-nakoming van ’n statutêre voorskrif

  In hierdie studie kan statutêre voorskrifte, behalwe na algemene of onderwyswetgewing, ook verwys na die rugbyreëls en regulasies waaraan voldoen moet word. Voorskrifte volgens afrigters-hulpmiddele is juis daargestel om die veiligheid van rugbyspelers te bevorder.

- Hantering van goed, persone of omstandighede wat op sigself gevaarlik is

  Indien ’n skrummasjien nie korrek deur die skolerugbyspelers gebruik word nie, kan dit gevaarlik wees. Die sorgsaamheid van die onderwyser-afrigter behoort in skrum- en duiksituasies groter te wees, omdat dit as hoë-risiko-situasies beskou word as gevolg van die hoë beseringsyfer daarvan.

- Gevaar vir kinders of mense met gestremdhede of gebrekkige vermoëns

  Waar kinders deelneem, word ’n verhoogde standaard van sorgsaamheid verwag. Spelers met beperkte vermoëns kan gevaar loop indien hulle in situasies geplaas word waarteen hulle nie opgewasse is of voor gekondisioneer is nie.

Voorgenoemde omstandighede en faktore kan ’n rol speel in die beoordeling van die standaard van sorg met verwyings na hoe dit die onderwyser-afrigter raak. Dit is faktore wat ’n bydrae kan lewer tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter omdat die afrigter aan vereistes moet voldoen byvoorbeeld om die beginsels van BokSmart te respekteer. Die redelike onderwyser-afrigter is ’n redelike persoon wat oor die nodige kundigheid beskik wat deur rugbykursusse en ervaring bekom kan word.

Een verweer wat in kontaksport van toepassing is, is die gemeenregtelike *volenti non fit iniuria*-beginsel. Dit behels die vrywillige aanvaarding van risiko. Wong (2010:76) stel dit dat *“the plaintiff has voluntarily consented to take chances that harm will occur.*” Die verweerder moet aldus kan bewys dat die klaer bewus was van die risiko en dat hy nogtans vrywillig voortgegaan het met sy deelname. Die risiko’s waarna verwys word, word beperk tot inherente risiko’s in rugby wat bekend is, byvoorbeeld wanneer ’n besering plaasvind tydens ’n handeling van ‘n opponent wat binne die reëls van die spel gebly het.

## 2.9 Kousaliteit

Soos reeds genoem, is ’n verdere fundamentele element van ’n delik om te bewys dat daar ’n kousale verband tussen die handeling en die skade is – met ander woorde, ’n handeling wat die skade veroorsaak (Neethling & Potgieter, 2010:185).

’n Onderwyser-afrigter kan byvoorbeeld nie aanspreeklik wees as sy handeling nie die tersaaklike skade veroorsaak het nie. Loubser *et al.* (2010:69) som dit op deur daarop te wys dat die verweerder se onregmatige handeling die eiser se skade of verlies moes veroorsaak het voordat die verweerder aanspreeklik bevind kan word. ’n Kousale verband is volgens Neethling en Potgieter (2010:185) ’n verband wat eenvoudig (feitelik) bestaan of nie bestaan nie, en enige mate van teoretisering wat verdere verduideliking of definisies impliseer, kan die saak nie verder voer of verander nie. Kleyn en Viljoen (2010:143) stel dit kort en kragtig deur te noem dat daar ’n verband tussen die beskuldige se optrede en eiser se skade wees.

### 2.9.1 Vorme van kousaliteit

Om ’n moontlike kousale verband te bepaal, word ’n ondersoek ingestel en dit verteenwoordig twee onderskeibare komponente van die element kousaliteit, naamlik feitelike kousaliteit en juridiese kousaliteit. Feitelike kousaliteit vereis ’n feitelike ondersoek terwyl die juridiese kousaliteit ’n juridiese ondersoek behels (Loubser *et al.,* 2010:70).

#### 2.9.1.1 Feitelike kousaliteit

Of ’n spesifieke handeling as die oorsaak van die skade beskou moet word, hang van die korrekte gevolgtrekking uit die beskikbare feite en relevante waarskynlikhede af (Neethling & Potgieter, 2010:186-187). Loubser *et al.* (2010:83) stel dit dat om vas te stel of daar ’n feitelike verband tussen die verweerder se handeling en die skade is, die aanspreeklikheid aan die kant van die verweerder bepaal moet word. Een van die maniere hiervoor is om gebruik te maak van die *conditio sine qua non*-teorie.

In ’n hofsaak waarin die *conditio sine qua non*-teorie ter sprake was (*Denise Franks v MEC for the Department of Health for the Province of Kwazulu-Natal* (2958/02) [2010] ZAKZPHC 1) is geredeneer dat bepaal moet word ”as to whether the link between the act or omission and the harm is sufficiently close or direct for legal liability to ensue; or whether the harm is, as it is said, ‘too remote’ ”. Genoemde hofsaak handel wel nie oor ’n skolesportbesering nie, maar die vraag rondom *conditio sine qua non* werp tog lig daarop dat ’n handeling en skade moet spreek van ’n hegte verhouding om feitelike kousaliteit te bewys.

2.9.1.2 Juridiese kousaliteit

Loubser *et al.* (2010:87) wys daarop dat geen regstelsel ’n persoon vir al die skadelike gevolge van sy handelinge verantwoordelik hou nie, en dít is waar juridiese kousaliteit ter sprake kom. Laasgenoemde word dan gebruik om die aanspreeklikheid van die persoon te beperk tot daardie gevolge wat billikerwys aan die verweerder se handeling toegeskryf kan word (Loubser *et al.*, 2010:87). Juridiese kousaliteit sal dus tipies na vore tree waar daar beweer word dat die verweerder nie vir al die gevolge aanspreeklik gehou behoort te word nie.

Volgens Neethling en Potgieter (2010:201) behels enkele teorieë vir die bepaling van ’n juridiese kousale verband, die *novus actus interveniens*- en die *talem qualem*-reël. ’n *Novus actus interveniens* is ’n gebeurtenis wat onafhanklik is van die aanvanklike handeling, en wat na afloop van die dader se handeling die skade veroorsaak het. ’n Voorbeeld hiervan is waar ’n skolerugbyspeler ’n besering opgedoen het gedurende ’n rugbywedstryd as gevolg van die skeidsregter se nalatigheid. Op pad hospitaal toe beland die ambulans waarin die speler vervoer is, in ’n motorongeluk omdat die ambulansbestuurder op sy selfoon gesels het. Die skeidsregter kan nie ook vir die skade wat gely is as gevolg van die motorongeluk aanspreeklik gehou word nie.

Die *talem qualem*-reël is volgens Neethling en Potgieter (2010:220-221) die sogenaamde ”eierskedelgeval” waar die eiser, as gevolg van die een of ander liggaamlike swakheid, ernstiger benadeel is as wat die geval sou wees as die eiser nie aan so ’n swakheid gely het nie. In *Mountford v Newlands School and another* 2007 EWCA Civ 21 is die basis van die eis daarop gebaseer dat die duikslag in rugby die mees problematiese area van die sportsoort is. Greenfield *et al.*, (2011:91) bevestig egter dat die kontak binne die reëls van die wedstryd plaasgevind het, maar dat die speler wat die duikslag uitgevoer het, ouer was as die ouderdomsgroep waarvoor hy gespeel het, en ongeveer dubbel die gewig van die beseerde speler. Alhoewel dit moontlik is om seuns van verskillende groottes in dieselfde ouderdomsgroep te vind, en hulle nie geweier kan word om deel te neem nie, is die skoolhoof wat die ouer seun gekies het en die skool aanspreeklik gevind. Die *talem qualem*-reël kan nie gebruik word wanneer die seuns bloot in grootte verskil nie, maar wel moontlik wanneer die seun ’n liggaamlike swakheid soos onlangse

harsingskudding het waarvan die afrigter en/of ouers bewus was. Die ouers en afrigter is bewus daarvan, maar laat daarna teen die dokter se aanbeveling steeds toe dat die seun rugby speel omdat hy ’n goeie speler is en die wedstryd vir hulle belangrik is. Die seun stamp in die wedstryd weer sy kop, doen verdere harsingskudding op en word ernstiger benadeel omdat hy reeds die ”swakheid” het.

Kousaliteit bepaal dus dat voor ’n onderwyser-afrigter aanspreeklik gehou kan word vir ’n eiser (skolerugbyspeler) se skade, die onderwyser-afrigter se handeling op aantoonbare wyse daartoe moes bygedra het. Om dit te bepaal, word gebruik gemaak van ’n ondersoek na feitelike en juridiese kousaliteit.

## 2.10 Skade

Volgens Loubser *et al.* (2010:45) is die skade-element die hoeksteen van die deliktereg, en die basiese uitgangspunt. Neethling en Potgieter (2010:224) beskou skade as die afname van ’n persoon se vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die betrokke persoon se lewensgehalte nadelig kan beïnvloed. Slegs nadele wat verband hou met beskermde vermoëns- of persoonlikheidsbelange kwalifiseer as skade. Eisers vra dus deliktuele remedie aan, wat vergoeding of herstel is vir skade aan of verlies of nadeel gely van hul belange as gevolg van die verweerder se handeling. Neethling en Potgieter (2010:225) beklemtoon dit dat skade ’n breë begrip is, wat beide vermoënskade en persoonlikheidsnadeel (nie-vermoënskade) insluit.


### 2.10.1 Vermoënskade

As die nadeel vermoënskade is, sal die vergoeding volgens Loubser *et al.* (2010:46) slegs volg as een van die volgende aanwesig is:

- Die *lex Aquilia*.
- Die Germaanse remedie as ’n persoon pyn en lyding ervaar het.
- Die *actio iniuriarum* waar daar aantasting van ’n persoonlikheidsbelang was.

In hierdie studie is die fokus op beserings onder skolerugbyspelers. Uitgawes aan byvoorbeeld mediese onkoste om pyn te verlig sal vermoënskade daarstel. Figuur

2.3 van die skade-element (Loubser *et al.,* 2010:62), behoort groter duidelikheid te gee oor die verskillende skade-elemente wat verband hou met vermoënskade of nie-vermoënskade.




Figuur 2.3: Skade

Indien Figuur 2.3 van toepassing gemaak word op hierdie studie, moet onderskei word tussen die aard en omvang van die vyf soorte skade wat onder vermoënskade en nie-vermoënskade geklassifiseer word. Vermoënskade is ’n finansiële verlies wat as gevolg van ’n fisieke besering van ’n persoon, saakskade of suiwer ekonomies is (Loubser *et al*., 2010:50). ’n Fisieke besering van ’n persoon kan ’n besering van ’n skolerugbyspeler wees wat opgedoen word gedurende ’n rugbywedstryd en wat tot mediese onkoste lei. Finansiële verliese as gevolg van saakskade of suiwer ekonomiese redes is nie van toepassing op hierdie studie nie.

Nie-vermoënskade sluit pyn en lyding, asook aantasting van persoonlikheidsregte in. Pyn en lyding kan letterlik geïnterpreteer word waar ’n persoon liggaamlik pyn ervaar, of meer figuurlik in die aard van ’n verlies aan lewensgehalte. In beide gevalle moet die pyn en lyding ’n direkte verband hou met ’n besering wat die eiser opgedoen het, omdat ’n persoon nie kan eis vir pyn en lyding wanneer die eiser bloot iemand anders sien wat benadeel word nie (Loubser *et al*., 2010:52). Die pyn en lyding in Figuur 2.3 kan kortliks verduidelik word as pyn, verlies aan lewensgenietinge en psigiese benadeling. Persoonlikheidsregte hou verband met liggaamlike integriteit, waardigheid, privaatheid, identiteit en ’n goeie naam (Loubser *et al*., 2010:62). Indien

die onderwyser-afrigter ’n skolerugbyspeler aanrand, byvoorbeeld deur lyfstraf, kan dit as aantasting van liggaamlike integriteit beskou word. Wanneer die skolerugbyspeler in so ’n mate verneder of afgebreek word dat sy eer gekrenk word, kan dit as aantasting van sy waardigheid beskou word. Aantasting van ’n persoon se goeie naam kan voorkom as ’n onderwyser-afrigter ’n speler se goeie naam in die publiek verlaag. Hierdie openbaarmaking sluit ”aantygings teen morele karakter in, aantygings wat haat, minagting en spot wek, wat ontwyking en vermyding meebring asook aantastings van professionele reputasie” (Loubser *et al*., 2010:59).

#### 2.10.2 Persoonlikheidsnadeel

Soos aangedui in Figuur 2.3, is nie-vermoënskade ”die nadelige inwerking op die persoonlikheidsbelange van ’n individu wat nie finansiële verliese tot gevolg het nie” (Neethling & Potgieter, 2010:252).

Die verskille tussen vermoënskade en nie-vermoënskade is opgesom uit Neethling en Potgieter (2010:227), en word vervolgens in tabelvorm uiteengesit.

Tabel 2.3: Vermoënskade en nie-vermoënskade

| VERMOËNSKADE | NIE–VERMOËNSKADE |
|---|---|
| Direk in geld meetbaar. | Hoogstens indirek in geld meetbaar, byvoorbeeld skade waarvan die markwaarde nie bepaal kan word nie. (In die konteks van die studie is dit egter nie van belang nie) |
| Omvang van skade kan met presiesheid bepaal word, omdat daar finansiële verliese gely is. | Omvang van skade kan nie met groot presiesheid bepaal word nie omdat die pyn en lyding asook aantasting van persoonlikheidsregte nie vasgestelde finansiële verliese is nie. |
| Skadevergoedingsbedrag kan aan die hand van objektiewe kriteria bepaal word. | Vergoeding betrek die subjektiewe gevoelskrenking van die eiser en is slegs deur ’n billike skatting bepaalbaar. |
| Skadevergoedingsbedrag is van dieselfde omvang as die aangetaste vermoënsbelang en is dus ’n ware ekwivalent van die betrokke skade. | Hier is daar geen verband tussen die geldbedrag en die nadeel nie. |

Die belangrikste ooreenkoms tussen die bostaande twee kategorieë is dat die eiser in albei gevalle vergoeding eis vir iets wat hy verloor het. In Tabel 2.3 is meer duidelikheid gegee oor die soort skade waarvoor ’n eis teen die verweerder ingestel kan word. Tabel 2.3 verwys na die vergoeding vir ’n eis wat ingestel is as gevolg van skade gely.

Vermoënskade se vergoedingsbedrag kan makliker bepaal word, omdat dit gepaardgaan met ’n aantoonbare finansiële verlies wat ’n persoon gely het, byvoorbeeld ’n skolerugbyspeler wat mediese uitgawes moes aangaan na ’n besering. Die rekeningstate kan voorgelê word en daar kan sonder moeite bepaal

word wat die finansiële skade was. Nie-vermoënskade is egter moeiliker om vas te stel omdat daar nie ’n presiese bedrag in geldwaarde is wat verloor is nie, maar eerder die aantasting van ’n persoon se persoonlikheidsbelang, soos wanneer ’n skolerugbyspeler se waardigheid aangetas word as gevolg van erge vernedering.

## 2.11 Samevatting

Hoofstuk 2 bevat ’n regsraamwerk wat die teorie van onderwysregtelike bepalings en gemeenregtelike beginsels rakende deliktuele aanspreeklikheid insluit.

In hierdie hoofstuk is die statutêre determinante wat bestaan uit die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) en ander wette eerstens bespreek, en daarna van toepassing gemaak op die rol van die onderwyser-afrigter in skolerugby. Die ander wette waarna verwys word, is die onderwysspesifieke wetgewing, algemene wetgewing en ondergeskikte wetgewing. Sodoende is die eerste doelwit van die studie bereik, naamlik om vas te stel watter onderwysregtelike bepalings vir die onderwyser-afrigter, die skool en die Staat ten opsigte van die veiligheid in skolerugby moet geld.

Die gemeenregtelike beginsels en toepaslike hofsake is vervolgens bestudeer. Deliktuele aanspreeklikheid, en hoe dit ’n invloed op die onderwyser-afrigter kan uitoefen, is die fokuspunt van hierdie besprekings. Die tweede doelwit van die studie, naamlik om vas te stel op watter wyse die gemeenregtelike beginsels rakende deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in gevalle van beserings aan leerders toegepas word, is na hierdie besprekings bereik.

In Hoofstuk 3 word vervolgens bestaande rugbyafrigtingsmateriaal bespreek, asook beleide en maatreëls ten opsigte van skolerugby en veiligheid in skolerugby. Oorkoepelend beskou, behels dit die ondersteuning en opleiding wat aan die onderwyser-afrigters gebied word wat tot sorgsame toesighouding en uitvoering van pligte kan bydra.

# HOOFSTUK 3: TEORETIESE UITEENSETTING VAN REGSAANSPREEKLIKHEID IN SKOLERUGBY

## 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is wetgewing en die gemenereg met betrekking tot die aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter bespreek. Wat van belang is, is die sekuriteit van die onderwyser-afrigter asook die veiligheid van die skolerugbyspelers, wat nou verband met mekaar hou. Hoe veiliger rugby vir die skolerugbyspeler is, hoe 'n groter mate van sekuriteit behoort die onderwyser-afrigter te ervaar.

Posthumus en Viljoen (2008) bevind dat 'n duikslagsituasie die grootste oorsaak is van rugbybeserings op skoolvlak (55%), maar in 'n analise wat gedoen is oor katastrofiese ruggraatbeserings, is bevind dat 40% daarvan deur skrums veroorsaak is, 36% deur duikslae, 17% deur los- en maalskrums, en slegs 6% word in ander fases veroorsaak. Hieruit kan afgelei word dat die primêre risikogebiede verbonde aan rugbybeserings op skoolvlak die duikslagsituasie en skrums is. In hierdie hoofstuk word onder meer bepaal op watter wyse kursusse ter opleiding van afrigters die genoemde navorsingsresultate in ag neem, en die primêre risikogebiede onder afrigters se aandag bring.

Afrigterskursusse en ander amptelike dokumente kan bydra tot sowel die sekuriteit van die onderwyser-afrigter as die veiligheid van die skolerugbyspeler. Hieronder ressorteer die IRB-afrigtingskursus, IRB-rugbyreëls en verpligte rugbyveiligheids-programme, byvoorbeeld die BokSmart-program.

Die BokSmart-program is daartoe verbind om rugby veiliger aan te bied. Volgens die *"BokSmart Random Safety Audit Practical Guidelines Document"* (SARU, 2011a) is een van die belangrikste vereistes dat alle afrigters, hulpafrigters en skeidsregters BokSmart-gesertifiseer moet wees en geen wedstryd mag plaasvind indien daar nie voldoen word aan dié vereiste nie. Verder word daar vereis dat aan die mediese riglyne voldoen moet word alvorens 'n wedstryd mag begin, en dat alle onder-ouderdom-spelers slegs gebruik mag word soos voorgeskryf in SARU se onder-ouderdom-regulasiedokument. Die Internasionale Rugbyraad (IRB) het 'n soortgelyke dokument vir onder-ouderdom-spelers, naamlik die IRB-

ouderdomsbeleid en die IRB-ouderdomsriglyne. Die bestaan van hierdie dokumente is ’n aanduiding daarvan dat die ouderdom van die spelers in onder-ouderdom-rugby ’n belangrike rol speel betreffende die skolerugbyspeler se veiligheid en selfs ten opsigte van die sekuriteit van die onderwyser-afrigter wat in die gedrang kan kom, soos beklemtoon deur Greenfield *et al*. (2011:91). (Sien ook par. 2.9.1.2.)

Die IRB het afrigtings- en skeidsregterskursusse sedert die 1990’s ontwikkel, maar in 2003 besef die inhoud van die kursusse is verouderd en dit is deur die IRB hersien (IRB, 2011a:4). Die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (SARVU) het ook afrigtingskursusse aangebied op die stadium toe die onderskeie provinsies self afrigtingshandboeke saamgestel het. Die eerste weergawe van die SARVU-Vlak 1-afrigtingshandboek (”Beginsels vir suksesvolle afrigting”) verskyn in 1998. Die basiese beginsels van die spel word hierin beskryf as ”vorentoe”, ”ondersteuning”, ”kontinuïteit” en ”druk” (Joubert & Groenewald, 1998:28). Die eerste weergawe van die Vlak 2-afrigtingshandboek (”Gevorderde rugbytegnieke en taktiek”) verskyn in 2001. Indien ’n afrigter die kursus (hetsy Vlak 1 of 2) voltooi het, is ’n sertifikaat deur SARVU aan sodanige uitgereik. Die onderwyser-afrigter wat skolerugbyspelers afrig, is selde hoër as Vlak 1 gekwalifiseer. In die voorwoord van die Vlak 2-handboek word bepaal dat die kursus sal help om afrigters toe te rus en te bemagtig om spelers vir klub-, provinsiale, nasionale en internasionale seleksie en deelname af te rig en voor te berei (SARVU, 2001:IV). Dit dui aan dat Vlak 2 gemik is op die voorgenoemde afrigters. Vir die doeleindes van hierdie studie word gefokus op die kursusse wat betrekking het op die onderwyser-afrigter, naamlik die Vlak 1-afrigtingskursus. Sedert 2006 verskaf die IRB die afrigtingshandleiding wat vir kursusse gebruik word.

Wat die reëls van die sport betref, verskaf die IRB jaarliks die nuutste reëls en in die voorwoord van die reëlboek (IRB, 2011b:3) word die volgende genoem wat baie belangrik is en verband hou met die sekuriteit van die onderwyser-afrigter en die veiligheid van die skolerugbyspeler:

> *Rugby Union is a sport which involves physical contact. Any sport involving physical contact has inherent dangers. It is very important that players play*

> *the Game in accordance with the Laws of the Game and be mindful of the safety of themselves and others.*
>
> *It is the responsibility of players to ensure that they are physically and technically prepared in a manner which enables them to play the Game, comply with the Laws of the Game and participate in accordance with safe practices.*
>
> *It is the responsibility of those who coach or teach the Game to ensure that players are prepared in a manner which ensures compliance with the Laws of the Game and in accordance with safe practices.*

Hierin kan gesien word dat selfs die hoogste rugbyliggaam in die wêreld dit duidelik stel dat die speler, afrigter en skeidsregter almal verantwoordelik is om te sorg dat die spel binne die reëls, veilig beoefen en gespeel moet word. Spelers wat buite die reëls van die rugbyspel speel, kan aanspreeklik gehou word, soos wat in *Hattingh v Roux* gebeur het (sien par. 2.4.1.1). Die skeidsregter speel een van die belangrikste rolle in ’n wedstryd rakende die toepassing van die reëls. In *Smoldon v Whitworth* is ’n skeidsregter regsaanspreeklik gehou omdat hy nalatig was tydens ’n rugbywedstryd en ’n speler ernstig beseer is. Rossouw en Keet (2011:24) beklemtoon dat dit nodig is om die onderwyser-afrigters in te lig oor die verantwoordelikhede wat op hulle rus en oor die moontlikheid dat hulle aanspreeklikheid kan opdoen indien ’n leerder tydens die beoefening van skoolsport onder die toesig van ’n betrokke onderwyser-afrigter beseer word. Indien ’n onderwyser-afrigter deur ’n hof aanspreeklik bevind word, kan dit erge implikasies vir die onderwyser-afrigter inhou. Hier word eerstens verwys na eise wat ingestel word, alhoewel die onderwyser-afrigter se probleme nie daar eindig nie. Depressie, stres, skuldgevoel en die verlies aan selftevredenheid kan volg. Die gevolge van so ’n saak kan vir die onderwyser-afrigter ook implikasies hê by die skool, sy werkplek. Voorbeelde hiervan is dissiplinêre optrede deur die werkgewer of verlies aan ’n bykomende inkomste as afrigter.

In hierdie hoofstuk gaan die rugbyafrigtingskursus, rugbyveiligheidsprogramme en rugbyreëls soos dit tans staan, bespreek word, met spesifieke fokus op hoe elkeen verband hou met die sekuriteit van die onderwyser-afrigter.

## 3.2 Afrigtingskursusse

In die grondwet van SARU, wat in April 2011 goedgekeur is (SARU, 2011b), word amateurrugby gedefinieer as die spel wat gespeel, bestuur, beheer en geadministreer word onder die reëls van die rugbyspel soos saamgestel deur die IRB en onder die konstitusie, bylae, reëls en regulasies van die IRB. Op die webblad van die IRB word aan ’n afrigter wat ’n afrigtingskursus wil voltooi, voorgeskryf om met sy of haar plaaslike rugbyunie te skakel om meer uit te vind oor wanneer die kursusse aangebied word. Hiervolgens is dit duidelik dat die aanbied van kursusse vanaf die IRB, as die hoogste rugbygesag, na die lidlande gedelegeer word. As beherende liggaam van ’n lidland is SARU die hoogste rugbygesag in Suid-Afrika. Dit is SARU en die provinsiale rugbyunies se plig om die kursusse aan te bied.

Volgens die IRB-webblad is die duur van ’n IRB-Vlak 1-afrigtingskursus wat ’n bekendstelling van rugby is, slegs 8 uur en geen assessering vind plaas nie. ’n Sertifikaat word aan die afrigter uitgereik vir bywoning indien sodanige vir die volle duur van die kursus tydens die aanbieding van elke module (IRB, 2011a:5) teenwoordig was. Die Suid-Afrikaanse rugbyunie, die Sharks (Sharksrugby, 2011), stipuleer op hul webblad dat ’n afrigter wat ’n IRB-Vlak 1-kursus doen, geassesseer word aan die hand van die volgende kriteria: afrigter moet die volle duur van die kursus, ’n minimum van nege uur (twee halfdae) bywoon, ’n kursuseksamen aflê en deur middel van ’n ”*post course coaching diary*” dagboek hou. Die BokSmart-werkwinkel word ingesluit by die kursus. Nog ’n Suid-Afrikaanse rugbyunie, die Goue Leeus (Lionsrugby, 2011), toon op hul webblad dat ’n IRB-Vlak 1-kursus agt uur duur en om ’n sertifikaat te ontvang, moet die afrigter die IRB se eksamen oor reëls én die BokSmart-werkswinkel voltooi. Wat al drie bronne (IRB, Lionsrugby en Sharksrugby) in gemeen het, is dat almal se tydsduur ongeveer dieselfde is, maar elkeen se assesseringsmetode verskil. Dit is opmerklik dat albei die Suid-Afrikaanse unies BokSmart by die kursus insluit, maar die een sluit ’n kursus-eksamen in, en die ander een die IRB se eksamen oor reëls.

### 3.2.1 IRB-Vlak 1-afrigtingskursus

Die doel van die betrokke kursus is dat die afrigters die basiese vaardighede moet aanleer sodat nuwe spelers geleer kan word om die spel in 'n veilige en genotvolle omgewing te speel. Alvorens die sekuriteit van die onderwyser-afrigter met betrekking tot die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus bespreek word, moet 'n raamwerk daarvan geskets word. Die Vlak 1-kursusinhoud is verdeel in vier eenhede wat altesaam uit agt modules bestaan, soos uiteengesit is in Addendum A, insluitende take (IRB, 2011a:1) en die kursustydrooster (IRB, 2011a:5). Die modules wat belangrik is vir die studie en in paragraaf 3.2.2 bespreek word, behels die volgende:

- Module 3: Toepassing van die beginsels en vaardigheid op die span se prestasies (75 min)
- Module 4: Beplan 'n oefensessie (60 min)
- Module 5: Oefensessie demonstrasie (90 min.)
- Module 6: Risikobestuur en etiek (45 min.)
- Module 7: Die reëls van die spel (slegs 'n bron en afsluiting van kursus: 30 min.)

Die inleiding tot die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus (IRB, 2011a:5) sit uiteen dat die Vlak 1-materiaal verduidelik hoe om af te rig, en die kursus leer die afrigters hoe om die inligting toe te pas tydens oefeninge. Dus begin die kursusmodules met 'n verduideliking en 'n demonstrasie, met die klem op "the practice of coaching and teaching players who are new to the game". Die leeruitkomste vir die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus word in Addendum B uiteengesit. Die kursus word aan die hand van die volgende metodes aan die afrigters oorgedra:

- Aanbieding.
- Video-analise.
- Probleemoplossingstoetse.

- Scenario's.
- Praktiese sessies wat verduideliking, demonstrasie en oefening insluit.

In die IRB-reëlboek (IRB, 2011b:3) word die volgende waarskuwing gerig: ”*Rugby Union is a sport which involves physical contact. Any sport involving physical contact has inherent dangers.*” Die voorgaande wys daarop dat rugby inherente gevare inhou as gevolg van die kontakelement daarvan. In *Hattingh v Roux* verwys die regter na die gevare in rugby (sien par. 3.4) en tref ’n onderskeid tussen die gevare binne en buite die spel se reëls.

3.2.2 Kursusse en die sekuriteit van die onderwyser-afrigter

Rossouw en Keet (2011:3) is van mening dat, weens inherente eienskappe van veral kontaksport, sportdeelname op skool hoë risikovlakke insluit, en daarom kan dit beskou word as ’n sekuriteitsaangeleentheid vir ’n verskeidenheid rolspelers. Rossouw en Keet (2011:2) maak gebruik van *Lubbe v Jacobs 2003* JOL 11496 (T) as voorbeeld, waar ’n Graad 7-leerder ernstige gesigbeserings weens ’n opslaghokkiebal opgedoen het. Die leerder se ouers het aangevoer dat die afrigter aanspreeklik gehou moet word, aangesien sy nie die leerder genoegsaam ingelig het oor die risiko's wat aan die spesifieke spel verbonde is nie, wat ook ’n risiko vir die toeskouers rondom die veld insluit. Die hof het ten gunste van die opvoeder beslis, aangesien die leerder oud genoeg was om bewus te wees van die risiko wat verbonde is aan die beserings wat uit die betrokke spelfaset kan voortvloei. Dieselfde behoort van toepassing op skolerugbyspelers te wees wat die risiko verbonde aan die sport moet besef.

Om die onderwyser-afrigter se sekuriteit met betrekking tot die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus te bespreek, gaan gefokus word op die areas wat die grootste invloed op die onderwyser-afrigter se sekuriteit kan uitoefen, naamlik die duikslagsituasie en die skrum. Modules in die IRB-Vlak 1-kursus wat verband hou met die duikslagsituasie en die skrum word vervolgens in oënskou geneem.

#### 3.2.2.1 Module 3 (Toepassing van rugbybeginsels en -vaardighede op ’n span)

Die leeruitkomste vir module 3 behels dat die afrigter die spel sal kan analiseer deur gebruik te maak van die beginsels, en die vaardighede wat gekoppel is aan elke beginsel sodat die afrigter dan ’n oefensessie kan beplan wat aan die behoeftes van die spelers voldoen. Die spelbeginsels word gedefinieer as die beginsels wat op die spel gebaseer is, naamlik aanval en verdedig (IRB, 2011a:11). Die volgende behels beginsels en vaardighede van module 3 wat van belang is:

- Ontwykende hardloopvaardigheid (IRB, 2011a:25)

Die doel van *evasive running* is dat die aanvallende speler op die verdedigende speler moet hardloop en dan van rigting verander om die verdediger te vermy. Indien die afrigter die vaardigheid suksesvol aan die spelers kan oordra, kan die aanvallende spelers die duikslagsituasie met groter sukses vermy.

- Duikslag (IRB, 2011a:28)
- Duikslag-progressie (IRB, 2011a:29-30)

In die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus word drie tipe duikslae genoem, naamlik die *side-on tackle*, *tackle from the front* en *tackling from behind* (IRB, 2011a:28). Elke tipe duikslag se sleutelfaktore en progressiefases word in dié gedeelte weergegee. Omdat die meeste beserings in die duikslagsituasie ontstaan, soos bevind in die studie van Posthumus en Viljoen (2008), behoort hierdie aspekte die belangrikste te wees. Oefenwenke vir die duikslag sluit die IRB-rugbyreëls rondom ’n duikslag in, asook die volgende wenk wat van groot waarde is: ”*Because it involves contact, players can lack confidence in making a tackle owing to the likelihood of an injury. It is essential to follow the steps outlined below, to reinforce the skill and develop confidence so that the tackles are safe and effective*.” (IRB, 2011a:28.) Hieruit kan afgelei word dat die sleutelfaktore en progressiefases juis ingesluit is om die duikslagsituasie veiliger te maak. Die afrigter wat die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus bywoon, het toegang tot die sleutelfaktore en progressiefases wat deel uitmaak van die kursus en beskikbaar is in die kursusmateriaal.

- Val gedurende die duikslag (IRB, 2011a:31)

Die oefenwenke wat ’n rol speel, is dat ’n speler die uitwerking van ’n duikslag moet kan verduur, en sodoende veilig grond toe val. Wenke oor hoe om veilig grond toe te val, is dat die speler met die uitwerking van die duikslag moet draai. Met ander woorde, as die duikslag byvoorbeeld van die regterkant af is, moet die speler na die regterkant toe draai. ’n Skouer- of armbesering kan ontstaan indien die speler sy arm uitsteek na die grond om ’n harde val te probeer vermy (IRB, 2011a:31). Daarom moet die val tydens ’n duikslag ook ingeoefen word omdat dit nie ’n natuurlike aksie is om uit te voer nie (IRB, 2011a:31).

- Die skrum (IRB, 2011a:34-35)

Die inligting wat die IRB-Vlak 1-afrigtingskursusmateriaal bevat rondom skrums, sluit die tegniek van elke losvoorspeler by die bind van ’n skrumformasie in. Die oefenwenke verwys na die fisieke kenmerke van ’n speler. Die speler moet gekies word in ’n posisie en voldoen aan die fisieke vereiste van sodanige posisie: die voorryspeler moet kompak, sterk, en solied wees, ”short in neck and back”, en moet uitsien na die aksie wat gepaardgaan met voorryspel in die skrums (IRB, 2011a:35).

- Taak 4: Vaardigheid 5 – Die van-die-kant-af duikslag (IRB, 2011a:46)
- Taak 4: Vaardigheid 6 – Val gedurende die duikslag (IRB, 2011a:47)
- Taak 4*:* Vaardigheid 7 – Liggaamsposisie gedurende kontak (IRB, 2011a:48)

Taak 4 se vaardigheidsoefening 5, 6 en 7 sluit elk ’n oefening in met ’n assesseringstabel wat verband hou met die duikslag. Die assesseringstabel bevat die sleutelfaktore waaroor ’n speler moet beskik om die oefening suksesvol te kan doen. Die afrigter kan die tabel gebruik om te bepaal of ’n speler die regte stappe volg om ’n duikslag uit te voer, soos vroeër in die bespreking van module 3 verduidelik is.

3.2.2.2 Module 4 (Beplan ’n oefensessie)

Die leeruitkomste vir module 4 is dat die afrigter ’n oefensessie kan beplan vir die span wat die afrigter geanaliseer het (module 3), sodat dit aan die behoeftes van die spelers voldoen. Die IRB stel voor dat die beste manier om te leer hoe om die spel veilig en effektief te speel, is deur ’n veranderde vorm van die spel te speel wat aan die beginsels en die reëls van rugby voldoen (IRB, 2011a:51). Die volgende is beginsels en vaardighede van module 4 wat van belang is:

- Taak 5: Analiseer die speler se groei en ontwikkeling (IRB, 2011a:56-59)

Taak 5 bevat groei- en ontwikkelingsfaktore vir vier ouderdomsgroepe (5-8, 9-10, 11-13 en 14-15) wat die afrigter in ag moet neem. Die faktore is fisieke ontwikkeling, motoriese vaardigheidsontwikkeling en sosiale en emosionele rypheid.

- Taak 7: Beplan ’n span oefensessie (IRB, 2011a:61-72)

Hierdie gedeelte gee vir die afrigter voorbeelde van oefensessies wat bestudeer moet word, waarna die afrigter sy eie oefensessie moet beplan deur gebruik te maak van die konsepte wat in die voorbeelde voorsien is.

3.2.2.3 Module 5 (Oefeningdemonstrasie)

Die leeruitkomste vir module 5 is dat die afrigter aan die einde van die eenheid gedeeltes van die oefenplan suksesvol uitvoer wanneer hy die geleentheid kry om ander lede in die groep af te rig, en terugvoer te kry. Dit help die afrigter om sy afrigting te verbeter (IRB, 2011a:73).

- Kommunikasie en groepsbestuur (IRB, 2011a:73)

Die afrigter moet die volgende oorsiglys gebruik om ’n omgewing te skep vir die afrigting van ’n span, naamlik:

  - Mikpunte vir die seisoen soos ooreengekom tussen die afrigter en die span.
  - Beplanning en voorbereiding vir die seisoen.
  - Skakeling met die ouers en ouers se betrokkenheid.

- Verantwoordelikhede.
- Vertroulikheid.
- Kommunikasie.
- Stiptelikheid en teenwoordigheid.
- Dissipline.
- Die kies van 'n span en kaptein, asook hoe die plaasvervangers gebruik gaan word.
- Afrigter se filosofie (beskouing/opvatting) oor afrigting en skeidsregterswerk.

  - Gewenste karaktereienskappe van die afrigter (IRB, 2011a:73)

Die IRB-handleiding (IRB, 2011a:73) noem dat die afrigter in staat moet wees om:

- spelers te ontwikkel deur taktiese, tegniese en fisieke vaardighede;
- spelers af te rig om multi-faserugby te speel deur enige, asook alle spelers van die span te betrek;
- aktiewe oefensessies te beplan en uit te voer deur al die spelers te betrek. Verskeie wedstryd georiënteerde oefensessies met die bal teen 'n mate van weerstand behoort ingesluit te word by die oefensessies;
- 'n spankonsep te ontwikkel;
- die dienste van ander afrigtingsbronne waar nodig te gebruik, byvoorbeeld mediese personeel, administrateur, sportwetenskaplike, ensovoorts; en
- 'n etiese besluitnemingsproses te volg ten opsigte van die plek van rugby in die samelewing.

Uit voorgaande oorsiglys oor hoe om 'n omgewing te skep vir die afrigting van 'n span en die karaktereienskappe van 'n afrigter, is faktore vervat wat kan bydra tot die

onderwyser-afrigter se sekuriteit deur rugby veiliger aan te bied. Die punte wat uitstaan in die oorsiglys wat verband hou met rugbyveiligheid, is beplanning en voorbereiding vir die seisoen, asook verantwoordelikheid en skakeling met die ouers. Sekere van die vereistes waaraan ’n afrigter moet voldoen, is die vermoë om spelers te ontwikkel deur taktiese, tegniese en fisieke vaardighede, en deur die gebruik van beskikbare dienste, byvoorbeeld mediese personeel.

Beplanning en voorbereiding het ’n oorsiglys (IRB, 2011a:74) waarin die volgende oor die ontwikkeling van vaardigheid gestipuleer word: ”*Concentrate on technique and move slowly and thoroughly to the development of skill. A skill is a technique which is performed successfully in a game.*” Een van die karaktereienskappe van die afrigter is om spelers se tegniese vaardighede te ontwikkel. Dit is belangrik vir afrigters om klem te lê op die korrekte tegniek om sodoende nek- en rugbeserings wat in die skrums kan plaasvind te verminder (Posthumus & Viljoen, 2008). ’n Sportbeampte het die verantwoordelikheid om te verseker dat die spel volgens die spelreëls gespeel word (Rossouw & Keet, 2011:13). Indien die onderwyser-afrigter nie sy verantwoordelikheid nakom nie, kan spelers beserings opdoen en die afrigter kan aanspreeklik gehou word. Die IRB-Vlak 1-afrigtingshandleiding stel verder voor dat nadat die span saamgestel is, ’n ouervergadering gehou moet word waar ’n aantal sake bespreek moet word, naamlik administratiewe aspekte, die afrigter se afrigtingsbenadering en die beleide wat die afrigter wil implementeer (IRB, 2011a:74).

Die afrigtershandleiding beklemtoon dat die beleide op veiligheid moet fokus. Die volgende aspekte wat ingesluit moet word, is in belang van die onderwyser-afrigter se sekuriteit en die skolerugbyspeler se veiligheid: eerlike en skoon spel, veiligheid en noodhulp (IRB, 2011a:74). Veiligheid en noodhulp dui daarop dat die afrigter gebruik moet maak van mediese personeel (sien ook par. 3.4).

#### 3.2.2.4 Module 6 (Risikobestuur en etiek)

- Taak 9: Opsomming van die *Rugby Ready resource* (IRB, 2011a:75)

- Taak 10: Los spelerontwikkeling en risikobestuursprobleme op (IRB, 2011a:76).

Die *Rugby Ready*-bron word in paragraaf 3.3.1 bespreek omdat hierdie bron in werklikheid ’n program op sy eie is en ten doel het om die risiko van ernstige beserings te verminder (IRB, 2011c:2). Dit word beskou as ’n rugbyveiligheidsprogram wat deur die IRB saamgestel is. Kortliks gestel, word in module 6 van die afrigter verwag om die *Rugby Ready*-materiaal op te som en dan scenario’s op te los met betrekking tot die kind se ontwikkeling en risikobestuurs-probleme. Na die module is die afrigter veronderstel om ’n begrip vir risikobestuurs-kwessies te ontwikkel, soos verduidelik word in die *Rugby Ready*-materiaal.

- Module 7 (Die spelreëls)

  - Leeruitkomste: Teen die einde van die module sal jy reeds deur die IRB reëls DVD gewerk het en daardeur kennis van die reëls opgedoen het. Jy sal ook kennis opdoen van die gewysigde rugbykodes wat deur sommige nasionale unies aangebied word. (IRB, 2011:77).

In die Engelse hofsaak, *Smoldon v Whitworth*, is bepaal dat ’n skeidsregter regsaanspreeklik gehou kan word weens sy nalatigheid om nie rugbyreëls toe te pas nie. In ’n Suid-Afrikaanse hofsaak, *Hattingh v Roux*, is ’n skolerugbyspeler, Ryand Hattingh, ernstig beseer in ’n skrum as gevolg van die gebruik van ’n onwettige skrumtegniek deur sy opponent. Omdat die rugbyreëls ’n beduidende rol speel in die veiligheid van die skolerugbyspeler, en dus die sekuriteit van die onderwyser-afrigter (ook in sy gereelde rol as skeidsregter), word rugbyreëls in paragraaf 3.4 as ’n afsonderlike afdeling bespreek.

### 3.2.3 Implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter

In die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus kom beplanning en tegniek ter sprake. Dit is ’n aanduiding dat voorgenoemde twee aspekte ’n belangrike rol speel betreffende die onderwyser-afrigter se sekuriteit en die veiligheid van die skolerugbyspeler. Na die voorafgaande vier modules bestudeer is, blyk die implikasies vir die sekuriteit van die redelike onderwyser-afrigter-standaard duidelik. Module 3, waar die afrigting van die

duikslag en die skrum ter sprake is, dui aan dat dit die twee areas is waar die meeste beserings in skolerugby voorkom, en daarom spesifieke aandag van die afrigter vereis. Module 4 en 5 sluit ook by die afrigting van die duikslag en die skrum aan. In module 4 word verwys na die beplanning van ’n oefensessie en in module 5 na die demonstrasie van ’n oefening. Indien enigeen van hierdie twee fases van die kursus nie korrek uitgevoer word nie, kan die afrigting van ’n duikslag en skrum nie effektief wees nie en mag die leerders blootgestel word aan voorkombare beserings en die afrigter aan ’n klag van nalatigheid.

Module 6 handel oor risikobestuur en etiek waarvan die *Rugby Ready*-materiaal deel vorm en wat ’n groot bydrae lewer om rugby veiliger te maak. Indien die onderwyser-afrigter die materiaal korrek gebruik, veral ten opsigte van risikobestuur, kan dit definitief ’n bydrae lewer tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit. Module 7 handel oor die spelreëls. Dit is van kardinale belang vir die onderwyser-afrigter om binne die spelreëls af te rig, omdat die reëls rondom die duikslagsituasie en die skrum daargestel is om rugby veiliger te maak vir die spelers. In moontlike eise waar deliktuele aanspreeklikheid ter sprake kom, sal bepaal word hoe die afrigter redelik voorsienbare risiko’s bestuur het, en of hy genoeg gedoen het om potensiële skade te voorkom.

## 3.3 Rugbyveiligheidsprogramme

Bernard Lapasset (IRB-president) wys in die voorwoord van die *Rugby Ready*-handleiding op die volgende: ”*Since its inauguration, Rugby Ready has established a strong profile as a leading global education resource for the Game’s stakeholders in the important areas of match preparation, technique, injury prevention, management and discipline. Rugby Ready supplements programmes successfully delivered by some IRB member unions such as SmartRugby, RugbySmart and BokSmart established in Australia, New Zealand and South-Africa respectively*.” (IRB, 2011c:2) Die Suid-Afrikaanse onderwyser-afrigter word, soos genoem in paragraaf 3.1, aan die BokSmart-kursus blootgestel omdat alle afrigters, hulpafrigters en skeidsregters BokSmart-gesertifiseer moet wees. Geen wedstryd mag plaasvind indien daar nie voldoen word aan hierdie vereiste nie. Indien ’n afrigter die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus voltooi het, volg die *Rugby Ready*-program. Hierna word die *Rugby*

*Ready*-program van die IRB en die BokSmart-program van SARU bespreek. Om die onderwyser-afrigter se sekuriteit met betrekking tot die twee programme uiteen te sit, gaan hoofsaaklik gefokus word op die areas wat die grootste invloed op die skolerugbyspeler se veiligheid uitoefen, naamlik die duikslagsituasie en die skrum (sien par. 3.2.2).

### 3.3.1 Rugby Ready-program

Die *Rugby Ready*-program is in 2007 deur die IRB bekend gestel om spelers, afrigters en wedstrydbeamptes te onderrig, by te staan en te ondersteun in die belangrikheid van genoegsame voorbereiding vir oefeninge en wedstryde. Die doel is dat rugby gespeel en geniet kan word terwyl die risiko van ernstige beserings verminder word (IRB, 2011c:2). Die program vorm deel van module 9 van die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus (IRB, 2011a:1). Die *Rugby Ready*-handleiding bestaan uit vier gedeeltes, naamlik voor die wedstryd, gedurende die wedstryd, na die wedstryd en wanneer beserings gebeur. ’n Uiteensetting van die vier gedeeltes is in Addendum C aangeheg.

Die gedeeltes binne die *Rugby Ready*-handleiding wat ’n rol kan speel in die sekuriteit van die onderwyser-afrigter en die skolerugbyspeler se veiligheid behels die hieropvolgende sake.

- Voor die wedstryd
    - Spelerontwikkeling oor lang termyn

Daar word ses fases voorgestel vir hierdie ontwikkelingsinisiatief, naamlik die geniet-fase (6-12 jaar), ontwikkelingsfase (12-16 jaar), deelneemfase (15-18 jaar), voorbereidingsfase (17-21 jaar), prestasie-fase (20 jaar en ouer) en die her-investeringsfase (enige ouderdomsgroep).

- Voor deelname

Voordat ’n speler rugby kan speel, moet die afrigter eers ’n paar toetse doen om seker te maak dat die speler gereed is vir rugby. Sodanige speler sal die fisieke eienskappe moet hê, en ook die nodige fiksheidsvlak om te speel, genoegsame

tegniek en vaardigheid, suksesvol gerehabiliteer wees van vorige beserings, bekend wees met die spelreëls, weet wat bydra tot vuilspel en geassesseer word aan die hand van ’n spelersprofiel om te bepaal of die speler fisiek gereed is om deel te neem aan rugby. ’n Spelersprofiel moet vrae stel om inligting oor die volgende areas te verkry, naamlik persoonlike asook naasbestaandes se kontakbesonderhede, mediese besonderhede, kardiovraelys, lewenstyl- en fiksheidsinligting, geskiedenis van beserings, en vorige blootstelling aan rugby. Spesiale aandag moet aan die volgende spelers gegee word: ouderdomsgroepspelers, alle nuwe spelers, spelers met vorige beserings, enige speler met ’n geskiedenis van konkussie, voorryspelers wat al voorheen nekbeserings opgedoen het, en ouer spelers met degeneratiewe kondisies. Wanneer die spelers geassesseer word deur van toetsing gebruik te maak, kan die volgende soort toetse byvoorbeeld gedoen word: funksionele vermoë, krag, spoed, balans, soepelheid, aërobiese uithouvermoë, anaërobiese uithouvermoë en fisieke abnormaliteite.

- Toerusting, omgewing en veiligheidsplan

Spelers se persoonlike toerusting kan bestaan uit mondskerms, kopskerms, rugbystewels en opgestopte toerusting. Tydens die inspeksie voor die wedstryd behoort die skeidsregters potensieel gevaarlike items soos ringe raak te sien, of enige ander voorwerp wat nie binne die IRB-spesifikasies val nie.

Dit is belangrik om te verseker dat die speelomgewing ”*Rugby Ready”* is. Omgewingsake wat in ag geneem moet word voordat daar geoefen of gespeel kan word, is die speelarea, die speeloppervlakte, die speeltoerusting en die klimaat.

’n Belangrike stap in die regte rigting om ”*Rugby Ready”* te wees, is om ’n veiligheidsplan te hê vir noodgevalle. Dit beteken die korrekte mediese toerusting moet byderhand wees en opgeleide mediese personeel moet teenwoordig wees. Belangrike mediese toerusting is die spinale bord, nekstutte, spalke en ’n afrigtersak met noodhulpitems.

- Fisieke kondisie

Die volgende komponente is van belang met betrekking tot die fisieke toestand van die spelers: uithouvermoë, spoed, krag en funksionele bevoegdheid. Deur ’n speler se individuele fiksheid te verbeter, kan verseker word dat die speler minder vatbaar sal wees vir beserings (IRB, 2011c:7).

- Lewenstyl

Om te help met die voorkoming van beserings moet die speler, afrigter en geassosieerde mediese personeel daarop fokus om ’n gesonder liggaam te behou deur ordentlike oefening, dieet, die bestuur van druk, en rus (IRB, 2011c:20). Die onderwyser-afrigter wat nie ’n voltydse afrigter is nie en ook nie al die ondersteuning en opleiding tot sy beskikking het nie, gaan heel moontlik sukkel om te verseker dat skolespelers aan voorgenoemde blootgestel word.

- Opwarming

Een van die redes vir opwarming is om die spelers se risiko om beseer te word te verminder (IRB, 2011c:22). Indien die afrigter en speler nalatig is om op te warm, kan dit lei tot ’n besering.

- Spelbeginsels

Die spelbeginsels word in die *Rugby Ready*-handleiding in ’n sirkeldiagram soos volg uiteengesit (IRB, 2011c:29):




Figuur 3.1: Spelbeginsels

Die beginsels dui aan wat die rugbyspel behels. Om die beginsels te kan uitvoer, is enkele van die eienskappe van rugby wat die spelers onder die knie moet kry, byvoorbeeld om punte aan te teken of om kontinuïteit te skep. 'n Afrigter dra hierdie vaardighede oor aan sy spelers gedurende oefensessies. Die eienskappe bestaan uit die volgende:

- Gedurende die wedstryd
    - Algemene spel
    - Die duikslag
    - Die losskrum
    - Die maalskrum
    - Die skrum
    - Die lynstaan
- Na die wedstryd

    - Afwarming en herstelproses

- Wanneer beserings gebeur

    - Bestuur van ’n besering

Die onderwyser-afrigter moet die vaardighede wat betrekking het op al die voorafgenoemde effektief aan sy spelers kan leer. Indien die spelers nie beskik oor die vaardigheid wat byvoorbeeld met die duikslag gepaardgaan nie, kan hulle moontlik beserings opdoen omdat dit verkeerd uitgevoer word. Die *Rugby Ready*-handleiding bespreek voorafgenoemde eienskappe met behulp van sketse, sleutelpunte vir spelers en wenke vir afrigters (IRB, 2011c:29-58).

### 3.3.2 BokSmart

Die BokSmart-handleiding bestaan uit elf hoofstukke met twee DVD’s. Die BokSmart-inisiatief is op 9 Julie 2009 bekend gestel deur SARU en die Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds (Chris Burger/Petro Jackson Spelersfonds, 2011). Volgens dr. Wayne Viljoen, bestuurder van BokSmart, is die doel van BokSmart om rugby veiliger te maak vir alle spelers, om die aantal ernstige en noodlottige beserings te verminder en om die rugbygehalte op alle vlakke te verbeter (Geldenhuys, 2009). Die program kan dus ’n rol in die skolerugbyspeler se veiligheid speel en sodoende bydra tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit. Die hoofstukgedeeltes binne die BokSmart-handleiding (BokSmart, 2009:7) word in Addendum D uiteengesit. Dié gedeeltes daarvan wat spesifiek verband hou met die studie, word vervolgens bespreek.

- Hoofstuk 2: Effektiewe spel en beheer van die wedstryd

In die hoofstuk word die rol van die skeidsregter voorsien asook die take wat die skeidsregter voor die wedstryd moet uitvoer, soos uiteengesit in Addendum D onder hoofstuk 2 van die BokSmart-program. In hoofstuk 2 word sekere areas van die spel bespreek, naamlik die duikslag, baldraers, die skrum, die lynstaan, losskrums en maalskrums. By elk van die sleutelareas word ’n inleiding rondom die area van die spel gegee, gevolg deur die sleutelfaktore met besprekings en die skeidsregter se rol in die beheer van die spesifieke area. Die sleutelfaktore bestaan uit

tegniek/vaardigheid en die skeidsregter se rol by elk van die areas is om te verseker dat dit veilig uitgevoer word.

- Hoofstuk 3: Regverdige spel en die BokSmart-gedragskode

Die gedragskode se doel is om te verseker dat rugby in die ware gees van die spel gespeel word en dat almal wat betrokke is in die sport hulleself op ’n respekvolle manier gedra. Die belangrikste sake wat in die gedragskode voorkom, handel oor dissipline en veiligheid, vuilspel, toeskouergeweld, skeidsregterbeledigings, wedstrydknoeiery en dwelmmisbruik. Die gedragskode is daaraan toegewy om die spel vir almal veiliger te maak. Dit sluit af deur nie net te noem dat die volledige gedragskode beskikbaar is op ’n DVD nie, maar ook die volgende: ”*It also guarantees accountability and liability of all signed parties to honour the stipulations as set out in the Code of Conduct.*” Sake in die gedragskode (sien Addendum D) wat die veiligheid van ’n speler kan beïnvloed, is vuilspel, geweld en onbeskofte praktyk, asook dwelmmisbruik. Die afrigters moet die gedragskode onderteken wanneer BokSmart gedoen word. Die gedragskode verbind alle rugbydeelnemers kontraktueel daartoe om die inhoud daarvan te eerbiedig wanneer dit onderteken word. Die afrigter moet dus ’n poging aanwend om seker te maak dat sy spelers hulle nie skuldig maak aan vuilspel, geweld en onbeskofte praktyk, of dwelmmisbruik nie.

- Hoofstuk 4: Bestuur van rugbybeserings

Hoofstuk vier bespreek die primêre ondersoek, sekondêre ondersoek, behandeling van sagteweefselbeserings en harsingskudding wat almal met mediese behandeling gepaardgaan. Die primêre ondersoek bestaan uit die ”HHH” wat oor ”*hazards*”, ”hallo” en ”help” gaan, en die ”ABC” wat oor ”lugweg”, ”asemhaling” en ”kompressie” (k.p.r.) gaan. Die sekondêre ondersoek fokus op die kop, nek en bors. Onder sagteweefselbeserings word wenke gegee hoe om dit te behandel, asook wat vermy moet word. Die gedeelte oor die harsingskudding word begin deur die simptome te noem wat ’n speler met harsingskudding onder lede kan hê, asook vrae wat aan ’n speler gestel kan word om seker te maak wat sy toestand is. Belangrike tekens van ’n ernstige kopbesering word voorsien en ’n riglyn van wat om nié in die eerste 48 tot 72 uur na ’n voorval te doen nie. Elke aspek word bespreek aan die hand van ’n

oorsiglys en gekleurde foto’s. Persone wat die veiligheidsprogram bywoon, ontvang ’n gids oor harsingskudding wat die grootte van ’n bankkaart is, sodat die afrigter dit altyd beskikbaar kan hê.

Rehabilitasie en die terugkeer tot die speelveld word kortliks aan die einde van hoofstuk vier bespreek. Daar is hoofsaaklik vier fases wat geassosieer kan word met die herstelproses na ’n besering, naamlik tyd van die besering, inflammatoriese fase (4-6 dae), herstelfase (5 dae tot 10-12 weke), en die opmaakfase (21 dae tot 6-12 maande). BokSmart se *Return to Play*-dokument kan volgens die handleiding op hul webblad gevind word.

- Hoofstuk 5: Fisieke voorbereiding en hersteltegnieke

Hoofstuk vyf bestaan uit die fundamentele feite van opwarming, die strukturering van opwarming, vyf fases van opwarming, herstelstrategieë en strekke met wenke en kleurfoto's.

- Hoofstuk 6: Gradering van spelers voor deelname

Die handleiding beklemtoon die uiterste belang daarvan om rugbyspelers voor deelname te gradeer. Hiervolgens word aspekte van ’n speler se persoonlike en familiegeskiedenis bepaal wat sodanige speler moontlik in ’n groter gesondheidsgevaar sou kon stel terwyl hy op die rugbyveld is. Die belangrikste aspekte om in hierdie verband in ag te neem, is kardiovaskulêre siektes, harsingskudding en ander neurologiese beserings. Volgens die handleiding is die vorms wat ingevul word om gradering te doen, vir die afrigters op die BokSmart- webtuiste beskikbaar.

- Hoofstuk 7: Toetsing voor die seisoen en die fisieke profiel van ’n speler

Toetsing van spelers voor die seisoen begin, verskaf aan die afrigter belangrike inligting rondom die speler se liggaamsbou asook vlakke van sterkte, spoed, krag, soepelheid, ratsheid en hart-en-asemhalingsuithouvermoë. ’n Tipiese toetsprosedure sal uit die volgende bestaan: konsultasie, antropometrie (mensmeting), soepelheid, spoed en ratsheid, krag, spiersterkte, fiksheid en herhaalde naelloopvermoë. Elkeen van die prosedures word kortliks omskryf in die handleiding.

- Hoofstuk 8: Beskermende toerusting in rugby

Om beter beheer uit te oefen oor die industrie van beskermende toerusting het die IRB ’n dokument met spesifikasies en aanwysings bekend gestel wat op hul webwerf beskikbaar is. Beskermende toerusting kan soos volg gekategoriseer word: mondskerms, kopskerms, opgestopte- en kompressietoerusting. Elke beskermende toerustingsoort word kortliks bespreek, met praktiese wenke vir elk.

- Hoofstuk 9: Veiligheid in die speelomgewing

Afrigters en skeidsregters moet gereeld besluit of ’n wedstryd gespeel mag word of nie. Faktore wat dié besluit sal beïnvloed, behels teenwoordigheid en beskikbaarheid van die basiese mediese toerusting, asook ander eksterne faktore soos ’n geskikte aksieplan en mediese toerusting vir ’n noodtoestand, beskikbare fasiliteite, en ekstreme omgewingskondisies. Daar is twee kategorieë naamlik die goud en die groen kategorie, waarin die faktore val afhangende van watter tipe wedstryde gespeel of tipe toernooi gehou word. Elke kategorie het minimumvereistes waaraan voldoen moet word. In hoofstuk 9 van die handleiding word die minimumvereistes vir die twee kategorieë uiteengesit, asook watter tipe wedstryde in watter kategorie val. Riglyne vir omgewingskondisies asook die vereistes vir die assessering van veilige omgewingskondisies word kortliks genoem.

- Hoofstuk 10: Protokol vir ernstige beserings

SARU en BokSmart het ’n SICM (*serious injury case manager*) aangestel om bystand te verleen aan SARU met betrekking tot die aanvaarbare bestuur van ernstige en/of katastrofiese rugby georiënteerde beserings. Riglyne word in die hoofstuk gegee van wat gedoen moet word vanaf die oomblik wat ’n speler ’n ernstige en/of katastrofiese besering opdoen. Elke rolspeler (klub/skool/span, provinsiale rugbyunies en SARU) se verantwoordelikheid in hierdie verband word uiteengesit.

- Hoofstuk 11: Kragwerk en kondisionering vir effektiewe rugby

Die fisieke vereistes wat rugby aan spelers stel, is kompleks en dit is noodsaaklik dat alle spelers die kenmerke hiervan wat in Addendum D onder hoofstuk 11 weergegee word, voortdurend verder moet ontwikkel.

In hoofstuk 11 word voorbeelde van oefeningsriglyne vir voor die seisoen se begin en tydens die seisoen kortliks bespreek, asook kondisionering wat spesifiek daarop gemik is om nekbeserings te verminder. Om hierdie kondisionering effektief te doen, moet die onderwyser-afrigter oor die nodige apparate beskik soos in die grafika van die handleiding aangetoon word.

### 3.3.3 Implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter

Die DVD's stem ooreen met die BokSmart-handleiding en bevat videosnitte en uitbreidings van sake wat in die handleiding voorkom. Dieselfde DVD's word gebruik vir afrigters, skeidsregters en administrateurs wanneer hulle BokSmart se rugby-veiligheidsprogram volg. Die term "veiligheid" word deurlopend gebruik en dit is duidelik dat BokSmart rugbyveiligheid wil bevorder. Die uitvoering van die kennis wat die afrigters in die sessie van drie uur lank opdoen, is 'n punt van onsekerheid. Afrigters word daarom aangeraai om tuis selfstudie te doen aan die hand van die materiaal wat tydens die sessie voorsien word. Daar word baie gefokus op die kondisionering en voorbereiding van die spelers, asook hul veiligheid deur te verwys na beskermende toerusting, die speelomgewing, en beserings wat kan verband hou met enige een van die voorafgenoemde. Al hierdie faktore het implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, asook vir die veiligheid van die speler.

## 3.4 Rugbyreëls

*Vowles v Evans and Others 2002* EWHC 2612 (QB) (hierna: *Vowles v Evans*), en ook *Smoldon v Whitworth* wat in paragraaf 2.4 bespreek is, handel albei oor gemeenregtelike elemente vir deliktuele aanspreeklikheid. 'n Skeidsregter van 'n senior rugbywedstryd is aanspreeklik gehou na 'n ernstige besering aan 'n voorspeler. Skolerugbyspelers kan ook aanspreeklik gehou word, soos in *Hattingh v Roux* (sien par. 2.4.1.1). In die hofsaak word verwys na die afrigter, mnr. Malan, wat nie bewus was van 'n totaal ander beweging as om die skrum meer na links, of meer na regs te beweeg nie. Die afrigter sou nie meegedeel word van die onwettige

beweging nie omdat die afrigter voorkom as ’n persoon wat nie gevaarlike en onwettige bewegings sou toelaat nie. Hieruit blyk duidelik dat die afrigter by die spelreëls gehou het, nie aanspreeklik gehou is nie en daardeur sy sekuriteit versterk het.

Die verweerder in *Hattingh v Roux* het as ’n verweer die stelling gemaak dat Hattingh wettiglik ingestem het tot die risiko om beseer te word. Die verweerder het gesteun op die uitspraak in *Boshoff v Boshoff 1987* (2) SA 695 (O) waar ’n eiser ’n eis ingestel het vir skade gely as gevolg van ’n besering wat in ’n muurbalwedstryd opgedoen is. Die eis van Boshoff is van die hand gewys en die hof het beslis dat die eiser wettiglik ingestem het tot die risiko van ’n besering. Hierdie verweer staan as die *volenti non fit iniuria*-beginsel bekend, soos onder die lement van nalatigheid bespreek is in par. 2.8.3.

Die regter in *Hattingh v Roux* het die volgende opmerking gemaak in die aanloop tot die hof se finale beslissing:

> *It is submitted that injuries resulting from actions which are, strictly speaking, forbidden by the rules of the game, can also be lawful where such actions occur normally in the course of the game. Thus the tackling of a rugby player after he has parted with the ball or an off-side tackle is a trespass according to the rules, but it is a normal incident and the penalty awarded for it is, as it were, part of the game. On the other hand, serious aggressions which are prohibited by the rules of the game and which do not normally occur in the game, e.g. blows with the fists in rugby, are unlawful despite the consent of the injured.*

Anders gestel, die regter sê dat indien die beserings as gevolg van ’n aksie is wat daarvoor bekend is om redelikerwys in ’n rugbywedstryd te gebeur, dit as regmatig beskou word. As die beserings egter plaasvind as gevolg van ernstige aggressie wat nie normaalweg met die rugbyspel geassosieer word nie, word dit as onregmatig beskou en is dit dus vervolgbaar. Met verwysing na laasgenoemde, noem die regter twee voorbeelde, naamlik as ’n speler sy opponent met die vuis aanrand of opsetlik ’n skop teen die kop toedien. Hieruit kan afgelei word dat daar nie algemeen aanvaar

kan word dat alle oortredings van die reëls wat tot beserings lei, maar net deel van die risiko van die spel is nie, maar dat sekere van die oortredings as onregmatig beskou kan word. Op grond hiervan kan die persone wat daarvoor verantwoordelik is vervolg word, hetsy die afrigter of die rugbyspeler.

### 3.4.1 IRB-rugbyreëls

In *Vowles v Evans*, *Smoldon v Whitworth* sowel as *Hattingh v Roux* word daar na reël 6 (wedstrydbeamptes) en 20 (skrum) verwys. Hierdie drie hofsake asook die studie van Posthumus en Viljoen (2008) (sien par. 3.2.2) identifiseer spesifieke reëls wat moontlik 'n invloed kan uitoefen op die onderwyser-afrigter se sekuriteit en die veiligheid van die skolerugbyspeler. Daarom word aspekte rondom reël 3, 8, 10, 15, 16 en 17, asook die onder 19-variasiereëls, wat betrekking het op die huidige studie ook bespreek. Die genoemde reëls word in die IRB-reëlboek gedefinieer en volledig beskryf.

- Reël 3: Hoeveelheid spelers – die span

Reël 3.5 handel oor geskikte, ervare spelers en spelers met ondervinding in die voorry. Reël 3.5(a) bepaal dat van nommer 1-15 moet drie spelers in die voorry kan speel, van nommer 1-18 moet vier spelers in die voorry kan speel, van nommer 1-22 moet vyf spelers in die voorry kan speel, en van nommer 1-23 moet ses spelers in die voorry kan speel. Reël 3.14(c) bepaal dat wanneer 22 of 23 spelers genomineer word in 'n span, moet daar genoeg voorryspelers wees wat haker, vaskopstut en loskopstut kan speel. Die voorgenoemde moet almal geskikte, ervare spelers met voldoende ondervinding wees, sodat die spel veilig met mededingende skrums kan voortgaan. Reël 3.5(b)(c)(d) bevestig hierdie voorwaardes.

Reël 3.6-3.12 handel oor permanente en tydelike plaasvervangings van alle spelers in enige posisie. Reël 3.13 is spesifiek bedoel vir voorryspelers wat permanent afgestuur is, tydelik afgestuur is of beseer is. Reël 3.13(a) bepaal dat indien 'n voorryspeler die veld verlaat vir enige rede soos genoem, en daar nie 'n voorry-plaasvervanger is nie, moet nie-mededingende skrums beveel word. Dit is nie die verantwoordelikheid van 'n skeidsregter om te bepaal of die voorry 'n ervare voorry-

speler met ondervinding is, én of daar 'n voorry beskikbaar is nie. Nadat 'n voorryspeler die veld verlaat het vir enige rede soos genoem, of die plaasvervanger-voorry verlaat ook die veld vir enige rede soos genoem, moet die skeidsregter volgens reël 3.12(b) voor die aanvang van die daaropvolgende skrum vir die spankaptein vra of daar nog 'n speler in die span of op die reserwebank is wat voorry kan speel. Indien die kaptein 'n speler van die reserwebank kies, moet hy 'n ander speler op die veld nomineer om die veld te verlaat vir die tydperk wat die plaasvervanger op die veld is. Wanneer die oorspronklike speler terugkeer, mag die genomineerde speler wat die veld moes verlaat, volgens reël 3.13(c) terugkeer na die veld. Reël 3.13(d)(e)(f) handel oor die skeidsregter se magte om op nie-mededingende skrums te besluit indien daar nie ervare voorrye met ondervinding beskikbaar is nie. Die besluit kan voor of gedurende die wedstryd plaasvind. Die spesifieke reëls rondom die plaasvervangers is om spelers wat nie ervare voorryspelers is nie te beskerm. Indien die skeidsregter hierdie reëls toepas, kan die situasie voorkom word wat tot die hofsaak *Smoldon v Whitworth and Nolan* aanleiding gegee het.

- Reël 6: Wedstrydbeamptes

In die gedeelte word genoem dat elke wedstryd onder die beheer is van wedstrydbeamptes wat bestaan uit die skeidsregter, twee lynregters of assistent-skeidsregters. Addisionele lede mag ingesluit word, afhangende van die wedstryd-organiseerders. Wat van belang is, is reël 6.A.4(a), wat lui dat die skeidsregter alle reëls in elke wedstryd regverdig moet toepas. Reël 6.A.6(a) bepaal dat die skeidsregter met die assistentskeidsregters sake met betrekking tot sy pligte mag bespreek. Gevaarlike spel kan voorkom wat risiko's vir die spelers inhou, en daarom bepaal reël 6.A.7(f) dat die skeidsregter sy fluitjie moet blaas wanneer dit gevaarlik is om die spel te laat voortgaan, of wanneer daar 'n kans is dat 'n speler ernstig beseer is. Indien 'n speler afgestuur is, moet die skeidsregter volgens reël 6.A.12 'n geskrewe verslag van die oortreding so gou as moontlik by die organiseerders inhandig. Reël 6.B.4(b) bepaal dat 'n lynregter die speelveld mag binnegaan wanneer hy aan die skeidsregter 'n oortreding of gevaarlike spel uitwys. Die lynregter

mag dit slegs doen wanneer daardie bal doodgegaan het, met ander woorde die spel het vir ’n oomblik gestop.

- Reël 8: Voordeel

Die voordeelreël se doel is om die spel minder te stop en meer vloeiend te maak. Spelers word aangemoedig om die spel te speel totdat die fluitjie blaas. Wat hier van belang is, is reël 8.3(d)(e). Reël 8.3(d) bepaal dat ’n skeidsregter nie voordeel kan speel wanneer ’n skrum inmekaar geval het nie. Die skeidsregter moet dadelik sy fluitjie blaas indien dit gebeur. Reël 8.3(e) bepaal dat wanneer ’n speler wat in die skrum is, opgelig word in die lug of opwaarts uit die skrum geforseer word, moet die skeidsregter onmiddellik op sy fluitjie blaas. Die reël is spesifiek daargestel om die veiligheid van die voorryspelers te bevorder.

- Reël 10: Vuilspel

Vuilspel word gedefinieer as enigiets wat ’n speler binne die speelarea doen wat teen die letter en die gees van die reëls van die spel is. Dit sluit obstruksie, onregverdige spel, herhaalde oortredings, gevaarlike spel en wangedrag wat skadelik is teenoor die spel in.

Reël 10.2(a) handel oor opsetlike oortredings en stipuleer dat geen speler enige rugbyreël opsetlik mag verbreek nie, of die spel onregverdig speel nie. Reël 10.3(a) handel oor herhaalde oortredings en bepaal dat ’n speler nie die reëls herhaaldelik mag verbreek nie. Verder bepaal reël 10.3(a) dat die vraag of die speler bedoel het om te oortree, irrelevant is.

Reël 10.4 handel oor gevaarlike spel en wangedrag en aksies wat hieronder ressorteer en word in Addendum B uiteengesit. Sekere van hierdie aksies kan as onregmatig beskou word.

Reël 10.5-10.7 handel oor strafmaatreëls, die geel- of rooikaart en die afstuur van ’n speler. Reël 10.5 bepaal dat ’n speler wat oortree het, moet óf gewaarsku word óf tydelik afgestuur word vir ’n tydperk van tien minute speeltyd. ’n Speler kan ook permanent afgestuur word. ’n Speler wat vir die tweede keer oortree en reeds

gewaarsku is, word afgestuur. Volgens reël 10.6 kan ’n geelkaart aan ’n speler toegeken word indien sodanige tydelik afgestuur word, en ’n rooikaart aan ’n speler wat permanent afgestuur word. Reël 10.7 beklemtoon dat ’n speler wat permanent afgestuur word, nie verder aan die wedstryd mag deelneem nie.

- Reël 15: Duikslag: Baldraer word grond toe geneem

Omdat die duikslag een van die hoërisikogebiede is vir beserings in skolerugby soos genoem in paragraaf 3.2.2, moet die reëls wat spesifiek te doen het met die duikslagsituasie vir die huidige studie se doeleindes deeglik bestudeer word. Reël 15.2 lui dat ’n duikslag nie in die volgende situasie uitgevoer mag word nie: sodra ’n spanmaat van die baldraende opponent aan hom bind, en ’n maalskrum dus gevorm is. Opmerklik word geen reël rondom die duikslagsituasie onder reël 15 bespreek nie. Die aanname kan gemaak word dat dit reeds bespreek is in reël 10 wat oor vuilspel handel, en dat reël 15 spesifiek gemaak is vir wat op die grond gebeur nadat ’n speler geduik is.

- Reël 16: Losskrum

’n Losskrum is ’n spelfase waar een of meer spelers van elke span wat op hul voete is, in fisieke kontak kom rondom die bal wat op die grond is. Gevaarlike spel kan in die losskrum voorkom, byvoorbeeld wanneer ’n speler opsetlik die losskrum laat val en opsetlik in die losskrum kniel of val.

- Reël 17: Maalskrum

’n Maalskrum is daardie spelfase wanneer die speler wat die bal dra, opgehou word deur een of meer van die opponente en een of meer van die baldraer se spanmaats kom bind aan hom. Ten minste drie spelers wat op hul voete is, is nodig om ’n maalskrum te begin wat uit die baldraer en een speler van elke span moet bestaan. Die maalskrum moet in beweging wees na die doellyn. Gevaarlike spel in die maalskrum kom voor wanneer ’n speler die maalskrum laat val. ’n Suid-Afrikaanse rugbyspeler is op 29 Augustus 1980 in ’n maalskrum beseer en van die veld afgedra

met geen gevoel in sy arms of bene nie. Om 03:00 die volgende oggend is Chris Burger in die hospitaal oorlede (Houwing, 2012).

- Reël 20: Skrum

Die doel van die skrum is om die spel vinnig, veilig en regverdig, ná ’n minimale oortreding of ’n stop te begin. Deur nie die reëls van die skrum na te kom nie, kan ernstige gevolge vir die oortreder inhou, soos in *Hattingh v Roux*, waar die regter die opmerking maak dat geen getuie voorgestel het dat enige speler wat deelneem aan die rugbyspel, sal kan dink dat daar ’n risiko vir ’n besering op so ’n manier kan geskied nie. Die regter eindig in par. 74 deur te sê dat ”*this is not the normal type of risk that a participant in a scrum would have consented to*”. Die manier waarna verwys word, is die ”jack-knife”-beweging wat by ’n skrum voorkom en teen die spelreëls is, soos uiteengesit in reël 20.1(f) wat bepaal dat die voorry só gesluit moet wees dat geen speler se kop langs die kop van ’n spanmaat mag wees nie. Reël 20 bestaan uit die volgende sake: vorming van ’n skrum, voorryspelers se posisie, die bind van die spelers in ’n skrum, die span wat die bal in die skrum ingooi, ingooi van die bal in ’n skrum, hoe die skrumskakel die bal moet ingooi, wanneer die skrum begin, voorryspelers, algemene beperkings by die skrum, beëindiging van die skrum, skrum wat draai, onkantspel by die skrum en die onder 19-reëlvariasies. Omdat die skrum een van die hoërisikogebiede is vir beserings in skolerugby, gaan vervolgens gefokus word op daardie reëls wat direk ’n invloed het op die onderwyser-afrigter se sekuriteit en skolerugbyspeler se veiligheid.

  - Reël 20.1: Die vorming van ’n skrum

Reël 20.1(e) bepaal dat ’n skrum uit agt spelers bestaan, met drie spelers in die voorry en twee spelers in die slotposisie. ’n Skrum mag nie met minder as vyf spelers gevorm word nie. Volgens reël 20.1(f) moet die skeidsregter eerstens ’n merk met sy voet maak waar die skrum moet plaasvind, en voordat die voorryspelers inmekaar kom, mag hulle nie meer as ’n armlengte van mekaar af staan nie. Wanneer die skrumskakel reg is met die bal moet die voorrye vooroor buk met hul skouers en koppe nie laer as hul heupe nie. Die voorrye moet só sluit dat geen speler se kop langs die kop van ’n spanmaat mag wees nie. Reël 20.1(g) bepaal, tot Augustus

2013, dat die skeidsregter 'n roep sou maak, naamlik "*crouch*" en "*touch*" waarna die voorrye moes buk en die stutte hul buitenste arms moes gebruik en die opponerende stut se buiteskouer raak. Die skeidsregter sou dan voortgaan en "*set*" roep. Sedert die middel van Augustus is die roepe "*crouch*", "*bind*" en "*set*", wat ten doel het dat die voorrye beter sal bind en dat die skrums nie so dikwels sal inval nie. Die voorrye mag op die bevel "set" inslaan. Reël 20.1(i) noem dat dit gevaarlike spel is vir 'n voorry om van 'n afstand af in te storm. Reël 20.1(j) bepaal dat die skrum stil gehou moet word totdat die skrumskakel die bal ingooi waarna hulle kan begin stoot.

- Reël 20.2: Voorryspelers se posisie

Wat by reël 20.2 belangrik is, is dat in reël 20.2 (a)(b)(c) genoem word dat die hele voorry albei voete op die grond moet hou met die liggaamsgewig op ten minste een voet.

- Reël 20.3: Die bind van die spelers in 'n skrum

Bind word gedefinieer as wanneer 'n speler aan sy spanmaat bind, moet die speler se hele arm gebruik word om aan sy spanmaat se lyf te bind by die armholte of net onder die armholte. Deur net 'n hand op 'n spanmaat te plaas, is onvoldoende. Reël 20.3(a)-(d) handel oor die voorry se bind. Reël 20.3(a) bepaal dat die hele voorry moet stewig en aanhoudend gebind bly vanaf die begin tot die einde van die skrum.

Reël 20.3(b) is spesifiek op die hakers van toepassing, en bepaal dat die haker onder sowel as bo-oor die stutte se arms mag bind, maar die stutte mag die haker nie tot so 'n mate ondersteun dat hy geen gewig op enige een van twee voete kan plaas nie. Reël 20.3(c) is vir die loskopstutte bedoel, en bepaal dat die loskopstut sy linkerarm aan die binnekant van die vaskopstut se regterarm moet deursit en aan die vaskopstut se trui by sy rug of sy moet bind. Die loskopstut mag nie aan die vaskopstut se bors, arm, mou of kraag bind nie. Die loskopstut mag ook nie afwaartse druk uitoefen nie. Reël 20.3(d) gee voorskrifte vir die vaskopstutte, en bepaal dat die vaskopstut aan die loskopstut moet bind deur sy regterarm buite om die linkerarm van die loskopstut te plaas, om dan aan die loskopstut se rug of sy te bind. Die vaskopstut mag nie aan die loskopstut se bors, arm, mou of kraag bind, of

afwaartse druk uitoefen nie. Reël 20.3(e) bepaal dat die loskopstut en die vaskopstut hul bind mag aanpas mits dit binne die reëls en in ooreenstemming met die vereistes is.

Reël 20.3(f)(g) handel oor die slotte en losvoorspelers se bind. Reël 20.3(h) bepaal dat indien die skrum inmekaarval, die skeidsregter onmiddellik sy fluitjie moet blaas sodat die spelers moet ophou stoot. Reël 20.3(i) bepaal dat indien ’n speler in ’n skrum in die lug gelig word, of opwaarts uit die skrum geforseer word, moet die skeidsregter onmiddellik sy fluitjie blaas sodat die spelers moet ophou stoot.

- Reël 20.8: Die voorryspelers

Reël 20.8(g) bepaal dat ’n voorry nie sy lyf mag draai, laer afsak, opponente trek of enige iets anders doen nie, wat die skrum kan laat inmekaar val. Reël 20.8(h) noem dat dit gevaarlike spel is om die skrum te laat inmekaar val en voorvalle hiervan moet deur die skeidsregter gepenaliseer word. Reël 20.8(i) stipuleer dat ’n voorry nie ’n speler in ’n skrum in die lug mag oplig, of opwaarts uit die skrum forseer nie. Dit word as gevaarlike spel bestempel.

- Reël 20.9: Skrum – algemene beperkings

Reël 20.9(a) bepaal dat ’n speler nie opsetlik die skrum inmekaar mag laat val nie en ook nie opsetlik val of knie in die skrum nie. Dit word as gevaarlike spel bestempel.

- Reël 21: Strafskop en vryskop

Strafskoppe en vryskoppe word aan die nie-oortredende span gegee vir oortredings wat deur die opponente gemaak is.

- Onder 19-variasiereëls

Variasies met betrekking tot die rugbyreëls vir die onder 19-ouderdomspelers kom voor by reël 3, 5 en 20.

- Reël 3

Reël 3.5(c) bepaal dat indien ’n span 22 spelers nomineer, daar ses spelers moet wees wat voorry kan speel. Indien ’n span 23 spelers nomineer, moet daar ses spelers wees wat in die voorry kan speel en drie spelers wat in die slotposisie kan speel. Reël 3.12 noem dat ’n speler wat vervang is, ’n beseerde speler mag vervang en sodoende terug op die veld mag kom.

- Reël 5

Reël 5 handel oor hoe lank ’n rugbywedstryd duur. ’n Onder 19-wedstryd word 35 minute per kant gespeel en die totale duur van die wedstryd mag nie langer as 70 minute wees nie.

- Reël 20

Reël 20.1(f) noem dat die slotte se koppe beide kante van die haker moet wees, en ’n span moet agt erkende voorspelers in die skrum hê. Indien daar nie agt erkende spelers is om in die skrum te speel nie as gevolg van beserings of ’n speler wat permanent/tydelik afgestuur is, dan moet daar minder spelers as agt in ’n skrum wees, en die formasie van die skrum is dus soos volg: met een speler kort van die agt is dit 3-4, met twee spelers kort van die agt is dit 3-2-1, en met drie spelers kort van die agt is dit 3-2. Indien daar nie genoeg spelers is om ’n skrum te vorm in enige van die voorgestelde formasies nie, moet die skeidsregter nie-mededingende skrums vir die res van die wedstryd laat geld.

Reël 20.9(j) bepaal dat ’n span nie meer as 1.5 m mag skrum nie, en reël 20.11(a) bepaal dat ’n span nie die skrum opsetlik mag draai nie. Beide reëls is van toepassing op die veiligheid van spelers in die skrum.

### 3.4.2 Implikasies vir die sekuriteit van die onderwyser-afrigter

Skeidsregters moet die reëls op die veld toepas, en die afrigters moet die reëls op hul beurt tydens oefensessies aan die spelers leer en die spelers moet die reëls gehoorsaam. Die onderskeie rolspelers is dus van mekaar afhanklik. Tydens die bespreking van die reëls moet sterk gefokus word op oortredings by duikslae en skrums. Die afrigters moet die korrekte tegnieke rondom duikslae en skrums aan die

spelers leer. Indien dit korrek oorgedra word, neem die strafskoptelling teen die spelers af. Afrigters leer van korrekte tegnieke en vaardighede deur afrigtingskursusse en rugbyveiligheidsprogramme by te woon. Al drie (reëls, afrigtingskursusse en rugbyveiligheidsprogramme) se doel is om rugby vir die spelers veiliger te maak. Die vraag kan dus gevra word of die drie komponente korrek ”toegepas” word om rugby veiliger te maak. Indien nie, moet vasgestel word watter faktore daarvoor verantwoordelik is, want dit kan die sekuriteit van die onderwyser-afrigter beïnvloed asook die veiligheid van die skolerugbyspeler. Indien die skeidsregter die reëls nie korrek toepas nie, kom sy sekuriteit in die gedrang. Indien die afrigter die reëls nie tydens oefensessies toepas nie, sy span nie inlig van die reëls nie en die spelers die reëls nie nakom nie, kan dit die sekuriteit van die onderwyser-afrigter beïnvloed. Die skeidsregters moet die reëls ken om aangestel te word, en die afrigters moet deur die reëls werk wanneer die kursus bygewoon word en die reëls toepas wanneer hulle afrig. Indien die spelers ook aan die reëls blootgestel kan word deur formele assessering, kan die vraag ontstaan of dit die sekuriteit van die onderwyser-afrigter moontlik positief sal beïnvloed.

## 3.5 Samevatting

Rugbyveiligheidsprogramme is daarop ingestel om die veiligheid van die spel te bevorder deur spesifiek te fokus op die beperking van nek- en rugbeserings. Dit vind plaas deur deurdringend te kyk na die afrigtingsmetodes, asook die reëls en regulasies rondom die aanbied van rugbywedstryde en die afrigting van rugbyspanne. Die voorgenoemde inligting word in die kursusinhoud vervat en oorgedra aan die onderwyser-afrigters wat die kursusse bywoon.

Afrigtingskursusse soos die IRB-Vlak 1-kursus spesialiseer grootliks in die afrigting van die tegniek en vaardigheid van spelers waarby beplanning ’n groot rol speel. Die kursusinhoud van hierdie kursus dek alle aspekte van die spel, om die afrigter sodoende goed af te rond, in plaas daarvan om net areas te betrek met ’n hoë risiko waar beserings meestal voorkom.

Rugbyreëls fokus al hoe meer op die veiligheid van die spelers. Wanneer spesifiek aandag gegee word aan reëls wat verband hou met areas van die spel wat ’n hoë

risiko inhou, en waar die meeste ernstige beserings voorkom, naamlik die skrumsituasie, die duikslag en vuilspel, kan waargeneem word dat dit sodanig aangepas word om die spel veiliger te maak. Voorafgenoemde aanpassings moet deur die skeidsregter, onderwyser-afrigter en spelers nagekom word om die veiligheid van die spelers te verhoog.

Die sekuriteit van onderwyser-afrigters word verhoog deur die beskikbaarstelling van kursusinhoud wat die spel veiliger maak asook deur die aanpassing van rugbyreëls. Rugbyreëls word jaarliks hersien en aangepas soos wat die spel ontwikkel. Tydens die afronding van hierdie studie is daar reeds sprake van reëls rondom die skrum wat aangepas gaan word en ’n invloed op skolerugby gaan hê. Die aanpassings is oorweeg om ’n afname in ernstige beserings tydens die skrumsituasie te bewerkstellig.

Die slotsom is dat rugbyveiligheidsprogramme, rugbyafrigtingskursusse en rugbyreëls saam ’n rol speel in die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, deurdat die spelers se veiligheid ’n prioriteit is.

# HOOFSTUK 4: NAVORSINGSONTWERP EN DATA-ANALISE

Hierdie hoofstuk behels ʼn teoretiese uiteensetting van die paradigma waarbinne die studie plaasvind, en die navorsingsmetodologie wat gebruik word. Die tweede deel van die hoofstuk sluit die analise en rapportering van die data in wat tydens die onderhoude ingesamel is.

## 4.1 Inleiding

Die oorkoepelende doel van hierdie navorsing is ʼn ondersoek na die aard van regsaanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in skolerugby, soos geformuleer in paragraaf 1.4. In Hoofstuk 2 is ʼn studie gedoen wat gewys het watter onderwysregtelike determinante ʼn rol speel by die onderwyser-afrigter in skolerugby. Daarna is die ondersteuning en opleiding wat ʼn bydrae kan lewer tot die veiligheid van skolerugbyspelers en die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, in Hoofstuk 3 bespreek.

In paragraaf 1.4 is een van die doelwitte vir die studie ter bereiking van die oorkoepelende doel soos volg gestel: om te bepaal op watter wyse die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls bydra tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit. In die empiriese navorsing word vervolgens ondersoek ingestel om te bepaal of die onderwyser-afrigter die ondersteuning en opleiding wat beskikbaar is, effektief kan gebruik om veiligheid in skolerugby te bevorder en om sodoende die sekuriteit van die onderwyser-afrigter te verhoog. Die aard van die voorgestelde vrae wat tydens die onderhoude gestel is, maak dit moontlik om vas te stel watter tekortkominge bestaan en op watter wyse dit ʼn invloed op die veiligheid van skolerugby en die sekuriteit van die onderwyser-afrigter uitoefen.

Die navorsingsontwerp wat vir die doel van hierdie studie gebruik word, word vervolgens bespreek.

## 4.2 Navorsingsontwerp

ʼn Navorsingsontwerp het ten doel om die uitvoering van ʼn navorsingsdoel in ooreenstemming met bepaalde oorwegings en beperkings te bring (Mouton & Marais, 1992:34). Die navorsingsontwerpsiklus bestaan volgens Hennink *et al.*

(2011: 29) uit vier verweefde stappe, naamlik die “formulering van ’n navorsingsvraag, ontleding van navorsingsliteratuur en teorie, die ontwikkeling van ’n navorsingsraamwerk vir die studie en die keuse van hoe om die werk te benader”. Die navorsingsontwerp vir hierdie studie word vervolgens bespreek.

### 4.2.1 Inleiding

Creswell (2012:3) definieer navorsing as ’n ”process of steps used to collect and analyze information to increase our understanding of a topic or issue”. Voordat die ondersoek gedoen kan word, moet daar eers besluit word watter navorsingsmetode tydens die studie gebruik gaan word. Onderwysnavorsing kan van kwantitatiewe, kwalitatiewe of beide navorsingsmetodes gebruik maak (Mouton, 2002:38-39). Soos reeds in paragraaf 1.5.2.2 aangedui, gaan daar in hierdie studie van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie gebruik gemaak word.

### 4.2.2 Kwalitatiewe navorsingsmetodologie

Die navorsingsproses bestaan volgens Creswell (2012:7) uit ses stappe, naamlik die identifisering van ’n navorsingsprobleem, hersiening van literatuur, spesifisering van ’n doel vir die navorsing, kollektering van data, analise en interpretasie van die data, en ten slotte verslaggewing en evaluering van die navorsing. Volgens Merriam (2009:5) is kwalitatiewe navorsers geïnteresseerd in hoe mense dit wat hulle ondervind, interpreteer, hoe hulle hul wêreld konstrueer en ”what meaning they attribute to their experiences” – dus watter bedoeling of betekenis hulle koppel aan hul ondervindings of ervarings. In hierdie ondersoek is die navorser geïnteresseerd in die leefwêreld en ondervindings van onderwyser-afrigters in skolerugby. Omdat die navorser veral daarop ingestel is om voorgenoemde te verstaan, is die navorsingsparadigma waarbinne die navorsing gaan plaasvind die fenomenologies-interpretivistiese uitgangspunt soos uiteengesit in paragraaf 1.5.2.1. Creswell (2012:20) wys daarop dat die navorsingsontwerp spesifieke prosedures is wat betrokke is by die navorsingsproses, naamlik data-insameling, data-analise en die skryf van ’n verslag.

## 4.3 Navorsingsprosedure

In hierdie studie word individuele onderhoude gebruik om data te versamel. Schwandt (2007:162) beskryf die onderhoud as ’n “*behavioral event*” wat verbale gedrag, uitruil en interaksie behels. Gedurende die onderhoud kommunikeer die navorser en die deelnemer met mekaar verbaal terwyl data uitgeruil word tussen die twee. Die tipe onderhoud wat beplan word, is die mees alledaagse vorm van ’n onderhoud, te wete ’n een-tot-een ontmoeting waartydens die een persoon informasie vanaf ’n ander persoon verkry (Merriam, 2009:88). Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude word vrae aan die deelnemers gestel en die antwoorde op die vrae is die data wat gebruik gaan word (Creswell, 2012:217). Die onderhoud as meetinstrument asook die steekproef word nou bespreek.

### 4.3.1 Meetinstrument

Creswell (2012:214) beskou die onderhoud as een van die vier vorme van kwalitatiewe data-insameling. Hy het die vorme van kwalitatiewe data-insameling in die volgende tabel gedefinieer:

Tabel 4.1: Vorme van kwalitatiewe data-insameling

| Vorme van kwalitatiewe data insameling (Creswell, 2012:214) | | |
|---|---|---|
| Vorm van data-insameling | Tipe data | Definisie van die tipe data |
| Observasie | Veldnotas en aantekeninge | Ongestruktureerde teksdata en foto’s gedurende die observasies geneem deur die navorser. |
| Onderhoude en vraelys | Transkripsies van oop-einde onderhoude of oop-einde vrae op vraelys | Ongestruktureerde teksdata verkry deur transkribering van oudio-opnames van onderhoude of deur transkribering van *open-ended*-response op vrae of vraelyste. |
| Dokumente | Handgeskrewe notas oor dokumente of geskandeerde dokumente | Publieke aantekeninge (bv. notas van vergaderings) en private inskrywings (bv. joernale) wat tot die navorser se beskikking is. |
| Oudiovisuele materiaal | Foto’s, prente, digitaal, objekte en klank. | Oudiovisuele materiale wat bestaan uit foto’s of klank van mense op plekke wat deur die navorser of iemand anders aangeteken is. |

Die tipe data wat vanuit die onderhoude in hierdie studie verkry word, is ongestruktureerde teksdata deur transkribering van oudio-opnames van onderhoude (Creswell, 2012:214). Om te verseker dat die data deursigtig is (Rubin & Rubin, 2005:77), moet die navorser gedurende die onderhoud notas en opnames maak sodat daar na afloop van die onderhoud, daarna gelees of geluister kan word, op voorwaarde dat die vertroulikheid en anomiteit van die deelnemer behou word.

### 4.3.2 Steekproef

Die populasie van die studie bestaan uit al die onderwyser-afrigters wat aktief betrokke is by afrigting van skolerugbyspanne in die Noordwes-provinsie. Volgens Merriam (2009:16-17) is die steekproef in kwalitatiewe navorsing gewoonlik nie-ewekansig, doelgerig en klein teenoor die groter, ewekansige steekproef wat in kwantitatiewe navorsing voorkom. Creswell (2012:206) wys ook daarop dat in kwantitatiewe data-insameling, ’n navorser die steekproef ewekansig kies, maar dat die steekproef in kwalitatiewe navorsing doelgerig gekies word. ’n Steekproef is volgens Train en Ahmed (2007:47) bloot ’n keuse van deelnemers of proefpersone vir ’n studie. Creswell (2012:207) verwys na verskeie tipe steekproefnemings, maar die kwalitatiewe steekproefneming in hierdie studie is doelgerigte steekproefneming (Creswell, 2012:206), met ander woorde die lede van die steekproef word doelgerig deur die navorser gekies om die fenomeen beter te verstaan. In hierdie fase moet die navorser besluit hoeveel deelnemers hy nodig het en wat hul karaktereienskappe behels (Train & Ahmed, 2007:47), byvoorbeeld spesifieke ouderdom, geslag of ligging. Hennink *et al.* (2011:85) beveel aan dat die navorser ’n duidelike beskrywing van sy steekproef benodig om te bepaal wie om uit die populasie te betrek, en hoe hulle genader gaan word. Die fenomeen (verskynsel) waarop in hierdie studie gefokus word, is die sekuriteit van rugbyafrigters in skolerugby. Onderwyser-afrigters in skolerugby is daardie opvoeders wat deurlopend betrokke is by die afrigting van skolespanne wat aan die provinsiale liga deelneem. Die onderwyser-afrigters is dus in die posisie om die fenomeen (hul eie sekuriteit) goed te verstaan en dit die beste te beskryf. Die standaard waarvolgens deelnemers doelgerig gekies word, is deur vas te stel of hulle waardevolle inligting beskikbaar kan stel (Creswell, 2012: 206). ’n

Verskeidenheid afrigters is vanuit skole gekies wat wissel van skole wat in rugby presteer teenoor dié wat glad nie goed vaar nie, asook skole wat in ’n hoër liga speel teenoor daardie skole wat in ’n laer liga speel of selfs glad nie aan ’n liga deelneem nie. Die afrigters se blootstelling wissel ook van afrigters wat weekliks provinsiale spelers by hul skole afrig en selfs provinsiale skoolspanne afrig, teenoor ander afrigters wat nie daardie talentvolle spelers of hoëvlakgeleenthede het nie. Skole wat genader is, is gevra om ’n ervare en ’n minder ervare afrigter beskikbaar te stel, asook die betrokke organiseerder en die skoolhoof, wat dus die laer en hoër vlak van bestuur verteenwoordig.

Tabel 4.2: Seleksie van deelnemers

| Skool: | Liga: | Deelnemers: | Geslag: | Rig tans af: | Rugby-ervaring: | Onlangs provinsiaal afgerig: |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Geen liga<br>Net derbies | Skoolhoof | Manlik | Nee | Minder ervare | Nee |
| | | Rugbyorganiseerder | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| | | Onderwyser 1 | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| | | Onderwyser 2 | Manlik | Ja | Minder ervare | Nee |
| 2 | LSEN | Skoolhoof | Manlik | Ja | Minder ervare | Nee |
| | | Sportorganiseerder | Vroulik | Nee | Onervare | Nee |
| | | Adjunkhoof / Rugbyorganiseerder | Manlik | Ja | Ervare | Ja |
| | | Onderwyser | Manlik | Ja | Minder ervare | Nee |
| 3 | Klein skole | Rugbyorganiseerder | Manlik | Ja | Ervare | Ja |
| | | Onderwyser 1 | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| | | Onderwyser 2 | Manlik | Ja | Ervare | Ja |
| | | Onderwyser 3 | Manlik | Ja | Minder ervare | Nee |
| 4 | Geen liga<br>Net derbies | Adjunkhoof | Manlik | Nee | Minder ervare | Nee |
| | | Rugbyorganiseerder | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| | | Onderwyser 1 | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| | | Onderwyser 2 | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| 5 | Groot skole | Skoolhoof | Manlik | Nee | Ervare | Nee |
| | | Adjunkhoof / sporthoof | Manlik | Ja | Ervare | Ja |
| | | Rugbyorganiseerder | Manlik | Ja | Ervare | Nee |
| | | Onderwyser | Manlik | Ja | Ervare | Ja |
| 6 | Groot skole | Skoolhoof | Manlik | Nee | Minder ervare | Nee |
| | | Sportorganiseerder | Manlik | Nee | Minder ervare | Nee |
| | | Onderwyser | Manlik | Ja | Ervare | Nee |

## 4.4 Etiese oorwegings

Wisker (2008:195) is van mening dat ’n navorser die persoon met wie ’n onderhoud gevoer word, deeglik moet inlig oor wat met die data wat ingesamel word tydens die onderhoud, gedoen gaan word. ’n Navorser mik na indiepte-beskrywings van ’n fenomeen en dit kan beteken dat die deelnemers moontlik private aangeleenthede van hul ervarings met die navorser sal deel. Die proses benodig dus ’n hoë vlak van vertroue (Creswell, 2012:230). Om vertroue te bevorder, word deelnemers met wie die onderhoude gevoer word, van die vertroulikheid en anonimiteit van die proses verseker. Patton (in Creswell, 2012:230) bied ’n kontrolelys van algemene, etiese kwessies aan om in ag te neem, soos wederkerigheid *(*Eng*.: reciprocity)*, raming van risiko, vertroulikheid, beskikbaarheid van data en eienaarskap.

’n Oorsiglys vir etiese kwessies, soos saamgestel deur Patton, aangehaal in Merriam (2009:233) is as aftiklys in hierdie studie gebruik:

- Verduidelik aan die deelnemer die doel van die ondersoek en metodes wat gebruik gaan word om die doel te bereik.
- Beloftes en wederkerigheid.
- Een van die bekommernisse vir die deelnemers is wat die risiko daaraan verbonde is. Vir die doel van hierdie studie word die deelnemers self aan geen risiko blootgestel wat liggaamlik skadelik kan wees nie. Die onderhoude handel oor daaglikse aktiwiteite op die sportveld en die enigste voorsienbare risiko is dat deelnemers moontlik emosioneel kan voel gedurende die onderhoud. Deelnemers is egter in kennis gestel dat hulle mag onttrek aan die onderhoud indien hulle ongemaklik sou voel en dat geen deelnemer gedwing sal word om enige vrae te beantwoord nie.
- Die deelnemer word verseker dat vertroulikheid hoog op prys gestel word en dat persoonlike besonderhede van die deelnemer nie genoem sal word nie.
- Die deelnemer word ingelig dat skriftelike toestemming van hom benodig word voordat die onderhoude mag geskied. Die deelnemer word van ’n toestemmingsvorm voorsien wat hy moet onderteken.

- Deel van die proses behels die toegang tot die inligting nadat dit bekom is en eienaarskap daarvan. Alle rou data is die eiendom van die NWU en die verwerkte sowel as opgeneemde data word in die kantoor van die projekleier gestoor.
- Die onderhoudvoerder moet nie aan ’n geestesversteuring ly nie.
- Om advies te bekom oor etiese aangeleenthede word die NWU se riglyne en beginsels gevolg. Indien verdere advies benodig word, word die studieleier en mede-studieleier genader.
- Etiese optrede, naas wettige optrede, moet in hierdie studie verseker word. Waar dit gewoonlik nie teen die wet is om ’n skool se naam of dié van ’n deelnemer bekend te maak nie, sal dit in die huidige studie wel oneties wees. Daarom is dit belangrik om deurentyd bewus te wees van die etiese prosedures en gevolge om te verseker dat die studie op ’n eties korrekte manier uitgevoer word.

’n Aantal voorgeskrewe stappe moet gevolg word voordat die data-insameling kan begin. Voordat daar met die onderhoudvoering begin is, is die etiese goedkeuring van die Etiekkomitee van die NWU verkry. Magtigingsnommer NWU-00018-11-A2 is aan hierdie projek toegeken. Die primêre doel van etiese goedkeuring is die beskerming van die deelnemers, die navorsers en die werkgewer. ”Die etiese keuring is ’n kwaliteitskontrolemaatreël wat kontroleer of daar eties verantwoordbaar en wettig opgetree word en of alle toepaslike veiligheidsmaatreëls in plek is.” (Brink, 2007:1.) Die etiekaansoekproses, soos uiteengesit in die inligtingshandleiding vir die NWU se etiekaansoekvorm (Brink, 2007:5-6), is stiptelik gevolg.

Voordat die onderhoudvoering kon begin, is aan die Noordwes-provinsie se Departement van Basiese Onderwys, die skoolhoof van elke skool waar die deelnemers werksaam is, en aan elke deelnemer briewe per e-pos gestuur of per hand afgelewer, met inligting rakende die studie en om hul ingeligte toestemming te vra. Deelnemers word in die brief daarvan verseker dat aan die vereistes van die Etiekkomitee van die NWU voldoen is, dat die inligting vertroulik hanteer sal word, dat geen deelnemer geforseer sal word om ’n vraag te beantwoord nie, dat deelname

vrywillig is en dat die anonimiteit van die deelnemers beskerm sal word. Die skoolhoofde en deelnemers onderteken ’n toestemmingsbrief, waarin hulle aandui dat hulle behoorlik oor die navorsing ingelig is, waarna die onderhoude kon begin.

## 4.5 Metodes van empiriese ondersoek

Die metodes van hoe ’n empiriese ondersoek kan plaasvind asook wat die navorser gebruik het, word uiteengesit.

### 4.5.1 Die individuele onderhoud

Onderhoude gee aan ’n navorser die geleentheid om die lede van sy steekproef te ontmoet en inligting rondom emosies, gevoelens en ervarings te bekom (Wisker, 2008:192). Tydens onderhoude moet algemene vrae vir die deelnemers gevra word sodat hulle toegelaat word om hul sienswyse met die navorser te deel. Hulle moet nie gelei word om noodwendig binne die sienswyse van die navorser te antwoord nie (Creswell, 2012:121). Nadat ’n navorser besluit het om onderhoudvoering as ’n data-insamelingsmetode te gebruik, moet daar besluit word watter vorm van onderhoud die beste gaan wees om die fenomeen te verstaan (Creswell, 2012:218). Wisker (2008:194) noem drie soorte onderhoude, naamlik gestruktureerde onderhoude, semi-gestruktureerde, oop-einde onderhoude en ongestruktureerde onderhoude. Simon (2009:198) lig een groot voordeel uit van onderhoude en dit is dat die navorser daar en dan verdere ondersoek kan instel deur byvoorbeeld die deelnemer te vra om op ’n antwoord uit te brei. Vir die huidige navorsing is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer, wat kortliks beteken dat daar verskeie vasgestelde vrae gestel is met genoeg geleentheid vir afwyking, en met die navorser wat dan weer terug beweeg na die vooraf vasgestelde vrae (Wisker, 2008:194-195).

Verskeie stappe is betrokke voor en tydens onderhoudvoering, soos uiteengesit deur Creswell (2012:220-221):

Tabel 4.3: Stappe tydens onderhoudvoering

| STAPPE | TOEPASSING |
|---|---|
| 1. Identifiseer die persone met wie onderhoud gevoer gaan word. | Steekproef (onderwyser-afrigters van skolerugby). |
| 2. Bepaal die tipe onderhoud wat gebruik gaan word. | Semi-gestruktureerde onderhoude. |
| 3. Vind 'n stil en gepaste plek vir die onderhoudvoering. | 'n Plek waar daar nie 'n geraas is wat kan inmeng met klankopname nie en onderhoud afgehandel kan word sonder enige onderbrekings, is in 'n beskikbare kantoor of leë klaskamer by die skool van die onderwyser-afrigter. |
| 4. Verkry toestemming vanaf deelnemer om deel te neem aan die onderhoud. | Onderwyser-afrigter moet voor die onderhoud 'n toestemmingsbrief onderteken wat ingeligte toestemming verleen. Voordat onderhoud begin, moet persoon ingelig word van die doel van die onderhoud, hoeveel tyd die onderhoud sal neem, planne om die data te gebruik en die beskikbaarheid van 'n opsomming van die studie nadat dit afgehandel is. |
| 5. Gedurende die onderhoud, neem die vrae en antwoorde op. | Klankopnemer word gebruik. Deelnemers word daarvan ingelig en mag onttrek indien die deelnemer ongemaklik voel oor die gebruik van 'n klankopnemer. |
| 6. Neem kort notas. | Neem notas ingeval die opnemer nie korrek werk nie. |
| 7. Het 'n plan in plek, maar wees ook buigsaam. | Bly by die vasgestelde vrae, maar wees ook buigsaam wanneer afwyking nodig is. Gun die persoon die geleentheid om sy vraag klaar te beantwoord voordat aanbeweeg word. |
| 8. Gebruik soms peilende vrae om addisionele inligting te bekom. | Sub-vrae onder elke vraag kan gebruik word om sommige antwoorde beter te verstaan en om daarop uit te brei. |
| 9. Wees beleef en professioneel wanneer die onderhoud afgehandel is. | Maak die onderhoud klaar deur die persoon te bedank vir sy deelname en verseker hom van die vertroulikheid van die data wat verkry is. Vra of die persoon belangstel in 'n opsomming van die data. |

### 4.5.2 Datagenerering en -analise

’n Onderhoudskedule is ’n vorm wat deur ’n navorser ontwerp word. Dit bevat die instruksies vir die onderhoudproses, die vrae wat gestel gaan word en ’n plek waar notas deur die navorser aangebring kan word (Creswell, 2012:225). Die onderhoudskedule vir die huidige studie het uit vyf afdelings bestaan, naamlik algemene agtergrond en posisie van die spesifieke onderwyser-afrigter, wetgewing, opvoedersekuriteit, rugbybeserings en veiligheid, en die bydrae of ondersteuning van sekere rolspelers. Hierdie hooffokusse of afdelings het vanuit die literatuuranalise ontwikkel, maar het nie noodwendig bepaal watter kategorieë en temas uiteindelik geïdentifiseer is tydens die data-analise wat gevolg het nie. Die navorser was steeds oopgestel vir nuwe fokusse en tendense wat tydens die analise na vore kon kom.

Die eerste afdeling van die skedule handel oor die algemene agtergrond van die onderwyser-afrigter, en bestaan uit vrae wat aan die navorser ’n agtergrondskets van die persoon kan gee. Vrae wat gestel word, is onder andere om ’n beskrywing te gee van hoe die deelnemer sy taak as rugbyafrigter ervaar en of sy ervaring van afrigting die afgelope paar jaar verander het. Met die BokSmart-inisiatief wat in 2009 deur SARU bekend gestel is (sien par. 3.3.2), is dit moontlik dat die onderwyser-afrigter nuwe kennis opdoen.

Die rol van die reg in opvoedersekuriteit staan sentraal in hierdie studie. In Hoofstuk 2 is daardie regsdeterminante wat van toepassing is op die studie bespreek. Op grond hiervan word ook in die onderhoude op wetgewing en die gemenereg gefokus. Die onderwyser-afrigter se kennis van en persepsies rakende regsbeginsels word in hierdie afdeling bepaal.

Die sekuriteit van die onderwyser-afrigter word onder die opskrif ”Opvoedersekuriteit” ondersoek. Die onderwyser-afrigter se persepsie in die praktyk ten opsigte van opvoedersekuriteit word hier weerspieël.

Ernstige rugbybeserings het ’n invloed op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, en daarom word gefokus op ondersteuning en opleiding soos uiteengesit is in Hoofstuk 3. Hoe die ondersteuning en opleiding aan die onderwyser-afrigters

beskikbaar gestel word en deur hulle toegepas word, kan ’n effek op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter hê. Onder die afdeling ”Bydrae van rolspelers” is menings van die onderwyser-afrigter oor die rolspelers in opvoedersekuriteit en veiligheid gevra, wat op moontlike aanbevelings kan uitloop van hoe probleme opgelos kan word.

## 4.6 Geldigheid en betroubaarheid

Die geldigheid en betroubaarheid van ’n studie is in ’n groot mate afhanklik van die navorser se eties korrekte optrede (Merriam, 2009:228). In kwalitatiewe navorsing is die navorser die data-insamelingsinstrument (Maree, 2007:80) en in hierdie studie gebruik die navorser onderhoude as een van die metodes om hierdie data in te samel. Daar word algemeen aanvaar dat die gebruik van meer as een data-insamelingsmetode tot verhoogde betroubaarheid kan lei (Maree, 2007:80).

### 4.6.1 Geldigheid

”Validity refers to the extent to which an empirical measure adequately reflects the real meaning of the concept under consideration.” (Babbie & Mouton, 2006:119;123.) Die wyse waarop die navorser byvoorbeeld onderhoude benader om data in te samel, moet deurlopend dieselfde wees betreffende alle deelnemers sodat die geldigheid van die studie bevorder kan word.

### 4.6.2 Betroubaarheid

Betroubaarheid word verseker indien ’n bepaalde studie herhaaldelik toegepas word. Dit beteken dat dieselfde resultate verkry gaan word indien die navorsingsontwerp deur dieselfde of ’n ander navorser herhaal word. Maree (2007:113-114) wys daarop dat die betroubaarheid verbeter/versterk kan word deur die volgende riglyne te volg:

- Gebruik data van verskillende bronne om jou bevindings te vergelyk.
- Verifieer rou data wat ingesamel is met die deelnemers tydens onderhoude.
- Hou boek van navorsingsbesluite wat geneem word gedurende die empiriese studie.
- Verseker groter betroubaarheid in die koderingsproses.

- Die navorser moet ander persone wat belange het by die studie, byvoorbeeld studieleiers, toelaat om bevindings, interpretasies en die navorser se gevolgtrekking deur te lees sodat kommentaar gelewer kan word wat ’n bydrae tot die studie kan maak.
- Verifieer en bekragtig jou bevindinge.
- Die navorser moet nie bevooroordeeld wees nie en die stappe volg wat uiteengesit is.
- Die navorser moet deelnemers se aanhalings versigtig kies, om sodoende te voorkom dat daar nie onbewustelik keuses uitgeoefen word wat ’n spesifieke argument sal staaf nie.
- Behou die anonimiteit van die deelnemers deur inligting van die deelnemers vertroulik te hou.
- Verklaar die beperkings van jou studie van meet af aan om die leser te help om beter te verstaan hoe die navorser by die gevolgtrekkings gekom het.

Elke navorser behoort daarna te strewe om ’n geldige en betroubare bydrae tot die navorsingsveld te lewer. Die huidige studie vind plaas vanuit ’n fenomenologies-interpretivistiese uitgangspunt waarna in paragraaf 1.5.2.1 en 4.2.2 verwys is, wat beteken dat die studie gebaseer is op verskillende verskynsels en afleidings van die onderwyser-afrigters. Om te help met die geldigheid en betroubaarheid van die studie vind triangulasie, soos bespreek is in paragraaf 1.5.2.2 en 1.5.2.4, plaas deur die interpretasies van die data te verifieer. Dit gebeur ook deur die interpretasies te vergelyk met dokumente wat tydens die studie ontleed is. Die metodologiese triangulasie behels verskeie kwalitatiewe metodes om die probleem te ondersoek (Guion, 2002:2). Die metodes wat die navorser gebruik het, is onderhoude en dokument-ontleding. Die dokumentontleding is gebruik om die data wat in die onderhoude verkry is, te verifieer. Die navorser het ten slotte data wat in die onderhoude gekry is, onderling vergelyk met data van ander onderhoude. Data van die onderwyser-afrigters op ’n laer posvlak (gewone posvlak 1 onderwysers) is byvoorbeeld met dié van onderwyser-afrigters met ’n hoër posvlak (byvoorbeeld ’n skoolhoof, adjunk-hoof of organiseerder) te vergelyk. Hierdie tipe triangulasie word volgens Guion (2002:1) data-triangulasie genoem.

## 4.7 Data-analise

Teen die agtergrond van die teoretiese aspekte van die navorsingsontwerp, soos uiteengesit is, word die data van die empiriese ondersoek vervolgens geanaliseer en daarna geïnterpreteer. Drie van die doelwitte vir hierdie studie wat spesifiek verband hou met die empiriese ondersoek (sien par. 1.4), is die volgende:

- Om te bepaal op watter wyse die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls bydra tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit.
- Om te bepaal op watter wyse die skoolhoof, beheerliggaam en sportorganiseerder bydra tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter.
- Om te bepaal watter optrede van die onderwyser-afrigter en skole regsaanspreeklikheid in skolerugby sowel as beserings in skolerugby kan verminder.

Die data wat ingesamel is, het die bereiking van voorgenoemde doelwitte ten doel. Deur gebruik te maak van die onderhoude wat met die deelnemers gevoer is, is daar gepoog om die deelnemers se persepsies en menings te verkry, asook hul kennisveld van daardie afrigtingsregsaspekte wat ’n bydrae kan lewer tot opvoedersekuriteit en die veiligheid van ’n skolerugbyspeler.

Soos in paragraaf 1.5.2.1 verduidelik is, is hierdie navorsing benader vanuit ’n fenomenologies-interpretivistiese uitgangspunt. Dit beteken dus dat die data ontleed is, geïnterpreteer word, en daarna aangebied word binne die struktuur van daardie groepe, kategorieë en temas wat na vore gekom het. Vanuit elke kategorie kom sekere temas na vore. Stappe wat gevolg is om by voorafgenoemde uit te kom, is soos volg:


- ’n Navorsingsaanslag is gekies, wat in hierdie studie kwalitatief van aard is.
- Die navorsingsontwerp word saamgestel, soos bespreek in par. 4.2.
- Data-insamelingsmetodes is gekies om persepsies en menings te verkry.
- Die navorser analiseer die data deur die onderhoude te transkribeer en deur te gaan vir ooreenstemmende inhoud wat as data-interpretasie bekend staan.
- Gedurende die data-analise proses is groepe, kategorieë en temas ontwikkel.

Die groepe, kategorieë en temas, soos dit in hierdie analise ontwikkel het, kan soos volg uiteengesit word:

Tabel 4.4: Groepe, kategorieë en temas

| **Groepe** | **Kategorieë** | **Temas** |
|---|---|---|
| Wetgewing | Die Grondwet<br><br>Onderwyswetgewing (SA Skolewet, Wet op die SA Raad vir Opvoeders en die Wet op Indiensneming van Opvoeders)<br>Algemene wetgewing (Kinderwet, Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid) | Veiligheid<br>Kind se beste belang<br>Sekuriteit<br>Pligte van opvoeder<br>Rolspelers in die onderwys<br>Apparate<br><br>Ondersteuning en opleiding |
| Regsaanspreeklikheid | Deliktereg | Handeling<br>Skuld<br>Onregmatigheid<br>Skade |
| Skolerugby | Ondersteuning en opleiding | Sekuriteit van afrigter<br>Veiligheid van speler<br>BokSmart en IRB-Vlak 1<br>Nasionale en Prov. liggame |
| | Veiligheid van die kind | Voorkoming<br>Beserings<br>Sekuriteit<br>(Regsimplikasies) |

Die data-analise word voorgestel met behulp van ’n figuur, soos aangepas uit Rossouw (2011:115):




Figuur 4.1: Data-analiseproses

Figuur 4.1 Die data-analiseproses

Soos hierbo aangedui word, het daar drie hoofgroepe data na vore gekom vanuit die empiriese studie. Die drie groepe is wetgewing, regsaanspreeklikheid en skolerugby. Elkeen hiervan is verdeel in kategorieë wat op hul beurt in temas onderverdeel is. Die groepe met hul kategorieë en temas word vervolgens bespreek. Hierdie data-analise dra by tot data-interpretasie wat daarop volg. Die deurlopende tema, naamlik die sekuriteit van die onderwyser-afrigter en die veiligheid van die skolerugbyspeler kom deurentyd voor, en word tot elke onderdeel verbind.

### 4.7.1 Wetgewing

Ter inleiding kan gerapporteer word dat die meerderheid van die deelnemers onseker is oor wetgewing en regsbeginsels, alhoewel sommige ’n vae idee het van wat nalatigheid is deur dit aan ’n verantwoordelikheid te koppel. Deelnemers wat in ’n hoër gesagsveld optree, naamlik die skoolhoof, adjunkhoof en sommige organiseerders was gemakliker as die afrigters met die wetlike aspekte. Wetgewing verwys na daardie wette wat in paragraaf 2.2.1 as van die bronne van die Suid-Afrikaanse reg geïdentifiseer is. Tydens die data-insameling het verwysings na verskeie wette na vore getree, naamlik die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996), die Kinderwet (38/2005), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (76/1998) en die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se Professionele Etiese Kode.

Sekere van die onderwyser-afrigters voel hulle word nie in hul taak behoorlik deur wette beskerm nie. Hierdie stelling word bevestig met die volgende kommentaar. Een deelnemer antwoord op ’n vraag rondom regsbeginsels dat hulle nie beheer het oor wat op die sportterrein gebeur nie en dan ” … daar’s nie sisteme in plek wat jou eintlik vrystel as daar werklik iets ernstigs gebeur nie …”. Die sportorganiseerder van ’n skool wat gereeld in die stad teen groot skole meeding, vra die volgende: ”As ’n kind sou seerkry, wat is die implikasie vir jou as mens? Gaan die skool die onkoste dra?” ’n Afrigter noem dat hy ”redelik blootgestel” voel, terwyl ’n ander se raad is dat ”… ouens eintlik maar net meer ingelig (moet) wees … veral ten opsigte van die regsaspekte en wanneer hulle ge-*cover* is en wanneer nie …”. Sommige deelnemers

gebruik voorafgenoemde bekommernisse en onsekerhede as redes om op te hou met afrigting.

In die paragrawe wat volg, word verwysings na spesifieke wette bespreek.

#### 4.7.1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Soos in paragraaf 2.3.1 bespreek is, beskerm die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) onder andere die fundamentele regte van almal in Suid-Afrika. Tydens hierdie ondersoek is gevind dat van die deelnemers verskeie aspekte uitgelig het wat verbind kan word met bepalings in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Een deelnemer noem dat ”… die sportgronde basies beveilig word …”, en dit sluit aan by artikel 24(a) wat soos volg lui: ”Elke persoon het die reg op ’n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie.” ’n Ander deelnemer sê: ”’n Mens tree maar in belang van die speler op …”, en dit sluit aan by artikel 28(2): ”’n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.” Die omgewing moet veilig wees en sodoende word die kind beskerm. ’n Adjunkhoof is van mening dat afrigters wat bevele aan seuns oordra om opponente doelbewus te beseer ”... van die afrigtingsrol moet afkom, want hy benadeel die kinders dan op die ou end …”. Indien ’n afrigter so ’n opdrag gee, tree hy strydig met artikel 28(2) op omdat sy optrede nie in die belang van die kind, deelnemer of opponent is nie.

’n Organiseerder beskryf afrigting as ”... absoluut eenvoudig net die ontwikkeling van die kind; dis al wat van primêre belang is, om ’n gebalanseerde kind groot te maak …”. Verder noem ’n skoolhoof dat hulle hul kinders leer om die regte ding te doen: ”… hulle weet wat is reg, hulle weet wat is verkeerd, dit geld vir alles in die skool, jy doen die regte ding …”. Ook hierdie benadering fokus op die kind se beste belang wat in artikel 28(2) neergelê is.

#### 4.7.1.2 Onderwysspesifieke wetgewing

- Die Suid-Afrikaanse Skolewet

In artikel 21 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) word na die toegewese werksaamhede van die beheerliggaam verwys. Artikel 21(1)(a) stipuleer dat die

beheerliggaam verantwoordelik is vir die volgende: ”Die instandhouding en verbetering van die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, indien van toepassing.” In artikel 21(1)(b) word verder gestipuleer dat ”die bepaling van die buitemuurse kurrikulum van die skool en die keuse van vakopsies ingevolge die provinsiale kurrikulumbeleid” die verantwoordelikheid van die beheerliggaam is.

Tydens die onderhoude het die deelnemers redelik gemengde gevoelens getoon oor die rol van die beheerliggaam van ’n skool. In een spesifieke geval word die volgende gesê: ”Die beheerliggaam lê maar die reëls neer van hoe dit moet wees en hoe die sekuriteit rondom die afrigters gehanteer moet word en dit is maar dit.” Een deelnemer wil byvoorbeeld graag die gevoel van ”moenie bang wees nie ons sal aan jou kant wees” vanaf die beheerliggaam ervaar. ’n Afrigter stel voor dat die sekuriteit en veiligheid van die onderwyser-afrigters verbeter kan word. Hy stel die volgende voor: ”Hulle kan definitief kyk om ’n plan in plek te sit, want op die stadium weet ek van geen plan wat in plek is of so iets van die beheerliggaam of die hoof se kant af nie.” Die voorgenoemde deelnemer is ook van mening dat die beheerliggaam hulle ”... ook moet bemagtig en oplei, en sê wat ons moet doen …”. Al die deelnemers is dit nie eens oor die rol van die beheerliggaam nie. Op dieselfde vraag met betrekking tot wat die rolspelers in die onderwys, soos die beheerliggaam, kan doen om die onderwyser-afrigter te beskerm, is een deelnemer se mening dat ”… wat nie gebeur nie; dit sal nie gebeur nie …” en ”... nee glad nie, niks niks niks …”. Laasgenoemde deelnemer glo duidelik dat hierdie rolspelers in die onderwys niks kan doen om sy sekuriteit te beskerm nie.

’n Afrigter opper ”…ons het nie genoeg apparaat nie…”, en beklemtoon dit deur nog ’n keer in die onderhoud daarna te verwys. Die beheerliggaam is ingevolge artikel 21(1)(a) verantwoordelik vir die instandhouding en verbetering van die skool se eiendom. Apparate is deel van die skool se eiendom en sonder die nodige apparate kan afrigting nie effektief plaasvind nie. Apparate is nodig om rugby veiliger aan te bied vir skolerugbyspelers (sien par. 3.3).

Volgens artikel 60(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet kan die Staat onder bepaalde omstandighede aanspreeklik gehou word in die plek van die skool, soos bespreek is in paragraaf 1.2. Onderwyser-afrigters wat nie ingelig is oor die bepaling van artikel 60(1) nie, mag dus voel dat hulle nie beskerm word nie. Die ondersoek toon dat daar ’n behoefte onder die deelnemers bestaan om groter duidelikheid te kry rondom die wetgewing, en meer spesifiek wetgewing met betrekking tot die onderwyser-afrigter en sy omgewing (sien par. 4.7.2).

Samevattend kan dit gestel word dat die onderwyser-afrigter sy taak met meer selfvertroue sal kan aanpak indien hy werklik voel dat daar ondersteuning kom vanaf ’n hoër gesag binne die skool. Op die oomblik blyk dit ’n gevoel te wees van dat hulle alleen staan, en onseker is wat van hulle verwag word.

- Wet op die Indiensneming van Opvoeders

Onderwyser-afrigters kan moontlik sekere take opgelê word en dan nie noodwendig oor die nodige vaardigheid vir die uitvoering daarvan beskik nie. Artikel 11(1)(d) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (76/1998) stipuleer dat ’n werknemer ontslaan kan word ”weens ongeskiktheid vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of onvermoë om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer”. Een deelnemer sê dat ”… nie alle rugbyafrigters tradisioneel rugbysterk is nie; hulle ken nie altyd rugby nie, maar baie van hulle word geforseer om rugby af te rig …”. ’n Organiseerder sê die volgende: ”Ouens word geforseer en gedwing om BokSmart te doen; as jy nie BokSmart het nie, dan rig jy nie af nie.” Die onderwyser-afrigters het nie juis ’n keuse met betrekking tot afrigting nie, omdat hulle moontlik bang kan wees dat hulle hul werk kan verloor of selfs nie eers ’n werk sal kan kry nie. Een onderwyser-afrigter stel dit so: ”Ons het nie eintlik ’n keuse om dit (afrigting) te kan los nie, jy moet dit doen, dit is deel van jou werk (verpligtinge).”

Vanuit ’n ander oogpunt beskou, is een van die deelnemers se mening dat indien ’n kind seerkry, dit die afrigter se werksverrigting kan bedreig en hy kan selfs sy werk verloor as hy nalatig was. ’n Ander onderwyser-afrigter noem ook dat ernstige rugbybeserings ”… jou jou beroep kan kos …”. Artikel 18(1)(e) bepaal dat ’n opvoeder skuldig mag wees aan wangedrag indien hy of sy ”in die uitvoering van sy

of haar plig, sy of haar eie lewe of die lewens van ander in gevaar stel deur gestelde veiligheidsreëls of regulasies te verontagsaam". Wanneer ’n onderwyser-afrigter dus gedurende afrigting die lewe van ’n skolerugbyspeler in gevaar stel deur veiligheidsreëls en -regulasies te verontagsaam, kan dit moontlik as wangedrag beskou word. ’n Deelnemer druk sy bekommernis in hierdie verband soos volg uit: ”Daar is deesdae so baie regulasies wat jy moet nakom ... ." Die persepsie bestaan dus onder afrigters dat die verwagtinge wat daar van hulle gekoester word, besonder hoog is.

- Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders

Onder artikel 3.11 van die Professionele Etiese Kode, wat deel vorm van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO), word bepaal dat die onderwyser redelike stappe moet doen om die kind se veiligheid te verseker. ’n Deelnemer vra homself telkens die vraag af, of hy alles in sy vermoë gedoen het om dit te verhoed, wanneer ’n speler ’n besering opdoen. Dit sluit aan by regsaanspreeklikheid wat in paragraaf 4.7.2 bespreek word, asook by ondersteuning en opleiding in paragraaf 4.7.3.1, waar die onderwyser-afrigter te doen kry met die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus en BokSmart, die rugbyveiligheidsprogram. Hierdie programme is daargestel met die doel om die leerder se veiligheid te bewerkstellig. Hierdie tema – regsaanspreeklikheid – is ’n goeie voorbeeld van hoe die temas in mekaar verweef is. Daar moet in gedagte gehou word dat regsaanspreeklikheid en skolerugby hier onder wetgewing bespreek word, omdat dit aansluit by die spesifieke wet wat bepalings bevat betreffende die kind se veiligheid. Redelike stappe wat deur die onderwyser-afrigter gedoen moet word om die kind se veiligheid te verseker, kan verkry word vanuit opleiding en ondersteuning, maar as daar nie aan die verwagte standaarde voldoen word nie en die kind doen ’n besering op, kan regsaanspreeklikheid ter sprake kom.

4.7.1.3 Algemene wetgewing

- Kinderwet

Artikel 9 van die Kinderwet (38/2005) lui: ”In alle aangeleenthede betreffende die versorging, beskerming en welsyn van ’n kind moet die standaard dat die kind se

beste belang van oorheersende belang is, toegepas word.” Die belangrikheid rondom die kind se beste belang kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Dit sluit aan by artikel 28(2) in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika wat voorheen bespreek is (sien par. 4.7.1.1).

Elke aksie of handeling van die onderwyser-afrigter moet só gerig wees dat dit in die beste belang van die kind is. Verskeie deelnemers verwys na die fisieke voorbereiding van die spelers as ’n belangrike faktor vir die kinders se veiligheid en hul sekuriteit. ’n Afrigter van ’n dubbelmediumskool verduidelik dat sommige rugbyspelers die hele week vir hokkie oefen, ”... maar Saterdag kom speel hy vir jou. Dit stel jou bietjie bloot, want daai outjie oefen nie die hele tyd by jou nie en hy is nie eintlik gekondisioneer om rugby te speel nie.” ’n Ander stel die volgende vraag oor wanneer ’n besering tydens ’n oefensessie, in teenstelling met ’n wedstryd plaasvind: ”Het jy alles in jou vermoë gedoen om daardie besering te verhoed?”

’n Afrigter van ’n provinsiale Cravenweekspan, en opvoeder by ’n vooraanstaande rugbyskool, beskryf sy posisie soos volg: ”Jy sit met 15 of 20 outjies se lewens in jou hande en jy moet hulle voor die tyd behoorlik voorberei … .” Die afrigter voeg by: ”Jy moet hulle liggaamlik fiks maak en sterker maak vir die wedstryd sodat daar nie op die ou einde risiko’s is nie.” Hierdie risiko’s waarna die afrigter verwys, is risiko’s wat verband hou met ernstige beserings wat tot hofsake kan lei, en ’n bedreiging vir sy sekuriteit as onderwyser-afrigter kan wees. Die afrigter moet dus oefensessies so beplan dat dit in die belang van die kind sal wees, om sodoende daardie risiko’s wat gepaardgaan met beserings vry te spring.

- Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid

Artikel 8(2)(e) van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (85/1993) stipuleer die volgende: ”Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van ’n werkgewer se pligte ingevolge subartikel (1), sluit die aangeleenthede waarop daardie pligte betrekking het in besonder in, die verskaffing van die inligting, instruksies, opleiding en toesig wat nodig is om, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk te verseker.”

Net soos wat die skoolomgewing veilig moet wees vir die kind, moet die omgewing veilig wees vir die onderwyser-afrigter as werknemer. 'n Werksomgewing moet dus vir die afrigter geskep word wat hom in staat stel om na die beste van sy vermoë af te rig en die veiligheid van die kind te verseker. Hy moet, as deel van so 'n omgewing wat ook risiko's uitskakel, in die posisie gestel word om ter opleiding programme en kursusse by te woon met betrekking tot rugbyafrigting. Hierdie bemagtiging is in paragraaf 3.3 bespreek. Dit is belangrik dat die werkgewer die geleentheid aan die onderwyser-afrigter gun, en selfs skep om inligting te bekom en opleiding te kry. Hierdie opleiding behels die metodes en tegnieke om rugby veiliger aan te bied, maar behoort ook opleiding in te sluit om onderwyser-afrigters se kennisveld rondom wetgewing uit te brei. Wanneer daar aan deelnemers gevra is of 'n komponent rondom die regte vir die onderwysers by 'n kursus ingesluit kan word, was die reaksies deurgaans positief. Een afrigter sê: "… daar moet absoluut iets ingewerk word, want ek voel 'n ou weet nie. Jy kan nie net afrig sonder dat jy die nodige agtergrond en opleiding het nie …". 'n Ander sê: "Ek dink definitief … 'n ou voel bietjie blootgestel, so dit sal nogal help." So 'n regskomponent binne die opleiding en ondersteuningsraamwerk kan 'n bydrae lewer tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter.

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (85/1993) kan dus die onus op die onderwysdepartement as werkgewer plaas om te verseker dat onderwyser-afrigters as werknemers blootstelling kry aan daardie kursusse wat in paragraaf 4.7.3.1 bespreek word. 'n Deelnemer gee die volgende mening: "... as hulle ons kan bemagtig om ons te laat weet wat ons in plek moet hê om nie 'n eis teen ons te kry nie, dink ek gaan dit dit makliker maak …". Daar moet selfs wyer gekyk word na leemtes rakende regsaanspreeklikheid wat hierna in paragraaf 4.7.2 aangetoon word, vir die onderwyser-afrigters wat 'n behoefte het aan opleiding rondom wetgewing wat op hulle van toepassing is. 'n Afrigter is van mening dat die rolspelers in die onderwys "… moet toesien dat kursusse bygewoon word en dat hulle ten volle ingelig is …". Sodoende kan die sekuriteit van die onderwyser-afrigter verhoog word. Indien die onderwyser-afrigters tydens kursusse meer inligting rondom

regsaanspreeklikheid kan ontvang, kan daar effektiewer na die kind sowel as die onderwyser-afrigter se beste belang omgesien word.

### 4.7.2 Regsaanspreeklikheid

#### 4.7.2.1 Deliktereg

Tydens die bespreking rondom regsbeginsels is daar gefokus op die persepsies van die onderwyser-afrigters ten opsigte van regsbeginsels wat ’n invloed het op die sekuriteit van sodaniges in die praktyk. Dit blyk duidelik uit die onderhoude dat die beginsels onderliggend aan regsaanspreeklikheid vir die meeste deelnemers onduidelik is. Die deelnemers kon nie tersaaklike beginsels noem nie. Een deelnemer sê: ”… ’n ou sal moet duidelikheid kry van wat jou regte as ’n afrigter rondom die veld is. Ek meen, ons is nie 100% seker nie”. Die betrokke deelnemer voeg by: ”’n Ou moet maar die reg verstaan en jy moet weet wat mag jy doen.” Sodoende kan die onderwyser-afrigters hulle met meer gemak toespits op die taak van veilige rugbyafrigting sonder om hulle te bekommer oor moontlike regsaanspreeklikheid. ’n Deelnemer wys daarop dat die afrigters baie negatief is teenoor die rol van die reg: ”Dit is regtig eintlik ’n teer punt vir die ouens, hulle wil dit nie eintlik aanvaar nie.”

In antwoord op die daaropvolgende vraag, naamlik: ”Hoe verstaan u die begrippe ‘nalatigheid’ en ‘aanspreeklikheid’ van die afrigter in terme van ’n kontaksport soos rugby? het ’n redelik onseker deelnemer gesê dat dit seker rondom beserings en noodhulp gaan, en wat jou regte is, en wat”. In ’n ander antwoord is vaagweg verwys na die eerste van genoemde terme: ”…nalatigheid is ’n belangrike ding…” en hy volg dit op met nalatigheid wat ”*obviously* iets is wat jy agtergelaat het sonder dat jy daaraan gedink het …”.

Wat opvallend is, is dat die deelnemers nie die terme nalatigheid en aanspreeklikheid in teorie korrek kon verduidelik nie, wat waarskynlik aandui dat hulle nie enige formele regskennis tydens hulle opleiding as opvoeders opgedoen het nie. Wat hulle wel kan doen, is om dit vanuit die praktyk te identifiseer deur middel van aksies wat verband hou met nalatigheid. Een sportorganiseerder is van mening dat nalatigheid

seker maar is wanneer jy nie gereël het vir noodhulp langs die veld nie. Ander handelinge of lates wat die deelnemers in die praktyk as nalatig identifiseer is:

- ”as jy nie jou voorbereiding gedoen het nie”
- ”jy’t nie vir die kind die gevare beskryf nie”
- As jy nie gronde “basies beveilig” het nie
- ”as hulle afgaan in ’n skrum en hulle kry seer”
- ”’n ou laat speel wat nie opgelei is om in daai spesifieke posisie te speel nie”
- ”as ’n onder 16-seun seerkry in die eerstespan, dan het jy moeilikheid”

Hierdie handelinge of lates wat deelnemers vanuit die praktyk identifiseer, is aksies wat by onder meer BokSmart en ander kursusse aan afrigters ingesluit is. Dit is ’n aanduiding dat die kursusse die onderwyser-afrigter in staat kan stel om te differensieer tussen wat moet gebeur en wat nie moet gebeur nie, om sodoende regsaanspreeklikheid te verhoed. ’n Adjunkhoof van ’n vooraanstaande skool wat bekend is vir hul rugbyprestasies en wat reeds verskeie provinsiale skolespanne asook Beeldtrofee-wenspanne afgerig het, verstaan die begrippe ”nalatigheid” en ”aanspreeklikheid” soos volg: ”Dit is jou BokSmart-storie wat die onderwyser-afrigters deurgewerk het.” Verder noem hy dat elke afrigter moet weet tot waar hy kan gaan en wat sy regte is en nie is nie. Hy voer aan die afrigter moet bewus wees van die veiligheid by ’n oefening sowel as by ’n wedstryd.

Die feit dat deelnemers sekere handelinge of lates vanuit die praktyk in verband bring met regsaanspreeklikheid kan ’n aanduiding daarvan wees dat die rugbyafrigters baat gevind het by die proaktiewe hulpmiddele: afrigterskursusse, reëls en regulasies. In paragraaf 4.7.3.1 word die rol van proaktiewe hulpmiddele bespreek, en wel in dié mate wat dit deur die deelnemers ter sprake gebring is.

Die deelnemers sien aanspreeklikheid as één met nalatigheid. Hulle besef dat hulle soos een deelnemer sê, as ”… ’n onderwyser en ’n afrigter volle verantwoordelikheid

vir daai kind aanvaar …” en indien iets met die skolerugbyspeler gebeur, hulle aanspreeklik gehou kan word as hulle nalatig was.

Een van die deelnemers wat in ’n bestuursposisie is, is van mening dat die onderwyser-afrigters as gevolg van regsaanspreeklikheid, soms voel dat hulle “waagstukke aangaan”. ’n Organiseerder sê: ”… jy’s die heeltyd verantwoordelik en jy moet intree en optree as daar ’n probleem is …”. Die gevoel by ’n paar deelnemers is dat hulle nie baie beheer het oor wat op die sportterrein gebeur nie en daar bestaan nie eintlik sisteme wat hulle kan vrystel as daar iets ernstig sou gebeur nie.

Hieruit kan afgelei word dat die persepsie van talle onderwyser-afrigters is dat hulle verantwoordelik is vir die spelers, en sommige van die deelnemers voel dat hulle aanspreeklik gehou kan word vir iets waaroor hulle nie beheer het nie, en dat hulle nie beskerm word of regte het nie. ’n Afrigter se gevoel is dat daar ”… baie min ouens is wat regtig weet wat is die gevolge en hoe ver hulle gedek word en nie gedek word nie …”.

Om aanspreeklik gehou te word, moet die onderwyser-afrigter nalatig bevind word (sien par. 2.5). Sonder dat die deelnemers dit besef, het sommige met ’n voorbeeld uit die praktyk na een of meer van die vyf elemente van ’n delik verwys, naamlik handeling, onregmatigheid, skuld, kousaliteit en skade. ’n Paar deelnemers het verwys na ’n onderwyser-afrigter wat nie binne die reëls en regulasies van kursusse optree nie.

Die daad word gesien as handeling en kan soos een deelnemer noem ”… verreikende gevolge hê ...” en ’n ander glo dit kan ”…’n helse implikasie wees (sic) op ’n afrigter …”. Onregmatigheid is wanneer ’n handeling sodanige nadelige gevolg veroorsaak het (Neethling & Potgieter, 2010:35). ’n Deelnemer het verwys na noodhulp deur te noem dat hulle nie ’n wedstryd sonder noodhulp mag begin nie. Dit is een van die reëls en regulasies van kursusinhoud wat in paragraaf 4.7.3.1 bespreek word. Om nie noodhulp te reël nie, of om ’n wedstryd te begin sonder noodhulp en ’n kind kry ’n ernstige besering, is ’n handeling wat ’n sodanige nadelige gevolg veroorsaak, dus onregmatigheid.

Skuld hou verband met opset of nalatigheid. Soos vroeër aangetoon, sukkel die meeste deelnemers met die teorie rondom die term ”nalatigheid”, maar hulle kan wel in die praktyk scenario’s na vore bring wat dit duidelik maak dat hulle die begrip verstaan. ’n Deelnemer is van mening dat ’n afrigter sy werk kan verloor as gevolg van nalatigheid op die veld. Hierdie siening van nalatigheid het dus ’n invloed op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter. Een deelnemer neem aan dat aanspreeklikheid eerstens by die onderwyser-afrigter lê, deur die volgende te sê: ” … en die medici is nalatig, glo ek die ouers kan die coach eerstens en dan die skool verantwoordelik hou …”. Die deelnemer beskou dus nie die medici as persone wat aanspreeklik gehou kan word nie.

Skade sluit vermoënskade en nie-vermoënskade in (sien par. 2.10). Mediese onkoste sal vermoënskade daarstel. ’n Onderwyser-afrigter vertel soos volg van ’n persoonlike ervaring waarby hy amper skade gely het en sê ”… ek het nou ’n geval gehad waar ’n kind seergekry het. Toe ek daai rekening kry, toe besef ek ook, nou skielik is ek ook blootgestel want die outjie kon nie sy adres onthou op daardie stadium nie toe sit ek maar myne op, want die ambulans moes weer ry”. Indien die onderwyser-afrigter die rekening moes betaal, sou hy ’n finansiële verlies gely het.

”Provinsiale unies moet meer verantwoordelik gehou word om seker te maak dat medici en paramedici wat by velde is, opgelei moet word in BokSmart, nie noodwendig in, hoe kan ek sê, in medies vlak 1 of vlak 2 nie, maar hulle moet verstaan wat ’n rugbybesering actually is”, is een deelnemer se mening. Hy voeg by dat hul skool sommige spelers het wie se ouers nie aan mediese skemas behoort nie: ”Nou moet jy daai kind self vervoer na ’n hospitaal omdat die top *paramedics* in die dorp by ’n ander skool is.” Verder voer die deelnemer aan dat die rugbyunies nie hul spelers kan afskeep (met verwysing na medies) nie, en dan van hulle verwag om deel te neem in die provinsie, en spelers (ook vanuit agtergeblewe gemeenskappe) op te lewer vir provinsiale rugby nie.

Wetgewing, soos bespreek in paragraaf 4.7.1, is reeds ’n aanduiding daarvan dat die onderwyser-afrigter wel regte het. Afrigtingskursusse en rugbyveiligheidsprogramme is daargestel om die afrigter te beskerm. Om te bepaal in watter mate beskerming

deur afrigtingskursusse en rugbyveiligheidsprogramme volgens die deelnemers gegee word al dan nie, gaan in paragraaf 4.7.3.1 in groter besonderhede uitgebrei word oor die betrokke ondersteuning en opleiding.

### 4.7.3 Skolerugby

#### 4.7.3.1 Ondersteuning en opleiding

Tydens die onderhoudvoering het ’n deelnemer daarop gewys dat van die onderwyser-afrigters dit oorweeg om rugbyafrigting te staak omdat hulle daarna opsien om werklik kennis op te doen en tyd te bestee daaraan om na kursusse toe te gaan.

Dis is uit die data-analise duidelik dat sportafrigters beter beskerm behoort te word om te verseker dat hulle vrywillig betrokke bly. Die rugbyveiligheidsprogram BokSmart en die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus soos in Hoofstuk 3 bespreek is, is twee sulke maatreëls wat in hierdie studie na vore gekom het.

’n Ander deelnemer wys op die volgende: ”Nie alle onderwysers is tradisioneel rugbysterk nie; hulle ken nie altyd rugby nie, maar baie van hulle word geforseer om rugby af te rig … .” Hierdie onkunde kan lei tot nalatigheid aan die kant van die onderwyser-afrigter, maar die bywoning van kursusse kan aan die onderwyser-afrigter die nodige kennis gee om nalatigheid te voorkom. Onkunde kan dus die sekuriteit van die onderwyser-afrigter beïnvloed. Tydens die data-analise is opgemerk dat hierdie soort onsekerheid afrigters se werksverrigting bedreig omdat dit plaas baie druk op ’n onderwyser-afrigter.

’n Adjunkhoof is van mening dat een faktor wat die onderwyser-afrigter se sekuriteit kan beïnvloed, veral ”…’n skeidsregter is wat nie in beheer van die wedstryd is nie …”. ’n Skeidsregter, volgens die genoemde deelnemer, kan nogal risiko’s in ’n wedstryd verhoog as hy nie regtig opgelei is nie ”… of met een oog toe blaas …”.

Die sekuriteit van die onderwyser-afrigter en die veiligheid van die skolerugbyspeler het ’n nou verband met die temas van ondersteuning en opleiding. Die verband kan deurgaans raakgesien word en die deelnemers dra kennis van die voordele van die kursusse en die opbou van kennis wat tot hulle verhoogde sekuriteit kan lei.

- BokSmart

In die onderhoude was daar slegs een deelnemer wat nie van BokSmart kennis gedra het nie. Die res van die deelnemers is wel bewus van BokSmart en die inhoud daarvan.

Die deelnemers is van mening dat die kursusinhoud van BokSmart die spel definitief veiliger maak en dat sodanige kursusse ’n groot invloed op die veiligheid van die spel uitoefen. Die mening van ’n adjunkhoof is soos volg: ”Ek dink dit het baie te doen met die sekuriteit en die veiligheid van die afrigter … ek is bly dit het begin.” Hy noem ook dat die nuutste afrigtingsmetodes daarop ingestel is om te help dat spelers beseringsvry van die veld kan afstap.

Sommige deelnemers is van mening dat as die riglyne van die kursusinhoud gevolg word, daar nie eintlik ’n probleem sal wees vir die afrigter nie, alhoewel die persepsie steeds bestaan dat die afrigter die aanspreeklikheid het, al word die riglyne gevolg. ’n Deelnemer beskryf dit emosioneel soos volg: ”… hulle (die onderwyser-afrigters) is baie negatief teenoor dit …” en ”… dit is regtig ’n eintlike teer punt vir die ouens …”, met verwysing na die aanspreeklikheid van afrigters.

Sommige van die deelnemers is van mening dat hulle nie die reëls en regulasies van BokSmart kan nakom nie, as gevolg van eksterne faktore soos leerdergetalle, apparate en die tydsfaktor. Wanneer ’n skool nie genoeg leerders het om hul eerstespan te vul nie, mag hulle nie ’n 16-jarige gebruik nie, noem ’n organiseerder. Hy sê ook dat indien hulle die speler daar wil laat speel, hy eers getoets moet word en daarop voorberei word. Dit beteken dat die skool met lae getalle nie spanne op die veld sal kan stuur nie. ’n Ander afrigter sluit hierby aan deur te noem ”… ons (het) nie baie kinders om vanuit te kies nie …” en ’n organiseerder lig sy bekommernisse uit deur te beklemtoon dat ”… ons het nie kinders nie, ons het nie die getalle nie, ons het nie …”. Deur nie genoegsame getalle te hê nie, terwyl daar van ’n span verwag word om in die liga te speel, kan onderwyser-afrigters geneig laat voel om spelers in posisies te speel waarvoor hulle nie gekondisioneer of afgerig is nie. Dit kan tot ernstige beserings lei.

Die skool en die onderwyser-afrigter probeer volgens die BokSmart-reëls en -regulasies optree om die veiligheid van die skolerugbyspeler te bevorder, maar ongelukkig het hulle nie beheer oor die beskikbaarheid van mediese dienste nie. Die beskikbaarheid van ambulanse en noodhulppersoneel is volgens een deelnemer ’n probleem vir die skole. Die oplossing kan wees om noodhulp van binne die skool op die been te bring, maar met die regsimplikasies kan dit moeilik wees om persone te kry wat daarmee sal wil uithelp, soortgelyk aan die tendens van onderwyser-afrigters wat nie betrokke wil raak nie as gevolg van die regsimplikasies. ’n Adjunkhoof sê ”… wat vir my partykeer gevaarlik is, is die noodhulp self. Dis gevaarlik, die ouens wat amper iets weet …”. Hy is verder van mening dat hulle gevaarliker is as persone wat glad nie iets weet nie, want as dié wat glad nie iets weet nie daar aankom, dan weet hulle dat hulle dit eerder moet los en kundige hulp aanvra.

Volgens meer as een deelnemer is die vereistes wat BokSmart stel, deur hulle nagekom, maar die rugbyunies moet ook waarnemings doen om te bepaal of dit werklik toegepas word. Die probleem is dat deelnemers negatief voel teenoor die administrasiegedeelte van BokSmart omdat van hulle nog nie eens hul BokSmart-kaartjies ontvang het nie. As jy nie ’n kaartjie het wat aandui dat jy BokSmart-gesertifiseer is nie, dan mag jy nie deelneem aan afrigting of die bestuur van rugby nie. Een deelnemer wys daarop dat ”… hierdie beginsel by sekere skole nie toegepas word nie…” Dit verwys ook na die toepassing van ander kursusinhoudmaatreëls wat nie konsekwent toegepas word nie. Die deelnemers is bewus van BokSmart, maar die bekommernis lê by die toepassing van ondersteuning en opleiding om spel veiliger te maak. ’n Ander deelnemer beklemtoon dat nog niemand kom kyk het of die noodhulppersoneel goed genoeg gekwalifiseer is nie, en of die ouderdomsgroep waarin die spelers speel, korrek is nie. Die toepassing van die reëls en regulasies soos uiteengesit in die kursusinhoud lei dus tot ongelukkigheid onder die onderwyser-afrigters.

Van die deelnemers voel dat kursusinhoud verbeter het sedert die eerste weergawe wat as ’n ”… crash course …” of ’n ”… oppervlakkige ding …” beskryf word. In die opgegradeerde weergawe wat in ’n tweede fase die lig gesien het, word daar meer intensief na sekere afrigtingsmetodes gekyk, soos ’n paar deelnemers opmerk. Daar

word meer op die gevaarpunte, byvoorbeeld skrumwerk en die duikslag gefokus. Een deelnemer ervaar dit as meer intensief. Die mening van ’n ander is dat die metodes baie verander het, veral oor hoe jy as onderwyser-afrigter die kind voorberei. Dit beklemtoon hoe belangrik die fyner tegnieke en afrigtingsmetodes is om die spel veiliger te maak.

Een deelnemer noem verskeie male dat die BokSmart-kwalifikasie ”… te maklik verkry word …” en dat die ”… ouens moet eerder eksamen skryf daaroor …”. Om iets aan te leer en effektief toe te pas, gaan meer vra as net ’n sessie van drie tot vyf uur waartydens die onderwyser-afrigters na ’n DVD kyk wat hulle ook by die huis na kon kyk. Die organiseerder van ’n goeie rugbyskool stem saam, en voeg by dat dit baie inligting is wat ’n afrigter in ’n kort tyd moet inneem. Die organiseerder voel ’n afrigter is nie heeltemal 100% opgelei en afgerig na so ’n sessie nie. Hy is van mening dat ’n afrigter meer tyd prakties daaraan moet bestee, en dat ervare, kundige afrigters wat op hoogte is van die reëls, die kursusinhoud maklik vind. “Vir ’n beginner is dit te veel inligting om in ’n kort tyd in te neem.” Dit kan moontlik die motivering wees vir ’n IRB-Vlak 1-kursus wat net so belangrik en verpligtend moet wees as die BokSmart omdat die IRB-Vlak 1-kursus oor ’n langer tydperk aangebied word, tesame met prakties en eksaminering wat plaasvind.

’n Adjunkhoof se gevoel is dat daar meer klem gelê kan word op ”… wat die reg is van die onderwyser of afrigter ...”. Wanneer ’n ander afrigter gevra word wat moontlik bygevoeg kan word by die BokSmart-kursusinhoud, was sy voorstel ”… die gevolge as jy die kursus nie doen nie, en ’n speler kry ernstig seer …”. Volgens dié deelnemer kyk baie afrigters na die kursusmateriaal en DVD, maar is nogtans nie noodwendig bewus van die regsgevolge van beserings nie.

- IRB-Vlak 1

Dit is kommerwekkend dat die naaste verwysing na die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus ’n deelnemer is wat die volgende sê: ”Ons woon gewoonlik BokSmart by maar behalwe dit is daar nie iets anders (of) ekstra nie.” Dit dui aan dat behalwe vir BokSmart, ’n kursus van drie tot vyf uur sonder eksaminering, daar geen ander kursus is wat hierdie onderwyser-afrigter gedoen het nie. BokSmart is die enigste

kursus wat tot dusver verpligtend is en deelnemers word met die keuse gelaat om self te besluit of hulle ’n addisionele kwalifikasie soos ’n IRB-Vlak 1 wil bekom of nie. Indien die afrigter slegs oor ’n BokSmart-kwalifikasie beskik, beteken dit dat die kwalifikasie die enigste bron van tegniek- en vaardigheidsafrigting vir die afrigter is. Een deelnemer beskou afrigtingsmetodes as baie belangrik, maar stel ’n vraag oor hoekom daar so min aandag gegee, en ’n lae prioriteit geheg word aan kursusse soos die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus.

- Nasionale en provinsiale liggame

’n Deelnemer wys daarop dat die provinsiale liggame die reëls opstel en dat hulle ’n afrigter in ’n mate beskerm as hy opgelei is en die kursusse bygewoon het. ’n Ander deelnemer voel dat die nasionale en provinsiale liggame ”… moet maar net toesien dat jy BokSmart-gesertifiseerd is, hulle moet toesien dat daar noodhulp is en dat reg opgetree word volgens die reëls en regulasies”. Die voorgenoemde deelnemer is van mening dat SARU reeds ’n ver pad gevorder het met BokSmart, en dat hulle net moet toesien dat dit gekontroleer word, sodat al die afrigters die reëls nakom.

Met verwysing na die rol van SARU, is een deelnemer van mening dat hy nie weet hoe hierdie nasionale liggaam regtig ’n invloed kan uitoefen op sekere skole in bepaalde gebiede, om rugby veiliger te maak nie. ’n Ander deelnemer spreek egter die volgende mening uit: ”Hulle help ons baie, hulle ondersteun ons baie en ek dink ons moet gaan aanklop by hulle vir raad as ons nie seker is of weet presies wat om te doen nie.”

4.7.3.2 Veiligheid van die kind

- Voorkoming

In die bespreking van nalatigheid as fundamentele element (par. 2.8.3), is daarop gewys dat voorsienbaarheid en voorkombaarheid die twee kernaspekte of pilare van die ”redelike persoon”-toets vorm. In ’n bespreking van die effek van beserings van skolerugbyspelers op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, is ’n adjunkhoof van mening dat die kondisionering voor die seisoen begin goed moet wees. Hieruit kan afgelei word dat die adjunkhoof besef dat voorkoming ’n belangrike element van

deliktuele aanspreeklikheid is. Verder noem die deelnemer dat as ’n speler seergekry het, die nodige noodhulp beskikbaar moet wees. Afrigters se BokSmart-opleiding moet van so ’n aard wees dat hulle sal weet wanneer mediese hulp in werklikheid nodig is. Volgens die deelnemer moet afrigters dus kan onderskei tussen ’n minder ernstige en ’n ernstige besering. ’n Ander afrigter wys daarop dat ’n wedstryd nie mag begin sonder noodhulp nie, wat ’n belangrike aspek van voorkoming is. Die deelnemers is dit meestal eens dat kursusse soos BokSmart op voorkoming ingestel is en die veiligheid van die kind en sekuriteit van die onderwyser-afrigter kan bevorder.

Een van die deelnemers beklemtoon dat die skool en die sportadministrateur die verantwoordelikheid moet neem en seker maak dat die onderwyser-afrigter opgelei is, sodat sodanige die kennis kan opdoen van die spel en hoe om rugby veiliger aan te bied. SARU is verantwoordelik vir die aanbieding van kursusse wat ten doel het om die spel veiliger te maak.

Verskeie deelnemers is van mening dat die veiligheid van die skolerugbyspeler en die sekuriteit van die onderwyser-afrigter bevorder word deur die reëls en regulasies toe te pas wat hulpmiddele soos kursusse daarstel. Hierdie reëls bestaan byvoorbeeld uit die vereistes rondom noodhulp, ambulanse, ouderdomme, en die beveiliging van die velde. ’n Enkele deelnemer voel dat deur ”… die kind te leer om die regte ding te doen …” dit insgelyks ’n bydrae tot veiligheid kan lewer. Die navorser se afleiding is dat meer rolspelers betrek behoort te word by opleiding van hoe om rugby veiliger te maak. Die sekuriteit van die onderwyser-afrigter kom in elke tema na vore, wat ’n aanduiding is van elkeen se rol in hierdie verband.

- Beserings

Een deelnemer wys daarop dat BokSmart baie intensief op gevaarpunte in skrums en die duikslag fokus, maar dat rugby ’n kontaksport is en dat beserings daarom kan plaasvind. ”Jy hoop nou maar net dit gebeur nie met jou nie …”, is ’n ander deelnemer se sienswyse. Nog ’n deelnemer is van mening dat die onderwyser-afrigter die skolerugbyspeler fisiek moet voorberei deur te sê ”… jy moet sy liggaam sterk maak …”. Daardeur kan beserings verminder word, omdat die speler beter

gekondisioneer is. Volgens een van die deelnemers kan beserings veral in die skrumsituasie voorkom as die spelers nie goed genoeg vir die skrum geoefen het nie.

’n Adjunkhoof wat op die Cravenweekvlak afrig, sê dat indien hy as ’n onderwyser-afrigter met sy span teen te groot en te sterk opponente speel, die ongelyke stryd beserings kan veroorsaak en dat dit die onderwyser-afrigter se sekuriteit kan beïnvloed. Een van die ander deelnemers is bekommerd oor die volgende: ”Ons kinders se fisieke bou en liggaamsbou is nie regtig soos ander hoërskole s’n nie.”

’n Ander deelnemer wat juis die voorgenoemde probleem wil voorkom, sê dat hulle nie ’n gimnasium het waar hulle seuns sterker gemaak kan word nie. Hulle voel redelik blootgestel om te werk met die potensiaal wat hulle het, en daar is nie baie leerders om van te kies nie. ’n Organiseerder lê groot klem op die kondisionering van die spelers. Hy beskryf dit deur die volgende stelling te maak: ”Ek sal jou sê, dis die groot ding. Die meeste beserings wat ek nou al gesien het, want ek reël die noodhulp by die skool, is binne die eerste drie of vier *games*. Daarna begin die outjies regkom want hy’s genoegsaam gekondisioneer om beserings … . Hy kry seer, want hy is nie fiks nie … .” Net soos wat die ouderdomsbeperking ingestel is om leerders se veiligheid te bevorder, moet daar ook opgelet word na die liggaamsgrootte van spelers wat teen mekaar te staan kom.

#### 4.7.4 Sekuriteit as deurlopende tema

Die sekuriteit van die onderwyser-afrigter is verweef in die temas en hou in ’n mate verband met elkeen. Daarom word sekuriteit beskou as ’n deurlopende tema, hoewel die deelnemers nie gereeld direk daarna verwys nie.

’n Afrigter se siening van sekuriteit in skolerugby is dat hy eerder oorversigtig is. Sy eie beleid is om eerder te veilig te wees, as om ’n kans te waag. Die risiko van ernstige beserings aan spelers is vir onderwyser-afrigters baie groot.

Afrigtingskursusse soos BokSmart en die IRB-Vlak 1 is daargestel om te help teen beserings deur die spel veiliger te maak en in paragraaf 3.2 is die kursusse uiteengesit met reëls en regulasies wat gevolg moet word. Die regulasies is daarop

ingestel om die spel vir die skolerugbyspeler veiliger te maak en indirek ook die sekuriteit van die onderwyser-afrigter te verhoog.

’n Afrigter noem dat spelers wat beserings wegsteek, hul sekuriteit kan beïnvloed en dit kan verreikende implikasies hê. Die deelnemer sê hy is bewus van ouers wat al afrigters gedagvaar het op grond van rugbybeserings. Die volgende vraag ontstaan by hierdie deelnemer: ”Wat is die implikasie vir jou as mens? Gaan die skool die onkoste dra?” Hierdie bekommernis sluit aan by die regsimplikasies, soos in paragraaf 4.7.2 bespreek is, en dit weerspieël net weer eens die bekommernisse van die onderwyser-afrigter asook die kennisvlak rondom die reg. Een deelnemer spreek wel sy vertroue in die regstelsel uit: ”Wat die reg betref, kan ek nie dink dit kan ’n probleem wees nie. Wat ek verstaan, is dat die reg aan jou kant is as jy volgens die reëls loop.”

## 4.8 Samevatting

Gedurende die empiriese navorsing het daar verskeie faktore na vore getree wat die veiligheid van skolerugbyspelers sowel as die sekuriteit van die onderwyser-afrigters kan beïnvloed, hetsy goed of sleg. Groepe, kategorieë en temas is insgelyks geopenbaar wat ’n struktuur vir die navorser kon vorm waarbinne die analise en rapportering plaasgevind het.

# HOOFSTUK 5: BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

## 5.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk gee ’n oorsig van die studie, waarvan die oorkoepelende doel ’n ondersoek is na die aard van regsaanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in skolerugby. Om die doel te bereik, is die studie in vyf hoofstukke aangebied wat telkens verband hou met die oorkoepelende doelwit en sekere meer spesifieke doelwitte.

Ter bereiking van die oorkoepelende doel, is die volgende spesifieke doelwitte vir die studie gestel:

- Om vas te stel watter onderwysregtelike bepalings vir die onderwyser-afrigter, die skool en die Staat ten opsigte van die veiligheid in skolerugby moet geld.
- Om vas te stel op watter wyse die gemeenregtelike beginsels rakende deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter in gevalle van beserings aan leerders toegepas word.
- Om te bepaal op watter wyse die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls bydra tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit.
- Om te bepaal op watter wyse die skoolhoof, beheerliggaam en sportorganiseerder bydra tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter.
- Om te bepaal watter optrede van die onderwyser-afrigter en skole regsaanspreeklikheid in skolerugby sowel as beserings in skolerugby kan verminder.

Genoemde doelwitte is bereik deur eerstens ’n literatuuroorsig in Hoofstuk 2 te bied waar die fokus was op onderwysregtelike bepalings en gemeenregtelike beginsels met betrekking tot deliktuele aanspreeklikheid. Hierna is ’n ontleding van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls wat betrekking het op die studie in Hoofstuk 3 voorsien. Die literatuuroorsig is opgevolg met ’n empiriese studie, soos uiteengesit in Hoofstuk 4.

Die hoofstukverdeling van die studie, en ’n breër beskrywing van die aard en inhoud van die onderskeie hoofstukke kom vervolgens aan die beurt.

Hoofstuk 1 gee ’n oorsig van die studie in sy geheel. In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, teoretiese raamwerk, navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en die navorsingsontwerp en -metodologie uiteengesit.

Hoofstuk 2 behels die literatuuroorsig wat ten doel het om die eerste twee doelwitte van die studie te bereik. Hierin word gefokus op die reg en die statutêre determinante, asook gemeenregtelike elemente vir deliktuele aanspreeklikheid. Daar word ondersoek ingestel na die reg waarna verwys word en hoe die Suid-Afrikaanse reg ontstaan het. Die bronne wat bestaan binne die Suid-Afrikaanse reg en hoe deliktuele aanspreeklikheid toegepas word, word bespreek.

Hoofstuk 3 is ’n teoretiese uiteensetting van regsaanspreeklikheid in skolerugby en behels die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls wat ten doel het om die derde doelwit te bereik. In die hoofstuk word die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls wat betrekking het op die opvoeder se sekuriteit en die veiligheid van die leerder bespreek.

In Hoofstuk 4 is gefokus op die kwalitatiewe navorsingsontwerp vanuit ’n fenomenologies-interpretivistiese uitgangspunt wat gebruik is om die vierde en vyfde doelwitte te bereik. ’n Analise van die data wat ingesamel is deur semi-gestruktureerde onderhoude word hierin uiteengesit. Tydens die analise het hoofgroepe met kategorieë en temas daarbinne na vore gekom.

Die huidige hoofstuk bestaan uit bevindings en gevolgtrekkings van die studie wat uit die literatuurstudie en die data verkry is. Aan die einde van die bevindings en gevolgtrekkings sal aanbevelings gemaak word.

## 5.2 Bevindings en gevolgtrekkings

Die bevindings en gevolgtrekkings word aangebied volgens die struktuur van die groepe, kategorieë en temas wat in Hoofstuk 4 na vore gekom het. Die drie groepe waarna verwys word, is wetgewing, regsaanspreeklikheid en skolerugby.

### 5.2.1 Wetgewing

#### 5.2.1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika met die toepaslike bepalings word in paragraaf 2.3.1 bespreek en dit sluit die onderwyser-afrigter, skool en skolerugbyspeler in. Hier word veral klem gelê op die kind se reg met betrekking tot veiligheid en beskerming.

Artikel 8(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) bepaal dat natuurlike persone (soos ook onderwyser-afrigters en die skolerugbyspelers) geregtig is op die regte wat in die Handves van Regte voorkom. Sekere van die onderwyser-afrigters se gevoel is egter dat hulle nie behoorlik beskerm word nie. In artikel 12(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) word bepaal dat elke persoon die reg op vryheid en sekuriteit het. Die meerderheid van die deelnemers aan die empiriese studie besef dat daar implikasies kan wees wanneer die skolerugbyspeler se regte geskend word, maar van hulle is onseker oor wat die implikasie op hul persoonlike vlak gaan wees. Indien ’n skolerugbyspeler weens swak toesig ’n besering op die sportveld opdoen, gaan die skool aanspreeklik gehou kan word, en dit is ’n bepaling waarvan nie al die deelnemers bewus is nie.

Sommige deelnemers besef dat die sportgrond beveilig moet word en dit sluit aan by artikel 24(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) wat bepaal dat elke skolerugbyspeler en onderwyser-afrigter die reg het om in ’n omgewing te wees wat nie skadelik vir sy/haar gesondheid of welsyn is nie. In teenstelling met die onderwyser-afrigter wat ’n risikosituasie op die rugbyveld moet kan voorsien, voer deelnemers aan dat hulle nie in beheer is oor wat op die veld gebeur nie. Onderwyser-afrigters voel dat hulle hierdeur te na gekom word deur moontlik aanspreeklik gehou te word vir gebeure wat op die veld plaasvind, wat hulle nie kan voorkom nie.

Artikel 28 (2) wat bepaal dat die kind se beste belang belangrik is, sluit aan by verskeie deelnemers wat bevestig dat hulle in die beste belang van die kind probeer optree. Deur in die beste belang van die kind op te tree, verhoog die onderwyser-afrigter sy sekuriteit. Hierdie sekuriteit kan die onderwyser-afrigters nie net beskerm

teen regsaksies nie, maar kan ook aan hulle die nodige gemoedsrus gee. Die deelnemers is uiters bewus van die wetgewing in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) wat betrekking het op die kind, maar nie soseer van die wetgewing wat betrekking op hulleself het nie. Dit het die gevolg dat van die onderwyser-afrigters onseker voel oor hoe hulle deur wetgewing beskerm kan word.

#### 5.2.1.2 Onderwyswetgewing

- Suid-Afrikaanse Skolewet

In artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) word bepaal dat elke openbare skool ’n regspersoon is en artikel 60(1) bepaal dat die Staat in die plek van die skool aanspreeklik gehou kan word. Ten spyte van hierdie bestaande wetgewing is daar nogtans deelnemers wat die mening opper dat hulle verantwoordelik gaan wees vir skade en persoonlik aanspreeklik gehou gaan word. Dit is ’n aanduiding daarvan dat die deelnemers nie op hoogte van die wetgewing is nie en dit lei tot onnodige druk wat die onderwyser-afrigters op hulleself plaas. Dié situasie kan lei tot ’n afname in belangstelling daarin om af te rig.

Die deelnemers wys daarop dat hulle glo die beheerliggaam van die skool doen nie genoeg om die onderwyser-afrigters te beskerm nie, en dat dit ook nie sal gebeur nie. Artikel 20(1)(e) bepaal dat die beheerliggaam elke onderwyser moet ondersteun in die verrigting van sy professionele werksaamhede. Sommige deelnemers voel dat al wat die beheerliggaam doen, is om die reëls neer te lê, maar sal graag eerder wil ervaar dat die beheerliggaam aan die onderwyser-afrigter se kant staan om hom te beskerm. Verder is die gevoel van ’n deelnemer dat daar nie ’n bestaande plan is van die beheerliggaam of die skoolhoof se kant nie. Hierdie gevoel kan veroorsaak dat die onderwyser-afrigter vertroue in die skoolbestuur verloor omdat die nodige ondersteuning nie ervaar word nie. Dit kan aan die onderwyser-afrigter se kant tot ’n afname lei in die gewilligheid om af te rig.

Artikel 21(1)(a) (84/1996) wys daarop dat die beheerliggaam verantwoordelik is vir die instandhouding en verbetering van die skool se eiendom. Sommige van die deelnemers is van mening dat hul taak as onderwyser-afrigters ingeperk kan word

weens ’n tekort aan apparate wat deur die beheerliggaam voorsien moet word. Om rugby veiliger aan te bied, is daar metodes waarvolgens afgerig word met apparate wat deel uitmaak van die oefening. Indien die benodigde apparate ontbreek, kan die oefeninge nie effektief verloop nie. Gevolglik word die sekuriteit van die onderwyser-afrigter negatief beïnvloed aangesien skolerugbyspelers se vaardighede nie genoegsaam vasgelê kan word nie.

- Wet op die Indiensneming van Opvoeders

Vanuit die empiriese ondersoek is vasgestel dat baie onderwyser-afrigters gedwing word om af te rig en dat sommige van hulle selfs nie kennis van die rugbyspel het nie. Artikel 11(1)(d) verwys na ’n opvoeder wat ontslaan kan word indien hy oor die onvermoë beskik om sy pligte op ’n bekwame wyse uit te voer. Dit sluit aan by die gevoel van die deelnemers dat hulle bang is om hul werk te verloor en daarom dan eerder afrig, al is dit teen hul eie wil en in sommige gevalle met ’n minimale kennisvlak. Artikel 18(1)(e) verwys na wangedrag. Die onderwyser-afrigter kan van wangedrag aangekla word indien hy sy eie of ’n skolerugbyspeler se lewe in gevaar stel tydens die uitvoering van sy pligte as afrigter, deur veiligheidsmaatreëls of regulasies te verontagsaam. Die kanse is groter vir ’n onderwyser-afrigter met min kennis om ’n skolerugbyspeler se lewe in gevaar te stel, as vir ’n onderwyser-afrigter met ’n agtergrond van ondersteuning en opleiding in rugbyafrigting. Die voorgaande dui aan watter rol die mate van rugbykennis speel met betrekking tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter. In paragraaf 5.3.3 word verder verwys na die ondersteuning en opleiding van onderwyser-afrigters.

- SARO se Professionele Etiese Kode

Item 3.2 van hierdie kode van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders noem uniekheid, individualiteit en spesifieke behoeftes van elke leerder wat deur die onderwyser-afrigter erken moet word. Elke skolerugbyspeler val in hierdie kategorie. Uniekheid en individualiteit verwys na die rugbyspeler wat sy eie mens is, met sy eie uniekheid. Elke speler moet dus as sodanig deur die onderwyser-afrigter hanteer word. Verskeie deelnemers verwys na die kondisionering en voorbereiding van skolerugbyspelers, elkeen met sy spesifieke behoeftes, wat hierby aansluit. Daar

word van onderwyser-afrigters verwag om seker te maak dat hulle elke skolerugbyspeler individueel evalueer met betrekking tot psigiese en fisieke eienskappe, met inagneming van die posisie wat die rugbyspeler vul en wat van hom verwag word. Die onderwyser-afrigter moet hierdeur bepaal of dit in die kind se beste belang is om op ’n spesifieke vlak of in ’n spesifieke posisie deel te neem. Hierdie saak word in paragraaf 5.2.3 weer ’n besprekingspunt.

5.2.1.3 Algemene wetgewing

- Kinderwet

Artikel 8(2) van die Kinderwet (38/2005) bepaal dat die regte van die kind, soos bepaal in hierdie wet, beskerm en bevorder moet word. Artikel 9 van die Kinderwet is van groot waarde omdat dit bepaal dat die kind se beste belang allesoorheersend is. Dit beteken dat ”in alle aangeleenthede betreffende die versorging, beskerming en welsyn van ’n kind, moet die standaard dat die kind se beste belange van oorheersende belang is, toegepas word”. Die voorgaande bepaling sluit aan by die persepsie van die meerderheid van die deelnemers wat aangedui het dat daar in die kind se beste belang opgetree moet word, wat insluit die veiligheid van die skolerugbyspeler. Die wetgewing sluit aan by artikel 28(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) waarna in paragraaf 5.2.1 ook verwys is. Onderwyser-afrigters verwys na die kondisionering van die skolerugbyspelers wat ook in paragraaf 5.3.3 genoem word. Die onderwyser-afrigters glo dat kondisionering wat uit fisieke voorbereiding bestaan, in belang van die kind is vir sy veiligheid en die onderwyser-afrigter se sekuriteit. ’n Deelnemer is van mening dat hy blootgestel is indien die spelers ander sportsoorte gedurende die week beoefen, maar oor naweke moet rugby speel sonder die nodige rugbyoefening, want die speler is nie gekondisioneer vir rugby nie.

- Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (85/1993) bepaal in artikel 8(1) dat elke werkgewer ’n werksomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers is, tot stand moet bring en onderhou. Verder bepaal artikel 8(2)(e) dat

sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van ’n werkgewer se pligte ingevolge subartikel (1), die aangeleenthede waarop daardie pligte betrekking het in besonder insluit: (e) die verskaffing van die inligting, instruksies, opleiding en toesig wat nodig is om, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk te verseker. Hierdie bepalings kan van toepassing op die rolspelers in die onderwys gemaak word deurdat die werkgewer aan onderwyser-afrigters die ondersteuning en opleiding bied, om sodoende die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk te verseker. Die veiligheid waarna verwys word, is opvoedersekuriteit wat aan die deelnemers gegee kan word deur aan hulle inligting, instruksies en opleiding te verskaf. ‘n Lewendige reaksie is ontvang vanaf die deelnemers met betrekking tot geleenthede vir ondersteuning en opleiding. Die opleiding en ondersteuning waarna die deelnemers verwys, is afrigtingsmetodes wat bestaan uit die vaardighede en tegnieke om rugby veiliger aan te bied. ’n Leemte wat die deelnemers geïdentifiseer het in die bestaande ondersteuning en opleiding, is ’n komponent rondom wetgewing en die deliktereg met betrekking tot die onderwyser-afrigter in skolerugby. Die deliktereg word vervolgens in paragraaf 5.2.2 bespreek, en opleiding en ondersteuning in paragraaf 5.2.3.1.

### 5.2.2 Regsaanspreeklikheid

#### 5.2.2.1 Deliktereg

Die funksies van die deliktereg is in paragraaf 2.4.1.1 bespreek en is van toepassing op die onderwyser-afrigter en die skolerugbyspeler. Voordat ’n delik gepleeg kan word, moet al vyf elemente daarvan aanwesig wees (sien par.2.5). Die beginsels onderliggend aan regsaanspreeklikheid is onduidelik vir die meeste van die onderwyser-afrigters. Wat opvallend is, is dat die onderwyser-afrigters wel aksies in die praktyk kan identifiseer wat verband hou met nalatigheid. ’n Funksie van die deliktereg is om die delikpleger, byvoorbeeld die onderwyser-afrigter wat nalatig was, te ontmoedig om weer in die toekoms so op te tree. In dieselfde proses waarsku en ontmoedig dit ander onderwyser-afrigters om ook so op te tree. Sodoende word die sekuriteit van die onderwyser-afrigter bevorder. In teenstelling hiermee, is die ander funksies van die deliktereg, naamlik die vergoeding van ’n belang wat aangetas is, en

die hertoewysing en verspreiding van skade, aspekte wat indien die onderwyser-afrigter nalatig was, ’n invloed op sy sekuriteit kan uitoefen. In albei gevalle is die veiligheid van die skolerugbyspeler ter sprake.

- Handeling

Handelinge of lates wat die onderwyser-afrigters in die praktyk kan identifiseer, is meestal voorskrifte wat vanuit BokSmart kom. Dit is ’n aanduiding daarvan dat ondersteuning en opleiding wel verband hou met die onderwyser-afrigter se sekuriteit. Indien die onderwyser-afrigter nie gehoor gee aan die voorskrifte nie en ’n skolerugbyspeler word ernstig beseer as gevolg daarvan, kan die optrede as nalatig beskou word.

- Onregmatigheid

Skolerugbyspelers neem deel aan die sport onder die indruk, en met die verwagting, dat daar by die spelreëls gehou sal word. Wanneer ’n skolerugbyspeler ’n handeling uitvoer wat ’n nadelige gevolg soos ’n ernstige besering veroorsaak het, en sodanige nie binne die spelreëls opgetree het nie, kan dit as onregmatigheid beskou word. Onderwyser-afrigters is nie in beheer van wat op die veld gebeur nie, maar het wel ’n plig om die spelreëls aan die spelers te leer.

- Skuld

Die onderwyser-afrigters sukkel om die regsproses te verstaan, van hoe ’n handeling of late van ’n onderwyser-afrigter by skuld uitkom. Die gevoel heers dat hulle aanspreeklik gehou kan word vir iets waaroor hulle nie beheer het nie. As gevolg hiervan is hulle van mening dat hulle nie regte het nie. Min onderwyser-afrigters is bewus van die gevolge wat kan voortspruit uit regsaksies teen hulle. Remedies is regsmiddele wat beskikbaar is wanneer ’n delik gepleeg is. Indien ’n onderwyser-afrigter in die voorgenoemde verband byvoorbeeld vergoeding in geldwaarde aan ’n eiser moet gee, kan dit die betrokke onderwyser-afrigter onder finansiële druk plaas. Onderwyser-afrigters is dit eens dat indien ’n onderwyser-afrigter van die opponente

doelbewus opdragte gee wat tot nadeel van die skolerugbyspeler kan wees, dit sy sekuriteit in die gedrang kan bring.

Die gronde waarop nalatigheid getoets word, is die ”redelike persoon”-toets wat in paragraaf 2.8.3 bespreek is. Die vraag na hoe die redelike persoon in dieselfde omstandighede sou opgetree het, word telkens gestel. Die onderwyser-afrigter word as ’n professionele persoon beskou en moet dus aan ’n hoër standaard as die normale man voldoen. Dit vereis dat die onderwyser-afrigter gevaarlike situasies moet kan voorsien. Deelnemers is dit eens dat ondersteuning en opleiding onderwyser-afrigters kan help om gevaarlike situasies tydens rugbyoefeninge of wedstryde te kan identifiseer sodat die kans op nalatigheid verminder kan word.

- Kousaliteit

In paragraaf **Error! Reference source not found.** is gestel dat ’n onderwyser-afrigter slegs aanspreeklik gehou kan word as hy die skade veroorsaak het. In paragraaf 4.7.2.1 is ’n deelnemer van mening dat die onderwyser-afrigter aanspreeklik gehou kan word wanneer die skade deur ’n ander party, die mediese personeel in dié geval, veroorsaak is. Dit dui weer eens op die onderwyser-afrigter se gebrek aan kennis aangaande die elemente van deliktuele aanspreeklikheid.

- Skade

Na aanleiding van die bespreking in paragraaf 2.10 verwys ”skade” in hierdie studie na finansiële verlies gely deur die onderwyser-afrigter of skolerugbyspeler, ’n fisieke besering van ’n skolerugbyspeler en die gevolglike mediese onkoste, pyn en lyding wat deur ’n skole rugbyspeler gely is, en die aantasting van persoonlikheidsregte. In paragraaf 4.7.2.1 is verwys na ’n deelnemer wat ’n skolerugbyspeler hospitaal toe geneem het en daarna ’n rekening ontvang het omdat hy sy eie besonderhede by die hospitaal ingevul het. Voorgaande is ’n voorbeeld van *in loco parentis* waar die onderwyser-afrigter in die plek van die kind se ouers gestaan het omdat die ouers nie daar was toe die rugbyspeler hospitaal toe geneem is nadat hy ’n besering opgedoen het nie. Die onderwyser-afrigter het die skolerugbyspeler geen skade berokken nie, maar kon self finansiële skade gely het indien die rugbyspeler se ouers nie die

rekening betaal het nie. Die onderwyser-afrigter voel dat sy sekuriteit daardeur blootgestel is omdat hy in die eerste plek nooit in die situasie moes wees deur sy persoonlike besonderhede in te vul nie. So bestaan die moontlikheid vir elke onderwyser-afrigter wat *in loco parentis* optree, om finansiële verliese te ly indien die ouers nie hulp verleen deur hul kind se mediese onkoste te dek nie.

### 5.2.3 Skolerugby

#### 5.2.3.1 Ondersteuning en opleiding

Die volgende bevindings is gemaak uit die literatuurstudie wat in Hoofstuk 3 gedoen is oor die wyse waarop die inhoud van rugby-afrigtingskursusmateriaal en rugbyreëls tot die onderwyser-afrigter se sekuriteit bydra, asook vanuit die data-analise in Hoofstuk 4.

- Sekuriteit van die afrigter

Die sekuriteit van die onderwyser-afrigter is deurgaans ’n faktor. Indien ondersteuning en opleiding effektief verskaf word en deur die onderwyser-afrigters gevolg word, kan dit ’n bydrae lewer tot hul sekuriteit.

- Veiligheid van die speler

Veiligheidsprogramme is juis daargestel om die veiligheid van die spelers te verbeter. Rugby is ’n kontaksport waartydens beserings ’n moontlikheid is. Nietemin word die kans op beserings verminder indien die spelers korrek afgerig en gekondisioneer word. Die doel van hierdie programme is juis om die beginsels en riglyne vas te lê wat die afrigters en organiseerders moet volg om beserings te voorkom of te verminder. Hierdeur word die veiligheid van die skolerugbyspeler bevorder.

- BokSmart

Vanuit die data is bevind dat sodanige rugbyveiligheidskursus baie waarde kan byvoeg tot die onderwyser-afrigter se kennisveld. Indien dit gekombineer word met BokSmart, soos wat sekere van die rugbyunies reeds doen wanneer ’n IRB-Vlak 1-afrigtingskursus gedoen word, kan nie net die veiligheid in rugby effektiewer

nagestreef word nie, maar behoort die sekuriteit van die onderwyser-afrigter daarby te baat.

In die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus sowel as die rugbyveiligheidsprogramme (BokSmart en *Rugby Ready*) is genoegsame afrigtingsmetodes vir die afrigters betreffende vaardighede en tegnieke. Die IRB-Vlak 1-afrigtingskursus is deegliker uiteengesit en sluit die *Rugby Ready*-handleiding in. BokSmart is ’n kursus op sy eie, maar twee Suid-Afrikaanse rugbyunies stel dit duidelik op hul webtuiste dat BokSmart ook deel vorm van hul IRB-Vlak 1-afrigtingskursus. Dit het tot gevolg dat die onderwyser-afrigters toegang verkry tot vaardigheids- en tegniek-afrigtingsmetodes wat kan bydra tot hul kennisveld om rugby effektiewer en veiliger af te rig. Sodoende word die veiligheid van die skolerugbyspeler bevorder en indirek ook die sekuriteit van die onderwyser-afrigter.

Regulasies en beginsels word deur die veiligheidsprogramme opgestel wat deur die afrigters en organiseerders gevolg moet word. ’n Voorbeeld hiervan is dat geen wedstryd mag plaasvind sonder die teenwoordigheid van mediese personeel nie en dat die betrokke mediese personeel en afrigters BokSmart-gesertifiseer moet wees. Die deelnemers is van mening dat die reëls en regulasies nie deur almal nagekom word nie en dat onderwyser-afrigters en mediese personeel by rugby betrokke is sonder dat hulle die kursus om veiligheid te bevorder, voltooi het. Dit kan die moontlikheid laat ontstaan dat skolerugbyspelers se veiligheid in die gedrang gebring word, en sodoende kan dit ’n direkte effek op die sekuriteit van daardie onderwyser-afrigter en die ander personeel hê.

- Rugbyreëls

Rugby se spelreëls is aangepas om rugby veiliger te maak vir almal. Daar is ’n spesiale variasie van die reëls vir onder 19-spelers om seker te maak dat jonger spelers meer beskerm word by gevaarlike aspekte van die spel, byvoorbeeld die skrums.

- Nasionale en provinsiale liggame

Na aanleiding van die empiriese studie is die gevoel dat die nasionale en provinsiale liggame met verwysing na BokSmart reeds ’n beduidende verskil gemaak het. Nasionale en provinsiale liggame word beskou as ’n ondersteuningsbasis na wie gegaan kan word indien onsekerheid heers. Daar is wel ’n gevoel onder die deelnemers dat die toepassing van die reëls en regulasies van BokSmart deur die nasionale en provinsiale liggame ondersoek moet word. Hierdie ondersoek kan die onderliggende idee van BokSmart bevorder om rugby vir almal veiliger te maak.

5.2.3.2 Veiligheid van die kind

- Voorkoming

Voorkoming kan volgens deelnemers ’n positiewe rol speel in die veiligheid van die kind. Hierdie voorkoming waarna verwys word, is hoofsaaklik reëls en regulasies wat gevolg moet word. Indien reëls en regulasies gevolg word, kan dit ernstige beserings voorkom. Om skolerugbyspelers in te lig oor die gevaaraspekte in skolerugby en om hulle voor die rugbyseisoen goed genoeg te kondisioneer, kan volgens die empiriese studie ’n bydrae lewer tot die voorkoming van ernstige beserings.

- Beserings

Die deelnemers besef rugby is ’n kontaksport en beserings gaan deel van die sport wees. Volgens die literatuurstudie en die empiriese studie kan beserings verminder word as ’n speler liggaamlik gekondisioneer is. Apparate is nie net nodig om die korrekte afrigtingsmetodes toe te pas nie, maar kan ook ’n bydrae lewer tot die vermindering van beserings.

Vanuit die empiriese studie is bevind dat die gevoel onder sommige onderwyser-afrigters is dat skolerugbyspelers beserings kan opdoen indien hul teenstanders groter en meer fisiek as hulle is.

- Sekuriteit (regsimplikasies)

Vir sommige van die deelnemers is die risiko vir ernstige beserings van hul skolerugbyspelers te groot en is hulle eerder oorversigtig. Indien die riglyne van kursusse nie sorgvuldig gevolg word nie, kan dit die sekuriteit van die onderwyser-afrigter negatief beïnvloed.

Skolerugbyspelers wat hul beserings wegsteek of verswyg, kan 'n invloed uitoefen op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter. Onderwyser-afrigters voel daar is ouers wat hulle onregverdig blameer vir 'n kind se besering en dit bring die onderwyser-afrigter se sekuriteit in die gedrang.

## 5.3 Aanbevelings

Die aanbevelings van hierdie studie word gebaseer op die volgende ses kategorieë: die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, onderwyswetgewing, algemene wetgewing, die deliktereg, ondersteuning en opleiding, en die veiligheid van die kind. Die aanbevelings word gemaak met betrekking tot die deurlopende tema van hierdie studie, naamlik die sekuriteit van die onderwyser-afrigter en die veiligheid van die skolerugbyspeler. Die deurlopende tema word in al die kategorieë verweef en is dus deel van die aanbevelings.

### 5.3.1 Wetgewing

- Deelnemers moet eerstens ingelig word dat hul regte onder die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108/1996) het, en tweedens hoe hulle deur dié regte beskerm kan word.

- Deelnemers moet ingelig word oor die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996), met spesifieke verwysing na artikel 60, wat hul sekuriteit bevorder.

- Rolspelers in die onderwys moet 'n gevoel van ondersteuning by die onderwyser-afrigter kweek.

- Rolspelers in die onderwys moet die onderwyser-afrigter bystaan waar nodig sodat hy sy afrigterstaak effektief kan aanpak. Dit kan geskied deur middel van ’n stapsgewyse aksieplan van optrede wanneer ’n onderwyser-afrigter se sekuriteit in die gedrang kom.

- Volgens onderwyswetgewing, en spesifiek die Wet op Indiensneming van Opvoeders (76/1998) is dit moontlik dat onderwyser-afrigters aangekla kan word vir wangedrag indien hulle die lewe van ’n skolerugbyspeler in gevaar stel omdat daar nie aan veiligheidsreëls en -regulasies gehoor gegee is nie. Die onderwyser-afrigter kan die vermoë uitbou om sy pligte as onderwyser-afrigter na te kom, en die risko’s vir skolerugbyspelers verlaag deur opleidingskursusse by te woon, soos bespreek is in paragraaf 5.3.3. Veiligheidsreëls en -regulasies met betrekking tot rugbyafrigting is hierby ingesluit.

- Skolerugbyspelers se beste belang moet te alle tye gedien word deur gebruik te maak van ondersteuning en opleiding.

- Volgens wetgewing is die werkgewer verplig om aan die onderwyser-afrigter ondersteuning en opleiding te bied en om sodoende die veiligheid – in terme van die huidige studie is dit sekuriteit teen regsaanspreeklikheid – van die onderwyser-afrigter te verhoog. Dit kan geskied deur die onderwyser-afrigter bloot te stel aan opleiding en ondersteuning in deliktuele aanspreeklikheid wat van toepassing is op die onderwyser-afrigter en rugbyafrigting.

### 5.3.2 Regsaanspreeklikheid

- Onderwyser-afrigters moet die geleentheid gegun word om werkwinkels rakende regsaanspreeklikheid by te woon, want dit is slegs as hulle kennis het van deliktuele aanspreeklikheid dat hulle hulle sekuriteit teen regsaanspreeklikheid sal kan bevorder.

- Tersiêre instellings sowel as die nasionale of provinsiale rugbyunies moet genader word om die onderwyser-afrigter toe te rus om die regsaanspreek-likheidsproses beter te verstaan.

- Moontlike scenario's van nalatigheid in skolerugby en hoe dit tot vermoënskade of persoonlikheidsnadeel kan lei, moet in die opleidingsmateriaal ingesluit word.

5.3.3 Skolerugby

Ten einde die veiligheid van rugbyspelers en die sekuriteit van die onderwyser-afrigter teen regsaanspreeklikheid te bevorder, word aanbeveel dat:

- die onderwyser-afrigter aan meer as een program blootgestel word;
- eksaminering van ondersteunings- en opleidingsprogramme aandag moet kry;
- genoegsame afrigtingsapparate en toerusting soos voorgeskryf in die ondersteunings- en opleidingsprogramme vir korrekte en effektiewe afrigting beskikbaar gestel moet word;
- die rugbyreëls aangepas word om die veiligheid van die skolerugbyspeler te verhoog en daarna moet die reëls deur die afrigter en skolerugbyspeler nagekom word;
- nasionale en provinsiale liggame die toepassing van die reëls en regulasies in die skole en deur onderwyser-afrigters ondersoek en moontlik strenger afdwing;
- reëls en regulasies waaraan voor die aanvang van 'n wedstryd voldoen moet word, strenger nagevolg word;
- in plaas van onder-ouderdom-rugby, moet dit oorweeg word om eerder te fokus op "onder-gewig-rugby";
- doelgerigte kondisionering voor die rugbyseisoen plaasvind.

## 5.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

Binne die navorsingsfokus van regsaanspreeklikheid in skolesport wat verband hou met die sekuriteit van die onderwyser-afrigter teen regsaanspreeklikheid, verdien die volgende onderwerpe verdere ondersoek:

- Die rol van ondersteuning en opleiding in die sekuriteit van die onderwyser-afrigter teen regsaanspreeklikheid.
- Riglyne om die sekuriteit van die onderwyser-afrigter teen regsaanspreeklikheid te bevorder.
- Kursusinhoud wat ’n bydrae tot die bevordering van die onderwyser-afrigter se sekuriteit teen regsaanspreeklikheid kan lewer.
- Rolspelers buite skoolverband wat ’n bydrae tot die bevordering van die onderwyser-afrigter se sekuriteit teen regsaanspreeklikheid kan lewer.

## 5.5 Beperkings van hierdie navorsing

Kwalitatiewe navorsing maak nie in sy bevindings aanspraak op veralgemeenbaarheid nie. Soos gestel in die navorsingsontwerp vir hierdie studie, was die doel om deur die empiriese ondersoek beter begrip te vorm, en nie te probeer bepaal of voorspel wat in ander kontekste plaasvind nie.

Die beperkings van die navorsing wat gerapporteer kan word, is soos volg:

- Hierdie navorsing was beperk tot een dorp in die Noordwes-provinsie, naamlik Potchefstroom.
- In die Luiperds Hoërskolerugbyvereniging (Noordwes-provinsie) is ongeveer 34 rugbyskole, waarvan vyf van die skole en een LSEN-rugbyskool in Potchefstroom betrek is: ’n totaal van ses skole.
- Die fokus was op skoolhoofde, organiseerders en rugbyafrigters van die ses skole en hierdie deelnemers maak ’n klein persentasie van die onderwyser-afrigters in die Noordwes-provinsie uit.

Alhoewel die groep onderwyser-afrigters nie verteenwoordigend is van die hele Noordwes-provinsie nie, is dit interessant om te noem dat van die deelnemers betrokke is by die Luiperds Hoërskolerugbyunie deur op komitees te dien as keurders, sameroepers en selfs as afrigters van die onderskeie provinsiale skolespanne. Hulle kry daarom in ’n breër konteks te doen met die ander onderwyser-afrigters. Op grond hiervan kon ’n baie goeie idee gevorm word van wat die basiese persepsies, voorkeure en besorgdhede is wat onder rugbyafrigters heers. ’n Meer omvattende, kwantitatiewe studie is egter nodig om voorspellings en aanbevelings op groter skaal te kan maak. Voorgenoemde was egter nie die doel van hierdie studie nie.

## 5.6 Samevatting

’n Onderwyser-afrigter het in rugby die taak om skolerugbyspelers aan ’n hoërisiko-sportsoort bloot te stel en af te rig. Die spel gaan gepaard met beserings wat ’n invloed op die sekuriteit teen regsaanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter het.

Die onderwyser-afrigters wat deelgeneem het aan die studie het tans die persepsie dat hul geen beskerming teen regsaanspreeklikheid het nie. Bevindings wys wel dat die onderwyser-afrigters se kennisvlak van die reg nie genoegsaam is nie en dit kan moontlik die rede vir hierdie persepsie wees. Gedurende die empiriese studie is bevind dat regsaspekte ’n onbekende terrein vir die onderwyser-afrigters is en dat die beginsels onderliggend aan deliktuele aanspreeklikheid vir hulle onduidelik is.

In die studie is leemtes geïdentifiseer wat as dit ondersoek word, tot groter kundigheid onder die onderwyser-afrigters kan bydra. Hierdie leemtes oefen ’n invloed uit op die sekuriteit van onderwyser-afrigters en moet deur hul werkgewers en die sportbeheerliggame in oënskou geneem word. Onderwyser-afrigters moet nie net kennis van die reg opdoen nie, maar ook van veiligheidsmaatreëls en afrigting, sodat hulle veiliger kan voel en hul taak met selfvertroue kan aanpak.

Effektiewe ondersteuning en opleiding kan ’n groter rol vervul as net die bevordering van die onderwyser-afrigter se sekuriteit. Deur opleiding en ondersteuning kan die veiligheid van die skolerugbyspeler verbeter word. In die literatuuroorsig en die

empiriese studie het leemtes in verband met ondersteuning en opleiding na vore gekom. Deelnemers erken die bydrae wat die bestaande veiligheidsprogramme maak, en stem saam dat dit ’n verskil kan maak, maar bevraagteken die uitvoerbaarheid van ’n paar reëls en regulasies en die opleidingsproses wat in een van die programme gevolg word.

Om uiteindelik die sekuriteit van die onderwyser-afrigter en die veiligheid van die skolerugbyspeler te bevorder, moet dringend aandag aan die genoemde leemtes gegee word. Opleidingsinstansies soos universiteitsfakulteite, waar die nodige kundigheid bestaan, kan byvoorbeeld in hierdie verband met sportbeheerliggame soos SARU en die Departement van Basiese Onderwys saamwerk.

**Addendum A**

Die Vlak 1-kursusinhoud is verdeel in vier eenhede wat altesaam uit agt modules bestaan, wat take (IRB, 2011a:1), en die kursustydrooster insluit (IRB, 2011a:5):

- Module 1: *Understanding the game* (45min.)
  - Taak 1: *Understanding Rugby*-DVD
- Module 2: *Understanding the principles and skills of rugby* (90min.)
  - Taak 2; *Identify examples of the principles of rugby*
- Module 3: *Applying the principles and skills to team performance* (75min.)
  - Taak 3: *Use the principles to analyse team play*
  - Taak 4: *Identify skill faults*
- Module 4: *Plan practice* (60min.)
  - Taak 5: *Analyse player growth and development*
  - Taak 6: *Understanding the implicit and explicit approaches to coaching*
  - Taak 7: *Plan a team practice*
- Module 5: *Practice demonstration* (90min.)
  - Taak 8: *Demonstrate your practice session*
- Module 6: *Risk management and ethics* (45min.)
  - Taak 9: *Summarise the Rugby Ready resource*
  - Taak 10: *Solve child development and risk management problems*

Module 7: *The laws of the game* (Slegs ʼn bron en konklusie van kursus: 30min.)

**Addendum B**

Die leeruitkomste vir die kursus is dat die afrigter ’n oefening kan beplan wat aan die spelers se behoeftes voldoen, ’n beplande oefensessie kan aanbied, en tydens die beplanning en aanbieding, vaardighede oor die volgende areas na afloop van die kursus gedurende ’n oefensessie kan uitbeeld (IRB, 2011a:6):

a. *Plan and deliver a relevant session*

   *I. State what is intended to be achieved in the session (these are the learning outcomes).*

   *II. Plan the use of skill progression using modified games.*

   *III. Identify the key coaching points.*

   *IV. Plan relevant to group needs.*

   *V. Plan, provide and utilise equipment.*

b. *Deliver a relevant session*

   I. *Group management*

      1. *Ensure a safe and enjoyable environment.*
      2. *Maximise participation.*
      3. *React to group needs.*
      4. *Conduct relevant activities that achieve the learning outcome.*
      5. *Manage the time appropriately.*
      6. *Ensure the pace of the practice.*
      7. *Ensure the flow of the practice.*

   II. *Communication*

1. *Provide clear explanations and directions.*

2. *Check for understanding through listening.*

3. *Demonstrate vocal variety – pitch, pace, tone, volume.*

4. *Provide feedback – relevant, timely, specific.*

5. *Demonstrate questioning technique using both closed and open questions.*

6. *Demonstrate positive body language.*

7. *Conclude session by re-visiting learning outcomes and key coaching points.*

c. *Game knowledge*

I. *The principles of rugby.*

1. *Identify the principles and the skills that are needed to play the game.*

2. *Apply the principles of the game to team play.*

II. *Skill analysis.*

1. *Observe play to identify the standard of skill performance.*

2. *Analyse the performance of the skills using Key Coaching Points.*

3. *Implement appropriate methods to improve skills.*

**Addendum C**

*Rugby Ready*-handleiding:

- Inleiding
- Voor die wedstryd
  - Spelersontwikkeling oor lang termyn
  - Voor deelname
  - Toerusting, omgewing en veiligheidsplan
  - Fisieke kondisie
  - Lewenstyl
  - Opwarming
- Gedurende die wedstryd
  - Beginsels van die spel
  - Algemene spel
  - Die duikslag
  - Die losskrum
  - Die maalskrum
  - Die skrum
  - Die lynstaan
- Na die wedstryd
  - Afwarming en die herstelproses
- Wanneer beserings plaasvind
  - Bestuur van ’n besering
  - Opsomming

**Addendum D**

Die hoofstukgedeeltes binne die BokSmart-handleiding (BokSmart, 2009:7) bestaan uit die volgende:

- Hoofstuk 1: Eet en drink reg vir rugby
- Hoofstuk 2: Effektiewe spel en beheer van die wedstryd

In die hoofstuk word die rol van die skeidsregter genoem asook die take wat die skeidsregter voor die wedstryd moet uitvoer, naamlik:

i. Die speelarea inspekteer, seker maak dat dit veilig is en vry van klippe, slaggate of waterpoele.

ii. Seker maak dat ’n gekwalifiseerde mediese personeellid teenwoordig is en die minimum vereiste van mediese toerusting beskikbaar is wat die volgende insluit: spinale bord, nekstut, spinnekopharnas en kopblokke. Indien enige van die toerusting nie beskikbaar is nie, moet die skeidsregter die tuisspan inlig dat die wedstryd nie gaan begin voordat daar nie aan die minimum vereiste voldoen is nie.

iii. Al die spelers herinner dat terwyl hulle op die veld is, hulle verantwoordelik is vir hul eie sowel as hul opponente se veiligheid.

iv. Die spanne herinner dat hulle onmiddellik spel moet stop wanneer daar op die fluitjie geblaas word.

v. Versoek die spanne om op die skeidsregter se instruksies en versoeke te reageer gedurende die wedstryd.

vi. Gesels met die voorrye oor die skrum se inslaanprosedure en maak seker hulle verstaan die proses.

vii. Voer ’n inspeksie uit van al die spelers se klere en rugbystewels om seker te maak dit voldoen aan die IRB-regulasies.

viii. Moedig spelers aan om met mondskerms te speel.

ix. Hou ’n finale inspeksie van die spelers se klerasie en uitrusting net voor hulle op die veld draf.

Die skeidsregter het ook die verantwoordelik om seker te maak dat die wedstryd in die gees van die spel gespeel word. Die skeidsregter moet die volgende doen:

I. Penaliseer die spelers of spanne wat die spelreëls oortree en op ’n onsportiewe manier optree.

II. Tree beslissend op teen insidente van vuilspel wat die spelers in gevaar kan stel.

III. Maak seker dat voorsorgmaatreëls gedek is tydens die bespreking tussen die skeidsregter en die spanne wat voor die wedstryd plaasgevind het.

IV. Beïnvloed die veiligheid van die spelers op die veld deur vinnig en ferm op te tree teenoor hoog of gevaarlike duikslae.

V. Bepaal die gees/stemming van die wedstryd deur die spelreëls wat die duikslag beheer, streng toe te pas en oortreders te penaliseer.

- Hoofstuk 3: Regverdige spel en die BokSmart-gedragskode

Die gedragskode bestaan uit die volgende:

i. Dissipline op die veld

ii. Vuilspel

iii. Geweld en onbeskofte praktyke soos:

    a. Oë-grouery

b. Byt

c. Krap

d. Skeur van neusgate

e. Kniestoot of -stamp

f. Slaan

iv. Die skeidsregter se rol in die beheer van die wedstryd

v. Skeidsregterbeledigings

vi. Respek vir die opposisie

vii. Bestuur van skare/toeskouers

viii. Die gees van die spel

ix. Professionaliteit

x. Eerlikheid

xi. Integriteit

xii. Wedstrydknoeiery

xiii. Dwelmmisbruik

xiv. Ras- of geloofsbeswaddering

xv. Enige gedrag wat die spel skade kan berokken

- Hoofstuk 4: Bestuur van rugbybeserings
- Hoofstuk 5: Fisieke voorbereiding en hersteltegnieke
- Hoofstuk 6: Gradering van spelers voor deelname

- Hoofstuk 7: Toetsing voor die seisoen en die fisieke profiel van 'n speler
- Hoofstuk 8: Beskermende toerusting in rugby
- Hoofstuk 9: Veiligheid in die speelomgewing
- Hoofstuk 10: Protokol vir ernstige beserings
- Hoofstuk 11: Kragwerk en kondisionering vir effektiewe rugby

Die fisieke vereistes wat rugby aan spelers stel, is kompleks en dit is noodsaaklik dat alle spelers die volgende kenmerke gedurig verder moet ontwikkel:

i. Sterkte
ii. Krag
iii. Spoed
iv. Versnelling
v. Spier-uithouvermoë
vi. Herhaalde naelloopvermoë
vii. Motoriese en koördinasievaardighede
viii. Kardiovaskulêre fiksheid
ix. Spiermassa

Die DVD's wat ingesluit is in die handleiding bestaan uit die volgende:

i. Inleiding
ii. Gradering van spelers voor deelname
iii. Effektiewe spel en beheer van die wedstryd (Gedeelte 1)
iv. Toetsing voor die seisoen en die fisieke profiel van 'n speler

v. Regverdige spel en die BokSmart-gedragskode

vi. Eet en drink reg vir rugby

vii. Fisieke voorbereiding en hersteltegnieke

viii. Kragwerk en kondisionering vir effektiewe rugby

ix. Protokol vir ernstige beserings

x. Veiligheid in die speelomgewing

xi. Bestuur van rugbybeserings

xii. Effektiewe spel en beheer van die wedstryd (Gedeelte 2)

xiii. Beskermende toerusting in rugby

xiv. Konklusie

**Addendum E**

Reël 10.4 (IRB, 2011b)

- Reël 10.4(a): Slaan

’n Speler mag nie ’n teenstander met die vuis of arm (wat elmboog, skouer, kop of knieë insluit) slaan nie.

- Reël 10.4(b): Gestamp van voete en getrappery

’n Speler mag nie op ’n teenstander trap nie.

- Reël 10.4(c): Skop

’n Speler mag nie ’n teenstander skop nie.

- Reël 10.5(d): Pootjie

’n Speler mag nie ’n teenstander pootjie nie.

- Reël 10.4(e): Gevaarlike duikslag

’n Speler mag nie ’n teenstander vroeg, laat of gevaarlik duik nie. ’n Speler mag nie sy teenstander bo die skouerlyn duik nie al het die duikslag onder die skouerlyn begin. ’n Duikslag rondom die teenstander se nek of kop, en ’n duikslag met ’n stywe arm, asook ’n duikslag op ’n speler wat nie die bal het nie, word beskou as gevaarlike spel. ’n Speler mag nie ’n teenstander duik wie se voete van die grond af is nie.

- Reël 10.4(f):Speel ’n opponent sonder die bal

’n Speler mag nie ’n opponent wat nie die bal in sy besit het nie, vashou, stoot of hinder nie behalwe in ’n skrum, losgemaal en maalskrum.

- Reël 10.4(g)(h): Gevaarlike stormloop

’n Speler mag nie ’n opponent wat die bal dra, stormloop of omstamp nie, sonder die gebruik van sy arms of om te gryp na sy opponent nie. Reël 10.4(h) noem dat reël 10.4(g) ook geld vir ’n losgemaal- en maalskrumsituasie.

- Reël 10.4(i): Duikslag op opponent wat spring vir die bal

Die reël sluit aan by reël 10.4(e) en bepaal dat ’n speler nie ’n opponent mag duik, stamp, trek of stoot wat in die lug spring vir ’n bal in die lynstaan of tydens gebroke spel nie.

- Reël 10.4(j): Boorvat

’n Speler mag nie ’n opponent vanaf die grond optel en hom laat val of in die grond in boor terwyl die opponent se voete nog in die lug is nie, en daardeur veroorsaak dat die opponent se kop en/of bo-lyf in kontak kom met die grond nie. Dit word beskou as gevaarlike spel.

- Reël 10.4(k): Gevaarlike spel in die skrum, losgemaal of maalskrum

Die voorry van die skrum mag nie in sy opponent instorm nie, en nie sy opponente opsetlik van hul voete aflig of opwaarts uit die skrum forseer nie. ’n Speler mag nie in ’n losgemaal of maalskrum instorm sonder om aan ’n spanmaat te bind nie. ’n Speler mag nie die skrum, losgemaal of maalskrum opsetlik laat inmekaar val nie.

- Reël 10.4(l): Weerwraak

’n Speler mag nie weerwraak uitoefen nie. Selfs al het die opponent die reëls van die spel verbreek, mag die speler nie enige iets gevaarlik aan sy opponent doen nie.

- Reël 10.4(m): Aksies teen goeie sportmanskap

’n Speler mag niks doen wat teen die goeie gees van sportmanskap is nie.

- Reël 10.4(n): Wangedrag terwyl die bal buite spel is

’n Speler mag nie terwyl die bal buite spel is enige wangedrag pleeg, die opponent verhinder of in enige wyse torring aan ’n opponent nie.

- Reël 10.4(o): Laat stormloop van skopper

’n Speler mag nie die skopper opsetlik stormloop, duik of hinder nadat die skopper die bal geskop het.

- Reël 10.4(p): Bewegende wigformasie en kavalierstormloop

’n Speler mag nie bind aan sy spanmaat en voor hom wees nie. Spelers mag ook nie begin vorentoe storm en spoed optel voordat die bal getikskop is nie.

- Reël 10.4(q): Voordeel

Voordeel mag gespeel word vir aksies van vuilspel, maar indien dit ’n moontlike drie verhinder het, moet ’n strafdrie toegeken word.

- Reël 10.4(r): Lynregter

Indien die lynregter ’n oortreding rapporteer, mag ’n strafskop toegeken word waar die oortreding plaasgevind het of voordeel mag gespeel word.

- Reël 10.4(s): Respekteer die skeidsregter se outoriteit

Spelers moet die skeidsregter respekteer en nie sy beslissings bevraagteken nie. Sodra die skeidsregter se fluitjie blaas, moet die spel stop, behalwe by die afskop en ’n strafskop as gevolg van ’n speler wat gewaarsku is en ’n speler wat permanent of tydelik afgestuur is.

**Bibliografie**

Babbie, E. & Mouton, J. 2006. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press. 674 p.

Beyers, Y. 2003. Skolerugby onveilig en vol risiko's, sê Noakes. *Die Burger*: 3, 17 April.

Boberg, P.Q.R. 1991. *The law of delict*. Cape Town: Juta. 902 p.

Boeije, H. 2010. *Analysis in qualitative research*. London: Sage. 223 p.

Boksmart. 2009. *BokSmart rugby safety programme: a practical guide to playing smart rugby*. Kaapstad: SARU. 59 p.

Boksmart. 2010. Serious and/or catastrophic rugby injuries in South Africa. http://www.sarugby.co.za/BokSmart/ Datum van gebruik: 27 November 2010.

Botha, P. 2001. Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk en swak punte. *Journal of family ecology and consumer sciences,* 29:13-15.

Botha, P. & Oosthuizen, I.J. 2005. The educator as a caring supervisor. (*In* Oosthuizen, I.J., *red*. *Aspekte van die onderwysreg*. 3de uitg. Pretoria: Van Schaik. 281 p.)

Brink, T. 2007. Inligtingshandleiding vir die NWU etiek-aansoekvorm. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Burchell, J.M. 2007. *Principles of Delict 3rd Impression*. Landsdowne: Juta & Co. Ltd. 271 p.

Burke, A. 2010. *Abnormal psychology*. Cape Town: Oxford University Press South Africa. 560 p.

Chris Burger Petro Jackson Spelersfonds. 2009. BokSmart launch: Morné du Plessis speaks on rugby safety. http://playersfund.org.za/Web/Events/Events.aspx?

event=10&RedirectUrl=/Web/Events/Default.aspx?&Page=4&Archived=True Datum van gebruik: 30 Desember 2011.

Creswell, J.W. 2012. *Educational research*. 4th ed. Boston, Mass.: Pearson. 650 p.

Denscombe, M. 2003. *The good research guide for small scale social research projects*. Buckingham: Open University Press. 310 p.

Du Bois, F., *red*. 2007. *Willie`s principles of South African law*. Kaapstad: Juta & Co. Ltd. 1271 p.

Easterby-Smith, M., *et al.* 1997. Management research: an introduction. *Nurse researcher: the international journal of research methodology in nursing and health care,* 11:48.

Engelbrecht, A. 2009. Die ontwerp en toetsing van 'n intervensieprogram vir gesyferdheid vir graad 2- en 3- leerders. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - MEd.)

Fischer, L., Kelly, D. & Schimmel, C. 1999. *Teachers and the law*. 5th ed. New York: Longman. 518 p.

Geldenhuys, N. 2009. UJ: Veilige rugby is ook wenrugby. http://www.beeld.com/XArchive/Kampus-Beeld/UJ-Veilige-rugby-is-ook-wenrugby-20100617# Datum van gebruik: 30 Desember 2011.

Greenfield, S., Osborn, G. & Rossouw, J.P. 2011. The juridification of sport: a comparative analysis of children's rugby en cricket in England and South Africa. *Tydskrif vir regswetenskap*, 36(1):85-104.

Guion, L.A. 2002. *Triangulation: Establishing the validity of Qualitative Studies*. Florida: University of Florida.

Hall, D. & Hall, I. 1996. *Practical social research: project work in the community*. London: Macmillan.

HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.  2005.  5de uitg.  Kaapstad: Pearson Publications.  1448 p.

Henning, E., Van Rensburg, W. & Smit, B.  2004.  *Finding our way in qualitative research*.  Pretoria: Van Schaik.  179 p.

Hennink, M., Hutter, I. & Baily, A.  2011.  *Qualitative research methods*. London: SAGE. 304 p.

Herselman, L.S.  2006.  'n Onderwysregtelike perspektief op sorgsame toesighoudingsplig van die Suid-Afrikaanse opvoeder.  Potchefstroom: Noordwes Universiteit.  Potchefstroom Kampus.  (Verhandeling - MEd.)  183 p.

Hogarty, K.Y., Conley, C. & Kromrey, J.D.  1999.  The development and validation of inquiry beliefs and practices scale.  *Florida journal of educational research*, 39(1):46-78.

Houwing, R.  2012.  *Bok coach recalls Burger death*.  Beskikbaar: www.sport24.co.za/Rugby/Bok-coach-recalls-Burger-death-20121011 Datum van gebruik: 27 Apr. 2013

IRB (International Rugby Board).  2011a.  International Rugby Board, Level 1: Introducing rugby (afrigtingskursushandleiding).  Dublin: IRB.   98 p.  http://www.irb.com  Datum van gebruik: 23 Desember 2012.

IRB (International Rugby Board).  2011b.  The laws of the game Rugby Union.  Dublin: IRB.  196 p.  http://**Error! Hyperlink reference not valid.**  Datum van gebruik: 23 Desember 2012.

IRB (International Rugby Board).  2011c.  Rugby ready handbook.  Dublin: IRB. 60 p.  http://**Error! Hyperlink reference not valid.**  Datum van gebruik: 23 Desember 2012.

Jordaan, M. & Steenkamp, L.  2006.  Top-skole sê hulle is klaar met beker-rugby.  *Rapport*: 2, 27 Augustus.

Joubert, R. & Groenewald, B. 1998. *Beginsels vir suksesvolle afrigting*. Kaapstad: SARVU. 210 p.

Joubert, R. & Prinsloo, S. 2001. *Education law: a practical guide for educators*. Pretoria: Van Schaik Publishers. 296 p.

Kleyn, D. & Viljoen, F. 2010. *Beginnersgids vir regstudies*. Claremont: Juta. 330 p.

Levinson, J. 2002. *Contributory negligence*. EMIS Professional Publishing. 314 p.

Lionsrugby. 2011. 2012 IRB courses. http://www.lionsrugby.co.za/index.php/glru/coaching-courses-/1617-2012-irb-courses Datum van gebruik: 26 Desember 2012.

Liversage, M.D.E. 2003. Die moeder se persepsie, belewenis, en hantering van etiket 'leergestremd' vir haar kind. Pretoria: Unisa. (Verhandeling - MEd.)

Loubser, M.M., Midgley, J.R., Mukheibir, A., Niesing, L. & Perumal, D. 2010. Deliktereg in Suid-Afrika. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa. 472 p.

Lourens, V. 1995. Meer en reg oefen slaan rugbybeserings by jonges hok. *Die Burger:* 15, 27 Junie.

Maree, K., *red*. 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik. 334 p.

McKerron, R.G. 1971. *The law of delict*. Cape Town: Juta. 342 p.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: a guide to design and implementation*. San Francisco, Calif.: Jossey-Bass. 286 p.

Miles, M.B. & Huberman, A.M. 1994. *Qualitative data analysis*. 2nd ed. London: Sage. 330 p.

Mouton, J. 2002. *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik. 272 p.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1988. *Basic concepts in the methodology of the social sciences*. Pretoria: Human Sciences Research Council. 296 p.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. 3de . Pretoria: RGN-Uitgewers. 310 p.

Neethling, J. & Potgieter, J.M. 2010. *Deliktereg*. Pietermaritzburg: Interpak Books. 467 p.

NWU (Noordwes Universiteit). 2010. *Handleiding vir nagraadse studie*. Potchefstroom. 51 p.

Oosthuizen, I.J., Botha, P., Bray, W., Mentz, P.J., Van der Westhuizen, P.C. & Van Kerken, E.T. 2003. *Aspekte van die onderwysreg*. Potchefstroom: Keurkopie. 281 p.

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative research and evaluation methods*. 3rd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage. 598 p.

Posthumus, M. & Viljoen, W. 2008. BokSmart: safe and effective techniques in rugby union. *South African journal of sport medicine*, 20(3):64-68.

Pretorius, F. 2009. Wat is die belangrikste regsbeginsels ten opsigte van die aanspreeklikheid van beheerliggame en openbare skole. http://www.vvd.co.za/index.php/faqs-entry/wat_is_die_belangrikste_regsbeginsels_ en_opsigte_van_die_aanspreeklikheid_/ Datum van gebruik: 21 April 2009.

Rademeyer, A. 2008. Ongelukke by skole kon verhoed gewees het. *Beeld:* 12, 26 Januarie. http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2008/01/26/B1/12/tarveiligheid.html Datum van gebruik: 13 November 2010.

Republiek van Suid-Afrika. 1993. Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, Wet 85 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1998. Wet op die Indiensneming van Opvoeders, Wet 76 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2005. Kinderwet, Wet 38 van 2005. Pretoria: Staatsdrukker.

Rossouw, J.P. 2005. An introduction to sport law for SA schools. Potchefstroom: Platinum Press. 152 p.

Rossouw, J.P. & Keet, W. 2011. Deliktuele aanspreeklikheid van die afrigter in skolesport-sekuriteitsaangeleentheid. *P.E.R.*,14(6):16.

Rossouw, M.C. 2011. ’n Arbeidsregtelike perspektief op die werksvervulling van die graad R-opvoeder. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. Potchefstroom Kampus. (Verhandeling - MEd.) 204 p.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 2005. *Qualitative interviewing*. London: SAGE. 291 p.

SA ***kyk*** Republiek van Suid-Afrika

SABC-Nuus. 2009. SA Rugby launches national safety programme. SABC: 9 July. http://www.sabcnews.co.za/portal/site/SABCNews/menuitem.5c4f8fe7ee929f602ea12ea1674daeb9/?vgnextoid=9bd8784b1ff52210VgnVCM10000077d4ea9bRCRD&vgnextfmt=default Datum van gebruik: 12 Desember 2012.

SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie). 2010. Nuusflits: Aanspreeklikheid van skole en onderwyspersoneel. *SAOU Nuusflits*: 12 April. http://www.saou.co.za Datum van gebruik: 12 Desember 2012.

SARU (Suid-Afrikaanse Rugby Unie). 2011a. BokSmart Random Safety Audit: practical guidelines document. *SA Rugby*: 25 Mei. http://www.BokSmart.co.za Datum van gebruik: 12 Desember 2012.

SARU (Suid-Afrikaanse Rugby Unie). 2011b. Constitution of the South African Rugby Union. *SA Rugby*. http:// www.sarugby.net Datum van gebruik: 12 Desember 22012.

SARVU (Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie). 2001. Gevorderde rugby tegnieke en taktiek. Kaapstad: Graphics & Printing. 308 p.

Schouwstra, A.W. 2008. Die sorgsame toesighoudingspraktyk van opvoeders in histories Afrikaanse sekondêre skole in die Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. Potchefstroom Kampus. (Verhandeling - MEd.) 253 p.

Schwandt, T.A. 2007. *The Sage dictionary of qualitative inquiry*. London: SAGE. 388 p.

Sharksrugby. 2011. Playing affairs: couching courses. http://**Error! Hyperlink reference not valid.** Datum van gebruik: 26 Desember 2012.

Simon, J.L. 2003. *The art of empirical investigation*. USA: Transaction Publishers. 558 p.

Smit, M.H. 2009. Uitleg van wette. Potchefstroom. 18 p. [PowerPoint-aanbieding.]

Sportredaksie. 2010. BokSmart onderskryf veiliger rugby. *Die Beeld*: 30 Maart. http://m.news24.com/beeld/Sport/Rugby/BokSmart-onderskryf-veiliger-rugby-20100330. Datum van gebruik: 8 Julie 2010.

Squelch, J. 2001. Do school governing bodies have a duty to create safe schools? An educational law perspective. *Perspective in education*, 19(4):137-149.

Terblanche, L. 1989. Program kom teen rugbybeserings. *Die Burger*: 7, 8 Julie. http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1989/07/08/7/10.html Datum van gebruik: 8 Julie 2010.

Thomas, P. 2012. Die resepsie van Romeinse reg in die Suid-Afrikaanse regstelsel: *stare decisis* en *curia ius novit*. LitNet Akademies.,9(3):1.

http://www.litnet.co.za/Article/die-resepsie-van-romeinse-reg-in-die-suid-afrikaanse-regstelsel-stare-decisis-en-curia Datum van gebruik: 12 Julie 2013

Train, B. & Ahmed, R. 2007. *Fresh perspectives*: Inleiding tot sielkunde. Suid-Afrika: Pearson. 498 p.

Van Zyl, A. 2008. Nekbeserings in rugby onder vergrootglas. *Die Volksblad*: 9, 22 April.

Wellington, J.J. 2000. *Educational research: contemporary issues and practical approaches*. London: Continuum. 212 p.

Wisker, G. 2008. *The postgraduate research handbook*. 2nd ed. New York: Palgrave Macmillan. 428 p.

Wong, G.M. 2010. *Essentials of Sports Law*. 4th ed. California: ABC-CLIO. 899 p.

**Lys van hofsake**

*Boshoff v Boshoff 1987 (2) SA 695 (O)*

*Denise Franks v MEC for the department of health for the province of Kwazulu-Natal (2958/02)* [2010] *ZAKZPHC 1*

*Hattingh v Roux NO and Others (18650/07) [2011]*

*Hawekwa Youth Camp v Byrne* (615/2008) [2009] ZASCA 156

*Louw en 'n Ander v LUR vir Onderwys en Kultuur, Vrystaat, en 'n Ander* [2006] 4 All SA 282 (O).

*Lubbe v Jacobs 2003* JOL 11496 (T)

*MEC for Education and Culture, Free Sate v Louw* [2006] 1 SA 192 (HHA)

*Mountford v Newlands School and another 2007 EWCA Civ 21*

*Smoldon v Whitworth and Nolan* [1997] PIQR P133.

*Vowles v Evans and Others* 2002 EWHC 2612 (QB)

*Wessels v Hall and Pickles (Coastal) (Pty) Ltd* 1985 (4) SA 153 (C)